'n EKSPERIMENTELE STUDIE OOR DIE RESULTAAT VAN VEELVULDIGE LEESWERK EN BESONDERE METODES VAN TAALONDERRIG OP DIE UITBREIDING VAN WOORDESKAT VAN ST. 2 TOT 5 IN DIE MOEDERTAAL.

DEUR

HENDRIK CHRISTOFFEL BOSHOFF, B.A., B.ED.

VOORGELÊ TER GEDEELTELIKE VERVULLING VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD MAGISTER EDUCATIONIS,

IN DIE FAKULTEIT OPVOEDKUNDE,

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS.

PROMOTOR: PROF. DR. H. J. J. BINGLE.

1958.

- - - - - - -

V O O R W O O R D .

Die skrywer was oor 'n tydperk van 12 jr., waarvan vier as hoof, verbonde aan 'n groot skool waarvan die grootste meerderheid van die kinders uit die agterbuurtes van Johannesburg afkomstig is. Daarna was hy vir twee jaar hoof van 'n nuwe „gegoede" skool waar daar nog min voorsiening gemaak was vir 'n behoorlik toegeruste biblioteek. By die eerste skool en ook tot 'n mate by die tweede het hy onder die indruk gekom van die beperkte woordeskatvermoë van die leerlinge. Dit het veral verder opgeval dat die swakker groep leerlinge in elke standerd gewoonlik 'n skraal woordeskat, beperkte leesvermoë en 'n swak leeslus het.

Die doel van hierdie eksperiment is om vas te stel tot watter mate veelvuldige lees en direkte woordeskatuitbreiding in die moedertaal, daartoe kan bydra om die woordeskat by leerlinge te verbeter en om die algemene peil van lees gevolglik te verhoog.

Die skrywer voel opregte dank en waardering verskuldig aan al die ondergenoemdes vir hulle onbaatsugtige hulp en tegemoetkomings in verband met hierdie werk.

1. Prof. dr. H.J.J. Bingle, Dekaan van Opvoedkunde, na wie ek met die grootste vrymoedigheid kon gaan vir hulp en leiding. Sy vriendelike en insiggewende raad en aanmoediging het vir die skrywer steeds as stukrag gedien.

ll. Mnr. C.B. Linder, Inspekteur van Onderwys, vir sy vriendelike tegemoetkomendheid, belangstelling en wyse raad in verband met die deurvoering van die eksperiment.

lll. Mnr. H. Houy wat baie vriendelik goedkeuring verleen het om 'n kontrolegroep, waarsonder die eksperiment nie deurgevoer kon word nie, by sy skool beskikbaar te stel.

lV. Mnr. R.G. Post van die Sielkundige Afdeling, Transvaalse Onderwysdepartement, vir die beskikbaarstelling van die norme vir paragraafbegrip, woordeskat, leesspoed, sinne en taalgebruik, asook vir die praktiese wenke.

V. Die skrywer se vrou en kinders vir geduld en opoffering.

Die Skrywer.

I N H O U D.

HOOFSTUK 1.

Bladsye.

DIE BELANGRIKHEID VAN TAALONDERRIG, LEES EN WOORDESKATUITBREIDING IN DIE MOEDERTAAL.

(1) HISTORIESE INLEIDING. 1.

(2) DIE SPESIFIEKE DOEL MET DIE ONDERWYS VAN DIE MOEDERTAAL. 1.

(a) Impressief. 2.

(b) Ekspressief. 2.

(3) DIE AFSONDERLIKE AFDELINGS VAN DIE MOEDERTAAL AS SKOOLVAK. 3.

(4) DIE ALGEMENE DOELEINDES VAN TAALONDERRIG. 4.

(5) LEES.

(1) Doel. 5.

(2) Die opvoedkundige en sosiale belangrikheid van leesvermoë. 5.

(3) Die funksionele analise van lees. 9.

(4) Letterkunde as ontspanning. 10.

(5) Lees as 'n middel om ander vakke te verstaan en te leer. 11.

(6) Verbetering van die leesvermoë. 13.

(7) Meting van taal en lees. 20.

(a) Inleidend. 20.

(b) Taaltoetse. 21.

(c) Leestoetse. 22.

(8) Woordeskat.

(i) Inleidend. 25.

(ii) Doel. 28.

(iii) Woordeskatuitbreiding. 29.

Bladsye.

B. Woordherkenning. 36.

C. Die Gebruik van die Woordeboek. 41.

D. Metode vir die ontwikkeling van woordeskat betekenisse by kinders. 42.

(1) Kinders vanaf die kleuterskoolstadium tot graad I. 43.

(2) Kinders vanaf graad II tot St. 1. 45.

(3) Kinders vanaf St. 2 en hoër. 46.

E. Meting en Woordeskat. 50.

(6) SAMEVATTING. 51.

HOOFSTUK 11.

EIE ONDERSOEK.

(1) DIE DOEL MET HIERDIE ONDERSOEK. 53.

(2) TOETSE VIR DIE EKSPERIMENT.

(a) Keuse van die toetse. 53.

(b) Inhoud van die toetse. 54.

(c) Tye van die verskillende toetse en die toepassing van die toetse. 55.

(3) PROEFSKOLE, PROEFNEMER EN PROEFPERSONE.

(a) Proefskole en proefnemer. 55.

(b) Die proefpersone. 56.

(4) BEPALING VAN DIE INTELLIGENSIE KWOSIËNTE. 61.

(5) TOEDIENING VAN DIE EERSTE REEKS TOETSE.

(a) Prosedure by die toepassing van die toetse. 65.

(b) Nasien van die toetse. 66.

(c) Norms. 66.

(i) Vergelyking van die K.O., V.O. en die prestasieouderdom in woordeskat, ens.. 68.

(ii) Vergelyking van individuele prestasies in elke klas. 70.

(d) Skolastiese Kwosiënte 70.

Bladsye.

(i) Die skolastiese peil van n leerling in n besondere vak. 71.

(ii) Die vordering van die leerling in n vak. 71.

(iii) Inspanning. 71.

(6) INTERPRETASIE VAN DIE EERSTE TOETSRESULTATE. 72.

(7) METODES OM DIE WOORDESKAT UIT TE BREI DEUR VEELVULDIGE LEESWERK EN BESONDERE METODES VAN TAALONDERRIG. 83.

A. Inhoud. 83.

B. Metode. 84.

1(i) Lees. 87.

(ii) Klasbiblioteekboeke. 89.

(iii) Ander leesstof. 89.

2. Taalonderrig. 91.

3. Keuse van die woorde. 94.

(8) TOEDIENING VAN DIE OPVOLGTOETSE EN DIE RESULTATE.

A. Prosedure. 95.

B. Interpretasie. 96.

C. Agteruitgang van Standerds 4 en 5 in die kontrolegroep. 122.

D. Ontoereikende Norme. 123.

(9) FINALE GEVOLGTREKKINGS. 124.

(10) SLOTOPMERKINGS. 130.

BIBLIOGRAFIE.

A. BOEKE. 132.

B. TYDSKRIFTE. 135.

TABELLE. Bladsye.

I. Verdeling van Proefpersone. 59.

II. Gemiddelde I.K.'s van die klasse wat in die toetsgroep in skool A deelgeneem het. 62.

III. Gemiddelde I.K.'s van die klasse in kontrolegroep A in skool A. 63.

IV. Gemiddelde I.K.'s van die klasse in kontrolegroep B in skool B. 64.

V. Leerlinge in die toetsgroep en kontrolegroep A wat die eerste reeks toetse in April 1957 afgelê het. 65.

VI. Leerlinge in die toetsgroep en kontrolegroep A wat die opvolgtoetse in September 1957 afgelê het. 65.

VII. Middelouderdomme van leerlinge in Transvaalse Blanke Openbare skole:(Volgens ouderdomstabelle van Junie 1954. 67.

VIII. Toetsresultate van standerd 2 in April 1957. 73.

IX. Verhouding van die werklike st. tot die V.O. st. en die behaalde st. in st. 2, April. 75.

X. Toetsresultate van standerds 3 in April 1957. 76.

XI. Verhouding van die werklike st. tot die V.O. st. en die behaalde st. in st. 3, April. 77.

XII. Toetsresultate van standerds 4 in April 1957. 79.

XIII. Verhouding van die werklike st. tot die V.O. st. en die behaalde st. in st. 4, April. 80.

XIV. Toetsresultate van standerds 5 in April 1957. 81.

XV. Verhouding van die werklike st. tot die V.O. st. en die behaalde st. in st. 5, April 82.

XVI. Toetsresultate van standerds 2 in September 1957. 98.

Bladsye.

XVII. Vergelykende tabel vir die verskillende groepe in st. 2. 99.

XVIII. Verhouding van die werklike st. tot die V.O. st. en die behaalde st. in st.2, September. 101.

XIX. Toetsresultate van standerds 3 in September 1957. 103.

XX. Vergelykende tabel vir die verskillende groepe in st. 3. 105.

XXI. Verhouding van die werklike st. tot die V.O. st. en die behaalde st. in st. 3 , September. 106.

XXII. Toetsresultate van standerds 4 in September, 1957. 108.

XXIII. Vergelykende tabel vir die verskillende groepe in st. 4. 110.

XXVI. Verhouding van die werklike st. tot die V.O. st. en die behaalde st. in st. 4, September. 112.

XXIV. Vergelykende tabel van taalgebruik en skolastiese prestasie in st. 4 in April 1957. 113.

XXV. Vergelykende tabel van taalgebruik en skolastiese prestasie in st. 4 in September 1957. 114.

XXVII. Toetsresultate van standerds 5 in September 1957. 115.

XXIX. Vergelykende tabel vir die verskillende groepe in st. 5. 117.

XXX. Vergelykende tabel van taalgebruik en skolastiese prestasie in st. 5 in April 1957. 119.

XXXI. Vergelykende tabel van taalgebruik en skolastiese prestasie in st. 5 in

Bladsye.

XXXII. Verhouding van die werklike st. tot die V.O. st. en die behaalde st. in st. 5, September. 121.

XXXIII. Verspreiding van toetse waarin st.5-leerlinge hoër as st. 10, November gepresteer het. 124.

XXXIV. Vordering in die onderskeie toetse deur elke standerd in die toetsgroep volgens die kwosiënte. 125.

GRAFIEKE.

Bladsye.

1. Vergelykende profiele van alle st. 2-leerlinge in April en September 1957. 97.
2. Vergelykende profiele van alle st. 3-leerlinge in April en September 1957. 104.
3. Vergelykende profiele van alle st. 4-leerlinge in April en September 1957. 109.
4. Vergelykende profiele van alle st. 5-leerlinge in April en September 1957. 116.

B Y L A E S .

	Bladsy.
Bylae 1.	i.
Bylae 2.	xv.
Bylae 3.	xvii .

HOOFSTUK 1.

DIE BELANGRIKHEID VAN TAALONDERRIG, LEES EN WOORDESKATUITBREIDING IN DIE MOEDERTAAL.

(1) HISTORIESE INLEIDING:

Gedurende die tydperk van die Griekse en Romeinse klassieke het taal en letterkunde die hele onderwys beheers.[1] Hierdie toestand van sake is oorgedra aan Wes-Europa en eers aan die begin van die Renaissance-tydperk het letterkundes in die volkstale ontstaan. Aanvanklik was daar baie geringe aandag gegee aan die moedertaal omdat sekondêre onderwys beperk was tot die studies van klassieke tale en letterkundes. Met die verskyning van die moedertaal was die onderrig geskoei op die lees van die dooie klassieke tale. Die wese van die moedertaal was aanvanklik nie begryp nie want die opvatting van die moedertaal was die gevolg van gebrek aan kennis t.o.v.die wese van die taal enersyds en die wese van die kind andersyds. 'n Lang worsteling met grammatika het begin en dit loop uiteindelik uit op die huidige interpretasie van die studie van die moedertaal.

Die moedertaal is teenswoordig in alle beskaafde lande die sentrale vak op skool omdat orals erken word dat die ware opvoeding by die moedertaal begin.[2]

---

(2) DIE SPESIFIEKE DOEL MET DIE ONDERWYS VAN DIE MOEDERTAAL.

Die spesifieke doel met die onderwys van die moedertaal is tweërlei, nl.[3]

---

1) Bingle, Die Moedertaal, (hoofstuk) in Beginsels en Metodes van die Middelbare Onderwys, 63 - 66.

2) Ibid., 67

(a) Impressief, d.w.s. van die gesigspunt gesien van die invloed wat die onderwyser op die kind uitoefen; die verstaan of begryp van die taal, die gesproke sowel as die geskrewe woord.

Hier word die leerling gelei om:

(i) die skone, verhewene, kunsvolle, die ewige, verheffende, karakterbouende in die taal en letterkunde te besef, te geniet en op te neem;

(ii) kennis op te doen van die eie, die oorgelewerde, dit lief te kry, te wil bevorder, vir behoud en uitbou te wil stry, en sonder chauvinisme ander man se goed na waarde te leer skat;

(iii) kennis op te doen van eie idioom, spreekwyse, woordafkoms, verklaring, sinsbou, grammatiese funksies, styl, sinsverband van taal, geskiedenis van taal en lettere.

(b) Ekspressief, d.w.s. gesien aan die oogpunt van die selfwerksaamheid van die leerling; die gebruik van die taal, die gesproke sowel as die geskrewe woord. Hier moet die leerlinge daarna strewe om:

(iv) met die juiste intonasie, aksent, leestempo, met verstand en gevoel vlot hard-op te lees;

(v) saggies te lees, alleen om die betekenis te verstaan;

(vi) met verstand en gevoel voor te dra d.w.s. nadink en navoel wat deur die woordkunstenaar se siel gegaan het;

(vii) eie gedagtes ordelik en logies in die beskaafde taal op die gebruiklike wyse onder woorde te bring, mondeling en skriftelik.

(3) DIE AFSONDERLIKE AFDELINGS VAN DIE MOEDERTAAL AS SKOOLVAK.

Dr. Bingle gee die volgende indeling:[1)]

„Dit is gebruiklik om die onderwys in die moedertaal in die volgende afdelings in te deel: (a) letterkunde, (b) taalkennis, (c) taalbeheer, en (d) kunswaardering, of soos dit gewoonlik minder juis in die klaskamer genoem word: voorgeskrewe werke, grammatika, opstel en mondeling."

(a) Ter bereiking van die doel om die leerlinge die taal te leer verstaan (Impressief):

(1) Lees.

(2) Taalkennis: grammatika, spelling, interpunksie, ens.

(3) Woordeskat.

(4) Luisteroefeninge.

(b) Ter bereiking van die doel om die leerlinge die taal te leer gebruik (Ekspressief):

(1) Opstel: mondeling en skriftelik.

(2) Ander steloefeninge, direkte en indirekte rede, samespraak, verslae.

(3) Voordrag: resiteer en praat.

Vir die doel van hierdie ondersoek sal hoofsaaklik volstaan word by afdeling (a) die impressiewe en hier weer in meer besonder by (1) lees en (3) woordeskat.

---

1) Bingle, Die Moedertaal, 71 - 72.

(4) DIE ALGEMENE DOELEINDES VAN TAALONDERRIG.

Professor Mario Pei stel die belangrikheid van die moedertaal soos volg:„ We should cultivate our own language, and try to use it effectively, both when we speak and when we write..... We should constantly keep in mind what a priceless gift language in general is, how it aids all our activities and makes co-operation and civilization possible. Without language we sink to the level of animals. With language there is practically no achievement that we need be afraid to try for. Language is the highest form of material power that mankind has been endowed with, and the foundation for all the other powers we have achieved or shall achieve in the future."[1] Die moedertaal is die regterhand van die siel en die draer van alle kultuur, wetenskap, kuns, wysheid, godsdiens, maatskaplike lewe of soos die Patriotters gesê het:„Die Taal is gans die Volk." Die belangrikheid van die moedertaal word deur talle deskundiges baie sterk op die voorgrond gestel. So praat Michael West [2] in sy Bilingualism o.a.:„A man who forgets his mother tongue forgets himself" ; en n Engelse staatsrapport, The Teaching Of English In England :„Language is not merely the medium of thought, it is the very stuff and process of it." [3] H.A.Steyn haal dan die kostelike vergelyking soos volg uit die bron:[4]„ As n kind in rekenkunde of aardrykskunde of

---

1) Pei, All About Language, (boekbespreking) in High Points, 4.
2) West, Bilingualism, 47.
3) O.H.M.S., The Teaching of English in England, 20.
4) Steyn, Moedertaal Onderwys, 18.

geskiedenis of die tweede taal agter raak deurdat dit verwaarloos word, as hy nie deeglike onderwys in so 'n vak kry nie, beteken dit eenvoudig dat hy in die vak vertraag is en sy agterstand weer kan inhaal. Maar agterstand in die moedertaal is agterstand in die geestelike ontwikkeling self, agterstand in die ontwikkeling van sy geesvermoëns, sy siel."

Om die saak meer prakties en in terme van die skoolonderrig te stel is die doeleindes van taalonderrig om die vermoë te ontwikkel om korrekte, vloeiende en interessante taal aan te wend in die lewenssituasies waar taal nodig is.[1] Baie sodanige toestande ontstaan beide binne en buite die skool. Ook moet die belangrike gebruik van die taal as 'n middel tot denke nie uit die oog verloor word nie, want denke vind nie noodwendig uiting in skriftelike of mondelinge vorm nie.

---

(5) LEES.

(1) Doel: Hier het dit veral te doen met saggies lees, alleen om die betekenis noukeurig te verstaan. Die doel is nie net om genot te verskaf nie, maar om 'n basis vir die taalwerk te kry en om sodoende die taal te leer verstaan.[2] Dit slaan hier op doelstelling 5 met die onderwys van die moedertaal.

(2) Die Opvoedkundige en Sosiale Belangrikheid van Leesvermoë.

Die vermoë om met ander in verbinding te tree deur medium van taal is 'n fundamentele noodsaaklikheid vir die maatskappy, en die ontwikkeling van die

---

1). Nelson, Tests and Measurements in Elementary Education, 139.

bekwaamhede wat nodig is vir omgang, vorm 'n belangrike deel van die laerskoolleerplan.[1)&2)] 'n Geslag gelede is lees, opstel, spel en skrif beskou as aparte vakke en elkeen was apart onderrig; min aandag was bestee aan die ontwikkeling van doeltreffende mondelinge mededeling. Vandag word die eenheid van die „taalkunste" beklemtoon. Praat en skryf is die beeldende fases; luister en lees is die ontvanklike fases; al vier het te doen met die meedeel van kennis, gedagtes, idees en gevoelens.

Een van die mens se belangrikste aktiwiteite is dan om onderlinge omgang van gedagtes voort te sit. Dit word gedoen met behulp van die verskillende soorte aanwendings van taalgebruik.[3)] Gedagtes word oorgedra deur die spreektaal en die skryftaal en die mens ontvang dit deur te hoor wat ander praat, en te lees wat ander skryf.

Een van die belangrikste take van die skool is om daardie taalgebruike te leer wat die individu die beste daartoe in staat sal stel om met ander omgang te hê. Hy moet weet hoe om te praat en te skryf om uiting aan sy gedagtes te gee. Hy moet kan lees om ander se gedagtes in hulle skriftelike vorm te verstaan en te volg. Hy moet kan lees vir sy algemene geestelike ontwikkeling.

Om in hierdie behoeftes te voorsien het die laerskool 'n aantal vakke in sy leerplan bekend as die taalkunste, nl. spelling, opstel en taal, skrif, lees en letterkunde. McKee beklemtoon:„The more commonly and frequently or crucially a particular item is needed in

---

1). Torgerson and Adams, Measurement and Evaluation, Hoofstuk 11.
2). Transvaalse Onderwysdepartement, Voorgestelde Leerplanne vir Grade-Standerd VIII.

the activities of modern life the more important it becomes for the elementary school. It is understood, however, that only those desirable common and frequent needs which are not learnt adequately elsewhere and which are too difficult for the child to learn are to become the work of the elementary school. It is understood further that among the common and frequent needs those that have the value of permanency are more important than those that are temporary in their use."[1)] Hierdie teorie van sosiale nuttigheid is volgens McKee verantwoordelik vir meeste van die navorsing i.v.m. wat presies in 'n betrokke vak onderrig moet word.

Die oplossing van baie klasprobleme in die moderne klaskamer is geleë in die nuttige gebruik van boeke as bronne van informasie.[2)] Lees is dus nie net vinnige komprehensie van gedrukte simbole en die onthou en organiseer van die stof wat gelees is nie. Dit behels die vermoë om 'n boek en biblioteke as bronne van informasie nuttig te kan gebruik. Die neiging om lees as die belangrikste hulpmiddel in die leerproses aan te wend het daartoe gelei dat daar 'n hoë korrelasie is tussen lees en feitlik elke ander skoolaktiwiteit.[3)] Om kennis in te win en ook plesier te vind van die inhoudsvakke soos geskiedenis, aardrykskunde, wetenskap, letterkunde en selfs rekenkunde is dit noodsaaklik dat die kind goed kan lees.

Gedurende die afgelope aantal jare ontstaan 'n groter waardering vir die belangrike rol van lees in die maatskappy. Gray[1)] sê dat lees 'n onontbeerlike middel is om

---

1).McKee, Language in the Elementary School, 7.
2).Green, Jorgenson and Gerberich, Measurement and Evaluation in the Elementary School, 326.

volwassenes op hoogte te hou met die daaglikse gebeure, met betekenisvolle sosiale probleme, met plaaslike en nasionale strydvrae en met nasionale instellings, ideale en aspirasies. Dit is verder noodsaaklik om beroepsgeskiktheid, vergroting van jou algemene kennis en om jou vrye tyd waardevol en aangenaam deur te bring, te bekom. Die massa gedrukte materiaal wat die gemiddelde volwassene moet lees en waardeer, selfs net binne die beperkinge van sy eie belangeveld, is enorm. Hierdie toedrag van sake vereis dat 'n goeie leesvermoë in die skool 'n essensiële of noodsaaklike vereiste is.

Die noodsaaklikheid van 'n hoë peil van leesvermoë aan die kant van kinders en volwassenes word ten volle besef sodra erken word dat die groot massa feite wat bemeester moet word uit boeke afkomstig is, of verkry word deur lees. Die saak word nog belangriker wanneer ons moet erken dat dit voorkom asof die leespeil oor die algemeen laag is by diegene wat dit juis tot 'n groot mate nodig het.[1)]

'n Opsomming van leesvermoëns deur Horn en McBroom,[2)] aangevul deur 'n funksionele analise van Yoakam[3)] sowel as 'n analise van leesaktiwiteite van hoërskoolleerlinge deur Gray[4)] word deur Greene, Jorgenson en Gerberich[5)] gegee:

---

1) Greene, Jorgenson and Gerberich, Measurement and Evaluation in the Elementary School, 327.
2) Horn and McBroom, A Survey of the Course of Study in Reading, (artikel) University of Iowa Extension Bulletin, soos aangehaal deur Greene, Jorgenson & Gerberich.
3) Yoakam, Reading and Study, 54 - 56.
4) Gray, The Relation between Study and Reading, 580-586.
5) Greene, Jorgenson and Gerberich, ibid., 388.

(3) n Funksionele Analise van Lees:

(A). Lees gedurende die vrye tyd.

(I) Hardop lees.

1. Vir die vermaak van ander.
2. Vir eie vermaak.
3. Vir die waardering van skoonheid en uitdrukking.
4. Ter beoefening van uitdrukking.

(II) Stillees.

1. Vir eie verbetering.
2. Vir eie vermaak.
3. As plaasvervangende ervaringe.
4. Vir waardering.
5. Vir oefening.

(B). Werktipes van lees.(Die grootste gedeelte van leestyd)

(I) Hardop lees.

1. Vir die vermaak van ander.
2. Vir die onderrig van ander.
3. Vir die aanleer van nuwe uitdrukkingswyses.
4. Vir die uitbreiding van woordeskat.

(II) Stillees. (Vernaamste aspekte van werktipes van lees).

1. Voorbeelde van spesifieke situasies waarin stil gelees word.
   (a) Om feite te versamel sodat n oordeel gevel kan word.
   (b) Om kennis in te win i.v.m. n probleem wat opgelos moet word.
   (c) Om feite of opinies te bevestig.
   (d) Om agtergrond te verkry vir beoogde aksie.

(f) Om spesifieke kennis op te doen.

(g) Om stof se waarde te bepaal ten opsigte van spesifieke gebruik.

(h) Om 'n basis vir die formulering van 'n opinie van gegewens of bewerings te verkry.

(i) Om die essensiële elemente van 'n argument te analiseer.

(j) Om die woordeskat uit te brei.

(k) Om beter en doeltreffender maniere van uitdrukking te kry.

(l) Om die tegniese en die samehangende betekenisse van woorde te kry.

(m) Om die basis vir 'n kritiese ondervraende houding oor 'n polemiese vraagstuk te bekom.

(n) Om 'n basis te kry om 'n spesifieke situasie te verstaan.

(o) Om aan die behoefte te voldoen om nuwe probleme te stel en die antwoorde daarop te vind.

(III) Essensiële vermoëns wat vereis word deur die werk-studie tipes van lees en die metodes wat voorgestel word om dit te verkry, kan beperk word net tot die volgende omdat die ander aspekte nie van belang is vir hierdie ekperiment nie. Greene, Jorgenson en Gerberich beveel hier slegs die metodes aan wat in die standaard leesboeke aangedui is om die bedrewenheid om nuwe woorde te herken uit te brei.

(4) <u>Letterkunde as ontspanning</u>.

„Literature," said a great critic years ago, „is not an object study, but a mode of pleasure; it is not a

thing to be known, but to be lived."[1] Kinders hou van boeke wat hulle verbeelding prikkel, ontspanning aanbied, hul sin vir humor prikkel, of hulle die geleentheid bied om die grense van tyd, plek en omstandighede te oorskry. Liefde vir lees is een van die grootste geskenke wat die skool of huis aan kinders kan gee, en liefde vir lees ontstaan alleenlik deurdat boeke vir kinders plesier verskaf. Daar is drie noodsaaklike elemente om persoonlike lees aan te moedig en om 'n letterkundige program te laat slaag:[2]

(1) 'n Belese, entoesiastiese en simpatieke onderwyser.

(2) 'n Wye boekkeuse.

(3) 'n Uitgewerkte program van ervaringe met boeke.

(5) <u>Lees as 'n middel om ander vakke te verstaan en te leer.</u>

Vertraging in die inhoudsvakke kan dikwels toegeskryf word aan vertraging van die basiese bedrewenheid: lees. 'n Kind wat nog nie 'n genoegsame woordeskat opgebou het, wat hy met gemak kan uitken nie sowel as metodes aangeleer het om woorde vir homself te ontsyfer en op te bou nie, sal nie daarin slaag om 'n leeswoordeskat op te bou , of om 'n hoë leesspoed en die bedrewenheid van leesbegrip baas te raak nie.[3] Tog gebeur dit dat leerlinge wat beskou word as redelike lesers druip in sekere inhoudsvakke soos geskiedenis en aardrykskunde. In die Cleveland Opname [4] het hierdie toestand geblyk. Die

---

1) National Society for the Study of Education, Yearbook XLVIII, 206. (Soos aangehaal uit Woodberry G.E., The Appreciation of Literature, 14, New York, Harcourt, Brace, & Co. ; 1922)
2) Smith, Literature and Personal Reading, 210.
3) Torgerson and Adams, Measurement and Evaluation, 211.
4) National Society for the Study of Education, 24th Yearbook, 97.

verhouding van leesdruipelinge tot druipelinge in ander vakke is baie klein. Die rede is voor die hand liggend. Die lees in die sogenaamde leesperiode is hoofsaaklik toegespits op verhalende leesstof. Navorsing het getoon dat 'n leerling wat verhalende stof[1] redelik goed kan lees, swak lees wanneer hy 'n rekenkundige probleem[2] of die voorskrifte van 'n taaloefening moet volg. Dit dui daarop dat 'n groot verskeidenheid van leesbedrewenhede ontwikkel moet word alvorens gesê kan word dat 'n leerling goed lees. Hierdie neiging en die besef van die waarde van deeglike leesbegrip kom ook duidelik na vore in die opdragte van die skrywers van moderne rekenkundehandboeke en -handleidings waar behoorlike voorsiening gemaak word dat sekere oefeninge aanvanklik moet dien as leesoefeninge.[3] 'n Gedeeltelike oplossing van die probleem om leerlinge te leer om effektief te lees, kan verkry word deur die ontwikkeling van geskikte leesgewoontes in elke skoolvak en -aktiwiteit. Elke vak vereis sy eie spesifieke vermoëns wat eie is aan die leerstof.

Die vermoë om handboeke en supplementêre leesstof i.v.m. die inhoudsvakke te verstaan, stel hoë vereistes aan die kind om sekere informasie in boeke te vind, bepaalde bronne op te spoor, om kaarte te lees, ens.. Die tegniese woordeskat van elke inhoudsvak moet dus ook verstaan word indien die kind 'n volledige begrip wil hê. Korrektiewe werk in verband met die basiese leesbedrewenhede asook genoegsame motivering om lees aan te moedig by die inhoudsvakke sal waarskynlik voldoende wees om verbetering te bewerkstellig.

---

1) Judd and Buswell, Silent Reading: A Study of Various Types, 97.

Om op te som kan die waarde van lees nie onderskat word nie,[1] as 'n skoolvak, of as 'n aktiwiteit buite die klaskamer nie. Wat die kind in sy inhoudsvakke, rekenkunde of ander vakke leer, hang in 'n groot mate af van die vlotheid waarmee hy lees, sy leesbegrip en gevolglik in 'n groot mate van die woordeskat wat hy in die loop van die tyd opgebou het.

(6) Verbetering van die leesvermoë.

Soos reeds gestel, is die lees in sekere opsigte die mees verwaarloosde aspek in die onderwys vandag.[2] Wêreldtoestande en die klem op sosiale insig lei tot 'n oorbeklemtoning van volwasseneprobleme ten koste van die persoonlike ontwikkeling van seuns en dogters in die estetiese en geestelike lewenswaardes. Letterkunde dra baie by tot die verryking van die menslike gees en vorming van die menslike persoonlikheid. Tog kort leerplanopstellers lees dikwels in tot die meganiese aspek daarvan, terwyl gesondheidsleer, liggaamsoefening, kunsvlyt of sosiale studies ten koste van die kind se persoonlike belangstelling en plesier in boeke bevoordeel word.

Sommige sielkundiges en opvoedkundiges het hulle invloed laat geld deur die huidige en die teenswoordige in die lees van kinders te beklemtoon, terwyl hulle die feit uit die oog verloor dat kennis van die bekende nie altyd kan vergoed vir gebrek aan visie nie. In teenstelling met hulle vroeëre teenstand van feëverhale en ver-

---

1) Nelson, Tests and Measurements in Elementary Education, 109.
2) Smith, Literature and Personal Reading, 205.

beeldingslektuur, verklaar hulle die geweldige belangstelling by seuns en meisies in strookprentjiesverhale en die ontspanningsverhale oor die radio as bewys van die behoefte aan verbeeldende ontvlugting van die werklikhede van die lewe. Gebrek aan verbeelding dien as resultaat van die abnormale beklemtoning van die bekende wat daartoe lei dat die kinders ontvlugting soek in goedkoop leesstof van kortstondige waarde.

Dit is dus noodsaaklik dat die leesboeke van die kinders beide bekende en verbeeldingryke stof moet bevat. Aanvanklik het die basiese leesboeke bewustelik die die noue verwantskap tussen die ervaring en die ontwikkelende woordeskat beklemtoon deur veral klem te lê op die kind se onmiddellike omgewing - die huis, die plaas, die kruidenierswinkel, die melkery, die stasie, die lughawe - ten koste van humor, verbeelding en die aantrekkingskrag van die onbekende wat vreugde, verryking en ervaring in die kind se lewe bring.

Een van die vernaamste redes waarom kinders geleer word om te lees, is om doeltreffend gebruik te maak van boeke en ander leesstof in verskeie leeraktiwiteite. Alvorens hulle woorde herken, kyk hulle na prenteboeke waaruit hulle plesier en waardevolle kennis put. Sodra die kind later eenvoudige stof met gemak kan lees, begin hulle boeke gebruik om van die dinge te lees wat hulle interesseer. Na graad I word daar al meer klem gelê op veelvuldige leeswerk om hulle ervaring uit te brei, om nuwe begrippe te skep, om uitdagende probleme op te los en om verbeterde en gesonde metodes van denke en handeling aan te moedig.

William Gray[1] gee 'n aantal essensiële vereistes wat nodig is om effektiewe leertoestande deurmiddel van lees te skep:

(1) 'n Helder begrip van die leerproses.

In die verlede was leer die formele proses waartydens feite versamel en gememoriseer is. Kinders het gelees sonder enige motief, en die vordering is bepaal deur die vermoë om die stof wat gelees is weer te gee. In teenstelling daarmee word leer vandag beskou as 'n proses waardeur leerlinge se behoeftes bevredig word, probleme opgelos word en hulle aanpassing vind by nuwe omstandighede. Gemotiveerde lees beoog dat die kinders lees met 'n helder doel voor oë terwyl hulle doelgerig lees. Moeilikhede wat opduik word met die nodige leiding opgelos. Die kind werk doelgerig totdat sukses behaal word. Namate die kind se kennis vermeerder, word soortgelyke probleme baie makliker en in 'n korter tyd in die toekoms opgelos.

(2) 'n Stimulerende omgewing.

Deurmiddel van 'n aantreklike en goedtoegeruste klaskamer kan die onderwyser 'n houding van nuuskierigheid by die kinders wek wat 'n sterk dryfveer is om te leer. Die probleme wat in die klas te voorskyn kom, moet benader word in 'n ondersoekende gees wat aanleiding gee tot nadenkende lees. Dit is noodsaaklik dat daar elke dag voorsiening gemaak word vir 'n tyd wanneer die leerlinge sake van baie persoonlike belang kan bespreek, spesifieke probleme kan kies wat hulle wil bestudeer en maniere beplan om die probleme op te los.

---

1) Gray, Reading as a means in the process of Learning.

(3) 'n Ryk en goed aangepaste leerplan.

So 'n leerplan is noodsaaklik en dit moet die leerling se belange en ontwikkeling voor oë hou. Die leeraktiwiteite moet voorsien in ryk en goed gebalanseerde ervaringe op elke vlak van vordering. Kinders in elke groep verskil ten opsigte van agtergrond of ervaring, leesvermoë, belange en die aard van individuele hulp wat hulle nodig het. 'n Goeie leerplan moet voorsiening maak vir al die behoeftes en sorg dra dat die leesstof en leiding aanpas by elke individu sodat gemeenskaplike doelstellings bereik kan word.

(4) Voldoende geskikte leesstof.

Dit is noodsaaklik indien lees moet dien as 'n noodsaaklike hulp tot die leerproses. Die leesstof moet aanpas by elke groep, en daar moet selfs sodanige materiaal beskikbaar wees dat dit vir die swakste leerling tot nut kan wees. Ook moet daar leesstof van so 'n moeilike graad wees dat dit sal dien as 'n uitdaging vir die beste leerlinge. So kan daar in St. 2 stof wees wat prenteboeke vir die nie-leser sowel as boeke van St. 5-gehalte insluit.

(5) Gekoördineerde gebruik van lees en ander hulpmiddels in die leerplan.

Lees, eerstehandse ervaring in die vorm van oudovisuele materiaal, kan direk of indirek aangewend word. Die volgorde van die aanwending van die materiaal hang van die materiaal self af.

(6) 'n Simpatieke, Begrypende Onderwyser.

Dit is 'n vereiste. Emosionele spanning of toestande wat die kind kan verwar of frusteer soos die aanwending van te moeilike leesmateriaal moet voorkom

(7) Die kind moet 'n behoorlike agtergrond kry.

Sommige leerlinge sal nie verstaan wat hulle lees nie en die lees- of leerervaring is dus van geen waarde nie. Deurmiddel van gesprekke en besprekings moet die kind 'n duidelike agtergrond kry van wat hy moet gaan leer of naslaan. Dit kan aangevul word deur die aanwending van prenteboeke, foto's, films, radio, ens..

(8) Leiding met lees.

Leiding met lees moet steeds gegee word en is nie beperk tot die leesperiode nie. Ook wat betref die inhoudsvakke moet lees onderrig word.

Gedurende die afgelope jare is daar tog heelwat gedoen om die leesvermoë van leerlinge te verbeter. Die belangrikste verandering is seker die hoeveelheid leesstof wat voorsien word. Waar die leerling vroeër 'n enkele leesboek vir elke standerd gehad het voorsien die moderne skool 'n hele reeks. Die herlees van dieselfde stof, wat ook vervelend is, word so uitgeskakel.

Jacobson en Van Dusen[1] het gevind dat swak lesers goeie vordering gemaak het wanneer hulle aangemoedig is om: (1) Maklike materiaal te lees; en (2) materiaal wat paragraafkomprehensie aangemoedig het deur vrae oor die gelese paragraaf te beantwoord. Soos te verwag het die leerling met hoë intelligensie, wat swak lees die beste vordering gemaak, maar selfs ook die stadiger leerlinge het heelwat verbetering getoon.[2]

---

1) Jacobson en Van Dusen, Remedial Instruction in Reading in the Ninth Grade, School Review 38: 142 - 146.
2) Nelson, Tests and Measurements in Elementary Education, 115.

Verdere bewys dat verbetering wel moontlik is, is deur Pressey en Pressey[1] ondervind, toe bepaal is dat swak lesers onder eerstejaarstudente wat spesiale onderrig ontvang het, nie net hulle lees verbeter het nie, maar ook beter werk in hulle akademiese vakke gelewer het. 'n Massa eenvoudige materiaal word aanbeveel[2] om te gebruik vir leesdoeleindes. Dit is veral van belang vir die stadiger leerlinge by wie daar nog doeltreffende leesgewoontes gevestig moet word. Dit moet onthou word dat gebrek aan belangstelling 'n natuurlike verskynsel is by swak lesers, want almal van ons lees alleenlik graag wanneer die leesstof vir ons betekenis inhou en ons dit sonder veel inspanning kan doen.

(9) Die onderrig van lees is die werk van alle onderwysers in elke vak in elke standerd.[3]

(10) Die spoed van komprehensie is van meer belang as leesspoed.

(11) Beide hardop en stillees moet steeds aandag geniet.

(12) Gestandaardiseerde toetse vervul 'n belangrike plek in die leesprogram.

Gates gee 'n lys moeilikhede waarmee die onderwyser te kampe het:[4]

(a) Lees is syns insiens die belangrikste en die moeilikste vak in die laerskoolleerplan. Dit is belang-

---

1) Pressey and Pressey, Training College Freshman to Read, 203- 211.
2) Nelson, Tests and Measurements in Elementary Education, 116.
3) McCullough, Strang and Traxler, Problems in the Improvement of Reading.(Samevatting) Journal of Experimental Psychology, Vol. 38, March 1947.
4) Gates, The Improvement of Reading, 1 - 9.

rik omdat dit die weg baan om alle ander skoolvakke beter aan te leer. Dit is moeilik omdat meer leerlinge in lees druip as in enige elementêre bedrewenheid. Lees behels komplekse bekwaamhede wat nie maklik waarneembaar is nie.

(b) Die feit dat leesonderrig groepsgewyse geskied i.p.v. individueel maak lees moeilik. Leerlinge verskil tot 'n groot mate in hulle toerusting en behoeftes en die middels wat elke kind in die beginstadium aanwend verskil ook.

(c) Swak lees kan te wyte wees aan fisiese gebreke by die oë, ore of spraakorgane.

(d) Organiese toestande soos linksheid by die oog of hand bring mee dat kinders dit moeilik vind om van links na regs te lees.

(e) Opvoedkundige rypheid, gesigs- of spraak- of motoriesekontrole of enige gebrekkige meganiese ontwikkeling om te lees kan 'n groot struikelblok wees.

(f) Verkeerde leertegnieke bring vertraging.

(g) Swak en gebrekkige motivering kan leesmoeilikhede meebring.

(h) Sosiale faktore soos oorbesorgdheid van die ouers of onderwyser i.v.m. lees, ouerlike inmenging, afwesigheid van die skool op kritieke stadiums, swak gesondheid, konflikte tussen leerlinge, emosionele stremming in die klaskamer wat onstaan as gevolg van verleentheid weens foute, is almal toestande en omstandighede wat geringe en selfs ernstige inmenging mag meebring in die kind se pogings om te lees.

Volgens Gates lê die verhelping in verbeterde en geïndividualiseerde onderrig.

(7) Meting van taal en lees.

(a) Inleidend.

Een van die vernaamste doelstellinge van toetsing is om te bepaal wat 'n leerling van 'n sekere vak ken en die vordering wat hy maak asgevolg van studie.[1] Die onderwyser moet weet wat die kind presies weet van 'n vak en waar sy moeilikheid lê voordat daar begin word met die leerproses. Dit gee die onderwyser leiding waar die klem moet val. Dit help die onderwyser om te bepaal wat hy die kind moet leer om te voorkom dat hy tyd mors deur dinge te leer wat die kind reeds ken.

Gates[2] gee 'n aantal algemene aanbevelings i.v.m. toetsingsprogramme van leesprestasie. Vir hom is die vernaamste doelstellings as volg:

(i) Dit word as 'n gesonde beginsel beskou om sistematiese gebruik te maak van gestandaardiseerde toetse met tussenposes gedurende die jaar en om informele waardeskattings gereeld te doen as deel van die normale klaswerk.

(ii) 'n Wyer en breër gebruik moet gemaak word van sistematiese lyste van spesifieke leesbekwaamhede en tegnieke wat 'n uitgebreide analise voorsien van 'n enkele leerling se vermoëns, belange en moeilikhede.

(iii) Groter gebruik moet gemaak word van ander metodes soos observasie, skatting, vraelyste, subjektiewe waarderings van studiegewoontes en ander minder gebruiklike tegnieke.

(iv) Hy beveel die aanvaarding van 'n weldeurdagte

---

1) McKee, Language in the Elementary School, 15.
2) Gates, The Measurement and Evaluation of Achievement in Reading, 359.

plan van meting en toetsing aan wat die hele leerplan sal dek.

(v) Volledige verslae moet bygehou word van die resultate van meting van leesvermoë, gesig, gehoor, intelligensie, huislike agtergrond, persoonlike eienskappe, ens..

(b) Taaltoetse.

Deskundige toetsers[1] het heelwat moeilikheid ervaar om baie van die resultate van taalonderrig te meet, veral waar dit die spreektaal geld. Die toetse wat meerendeel bestaan het uit groeptoetse, het die spreektaal verwaarloos.

Tot omtrent 1939 het die analisering en identifisering van die verskeie basiese taalvermoëns nie ver gevorder nie. Meeste van die navorsers was meer begaan oor die uitkenning van die foute as om te konsentreer op die essensiële vermoëns.

Die bestaande taaltoetse kan hoofsaaklik onderverdeel word in taalgebruiktoetse, grammatika en opstel. Die taalgebruiktoetse het eintlik te doen met taalkennis, want dit behandel nie die alledaagse taalgebruik nie, maar bepaal sig eintlik by die kind se kennis van wat die korrekte taalvorme is.

Charters, Clapp, Wilson[2] en ander bepaal hulle o.a. by die algemeenste taalfoute wat volwassenes en kinders begaan.

Die „Pribble-McCrory Diagnostic Test"[3] en die „Clapp-Young English Test"[4] het veral te doen met

---

1) Nelson, Tests and Measurements, 141.
2) Ibid., 143.
3) Ibid., 144.
4) Ibid.. 144.

taalgebruik, hoofletters, uitspraak, interpunksie, woordvorme en grammatika. In S.-A. bestaan daar die „Taalgebruiktoetse",[1] soortgelyk aan die vorige, wat dan ook in hierdie eksperiment aangewend is. (Kyk Bylae 3)

Die „Charters Diagnostic Language Test"[2] en die „Franseen Diagnostic Tests"[3] toets voornaamwoorde, werkwoorde en algemene taalfoute.

Die „Wilson Language Error Test"[4] bestaan uit 'n verhaal met 'n aantal foute wat die leerling moet soek en verbeter. Hier tree die leerling op as 'n proefleser.

Ander bekende taaltoetse is die volgende:[5]

1. Die „Briggs English Form Test."
2. „Iowa Lanuage Abilities"
3. „Los Angeles Diagnostic Test."
4. „Pressey Diagnostic Tests."

Bogaande toetse gee of 'n standerd- of 'n leeftydnorm of albei norms aan.

(c) <u>Leestoetse.</u>

Sommige leerlinge druip in rekenkunde bv., nie net omdat hulle nie die basiese bewerkinge ken nie, of weens swak intelligensie wat dit onmoontlik maak om by te hou nie, maar omdat die leerlinge nie die som kan lees en verstaan wat hy lees nie. Een van die beste maniere om die werk in baie van die skoolvakke te verbeter is om die werk-tipe peil, d.w.s. lees vir informasie, te verbeter.

---

1) Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing.
2) Nelson, Tests and Measurements in Elementary Education, 144.
3) Nelson, ibid., 145.
4) Nelson, ibid., 145.
5) Jordan, Measurement in Education, 155.

Daar word tans 'n groter behoefte aangevoel dat daar meer aandag gegee moet word aan stillees waar die klem rus op die begrip en die betekenis van woorde, sinne en paragrawe i.p.v. op hardop lees waar die klem val op die uitspraak. Daar moet dus vroeër begin word met doelgerigte stillees.

In die vroegste stilleestoetse, soos die „Monroe Silent Reading Test"[1], word reeds verwag dat die kind beide spoed en begrip moet bemeester. Die jongste navorsing dui daarop dat daar 'n verskeidenheid van tipes leesvermoë te onderskei is, en dat die vermoë om een soort lees goed te kan doen nie beteken dat ander ook goed gedoen kan word nie.

Daar is 'n aantal uitstekende leestoetse in Amerika gepubliseer wat nuttige analitiese informasie verskaf aangaande werk-studie bedrewenhede.[2]

Die leestoetse kan in drie groepe onderverdeel word: (i) Algemene prestasietoetse. (ii) Leesgereedheidstoetse. (iii) Leestoetse.

(i) <u>Algemene prestasietoetse.</u>[3]

Hierdie toetse dek omtrent die hele laerskoolterrein soos lees, reken, taal, ens.. Die Metropolitan- en die Stanfordtoetse toets selfs ook sosiale studies en elementêre natuurwetenskap.

1. Die „Metropolitan Achievement Test."
2. „Stanford Achievement Test."

---

1) Nelson, Tests and Measurements in Elementary Education, 110.
2) Greene, Jorgenson and Gerberich, Measurement and Evaluation in the Elementary School, 339.
3) Jordan, Measurement in Education, 98.

3.„Iowa Every-pupil Tests of Basic Skills."

4.„California Achievement Tests."

(ii) Leesgereedheidstoetse.[1)]

Hier word, soos die naam aandui, die leesgereedheid van kinders getoets en bepaal. Die bekendste is:

1.„Metropolitan Readiness Tests."

2.„Gates Reading Readiness Tests."

3.„Lee-Clark Readiness Test."

4.„Reading Aptitude Tests" van Marion Monroe.

5.„Stevens Reading Readiness Test."

(iii) Leestoetse.[2)]

Opnametoetse in stillees is ontwerp om die kind se vermoë om die stof wat hy stil lees te verstaan. Dit help om die leerling uit te ken wat baie vertraag is in lees. Die„Gates Primary Reading Tests" meet woordherkenning, woord-, sin- en fraselees, en die lees van aanwysings. Die bekendste is:

1.„Gates Primary Reading Tests".

2.„Gates Basic Reading Tests."

3.„Gates Silent Reading Tests."

4.„Iowa Silent Reading Tests."

5.„Detroit Reading Tests."

6.„Emporia Silent Reading Test."

7.„Los Angeles Primary Reading Test."

8.„Nelson's Silent Reading Test."

9.„Sangren-Woody Reading Test."

10.„Traxler Silent Reading Tests."

---

1) Jordan, Measurement in Education, 98.
2) a. Jordan, ibid., 113.
   b. Nelson, Tests and Measurements in Elementary Education, 111.

Die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing het 'n reeks van vier stilleestoetse beskikbaar gestel wat onderskeidelik paragraafbegrip, sinbegrip, leesspoed en woordeskat toets. Die toetse is opgestel vir drie groepe kinders wat die hele laerskool- en hoërskoollewe dek, tewens die elementêre, junior en senior reekse waarvan elk in drie vorme, A B en C verskyn. Die nasien van hierdie toetse is soortgelyk aan die „Iowa Silent Reading Tests" en meeste van die soortgelyke Amerikaanse toetse.

(8) Woordeskat.

(i) Inleidend.

Baie mense gaan deur die lewe met 'n skraal woordeskat wat hulle in die spreek- en skryftaal aanwend. Hulle leer net die noodsaaklikste woorde aan om hulle self verstaanbaar te maak aan ander. Hulle spreektaal is kleurloos en vervelend. Die gedurige herhaling van 'n paar woorde, herhaling van verbindingswoorde, gebrek aan gepaste byvoeglike naamwoorde en bywoorde bring kleurloosheid mee.

'n Uitgebreide woordeskat het die voordeel van 'n ryk en beeldryke uitdrukkingsvermoë. Dit dra daartoe by dat die spreek- en skryftaal interessant is.[1] Mary Meighen stel dit treffend[2]: „Words link the child to the world around him; they bridge the gap between his inner needs and the people who can help him realize

---

1) McKee, Language in the Elementary School. Spelling, Composition, and Writing, 391.
2) Meighen, Vocabulary Building, (artikel) in Grade Teacher, Vol: 58 ; Feb. 1954.

those needs. Words turn dreams into deeds."

'n Kind se behoeftes ten opsigte van woordeskat hang op enige tydstip af van sy algemene ontwikkelingspatroon, sy sosiale ervaringe, sy ontwikkeling ten opsigte van lees, en sy vermoë om te praat en te skryf.[1] Die besit van 'n ryk woordeskat is 'n noodsaaklike vereiste vir behoorlike begrip en interpretasie van lees. Dit is essensieel vir intellektuele volwassenheid. Navorsing toon dat die omvang van die woordeskat seker die beste enkele aanduiding is vir die voorspelling van prestasie in byna al die ander taalvaardighede soos bv. uitspraak, stelwerk, leesbegrip, en selfs algemene intelligensie en bekwaamheid in spesifieke rigtings. „Words are the 'coin of the realm' of knowledge."[2] Onderwysers moet leerlinge in staat stel om 'n genoegsame woordeskat op te bou wat kan dien as 'n intellektuele skatkamer. Deur ondoeltreffende leermetodes en aan leerlinge leesstof te voorsien wat van 'n gebrekkige woordeskat voorsien is kry hulle alleen toegang tot 'n gedeelte van die potensiële leermoontlikhede. Die skool moet dus aandag daaraan gee om die kind se woordeskat doelbewus uit te brei. Dit is nie 'n moeilike en tydrowende taak nie, want die meeste van die kind se woordeskat kan toevallig saam met ander skoolvakke en aktiwiteite aangeleer word.

Die kind moet woordbewus gemaak word in die sin dat by hom 'n behoefte sal ontstaan om nuwe woorde aan te leer want daar is 'n nou verband tussen die omvang

---

1) Beery, Development Of Reading Vocabulary and Word Recognition, 172.
2) Seashore, The Importance of Vocabulary in Learning Language Skills, 137 - 152.

van 'n kind se woordeskat en skoolprestasie soos blyk uit navorsingswerk. " The childs ability to read, to speak, to write, and to think," says dr. Seegers,"are inevitably conditioned by his vocabulary."[1)]

Volgens McKee[2)] het dit geen sin om woorde voor die voet aan te leer nie. Die belangrikste en algemeen bruikbare woorde sal die kind vanselfsprekend gouer aanleer. Ingewikkelde en buitengewone woorde het geen doel nie. Klem moet gelê word op 'n verskeidenheid voegwoorde, byvoeglike naamwoorde, bywoorde en samestellings van woorde.

Ontwikkeling en die uitbreiding van die woordeskat moet volgens McKee dan ook reeds in graad I begin en deurloop deur die hele laerskoolleerplan. In die grade mag die woordeskat van die kind nie deurslaggewend wees in aanvangsleesvermoë soos intelligensie en ander faktore nie. Die aantal nuwe woorde wat die kind in sy eerste leesboekies teëkom is beperk tot 300 of 400 woorde. Teen die einde van St. 1 behels die basiese materiaal tot 1,500 verskillende woorde. 'n Klein woordeskat het dus teen St. 1 sy nadeel wanneer die leerling wyer wil lees.[3)] Sorg moet egter gedra word dat die woorde wat die kinders gebruik, wel deur hulle benodig word in hulle daaglikse ervaring, en dat die aangeleerde woorde geleer moet word om 'n behoefte te vervul, om 'n bekende idee duideliker te stel.

---

1) Tyndall, Vocabulary Building in the Primary Grades, 32-33.
2) McKee, Language in the Elementary School. Spelling, Composition, and Writing, 391.
3) Tyndall, ibid., 32 - 33.

(ii) Doel.

Die doel met die onderrig in die uitbouing van die woordeskat kan nou kortliks saamgevat word in in die woorde van dr. Bingle:[1] „Dit is nie om n leerling soveel moontlik woorde uit die woordeboek te laat leer nie, maar die woord in sy sinsverband. Elke mens het drie soorte woordeskat: in opklimmende orde van uitgebreidheid, n praat-. skryf-, en leeswoordeskat. As hy praat, gebruik die mens veel minder woorde as wanneer hy skryf, en as hy skryf weer baie minder as wanneer hy lees. Al kan hy verbasend baie woorde verstaan as hy lees, spreek dit nog nie vanself dat hy hulle self ook gebruik in geskrif of woord nie. Dit is een van die take van moedertaalonderwys om die leeswoordeskat nog verder uit te brei en ook die leerling te lei om daardie woorde - of n groot gedeelte daarvan- te gebruik wanneer hy skryf en praat. So word hy beter in staat gestel om sy eie geesteslewe beter te vertolk en ook om die van ander beter te verstaan."

Alvorens daar oorgegaan word tot uitbreiding op die gebied van die woordeskat is dit wenslik om breedvoeriger stil te staan by die tipes woordeskat wat te onderskei is:

(a) Hoorwoordeskat: Dit is die woorde wat verstaan word wat deur ander gebruik word.

(b) Spreekwoordeskat: Dit is die woorde wat die mens in verskillende omstandighede self besig. Dit is informeel. Dit sluit baie woorde in wat nie dikwels

---

1) Bingle, Die Moedertaal, 86.

voorkom in die skryftaal of leestaal nie. Dit is belangrik dat die mondelinge woordeskat van jong kinders ontwikkel word. Navorsing het getoon dat hoewel volwassenes 'n groter verskeidenheid woorde gebruik in hulle skryfwyse as wanneer hulle praat, is die teenoorgestelde waar van kinders.[1)]

(c) Skryfwoordeskat: Dit sluit die woorde in wat gebruik word in die skryfaktiwiteite van die kind. Hierdie woordeskat is belangrik, veral ten opsigte van spelling.

(d) Potensiële- of grenswoordeskat: Hier het ons te doen met woorde wat die kind nog nie teëgekom het nie, maar wat hy kan interpreteer weens hulle vorm of inhoud.

(iii) Woordeskatuitbreiding.

Die leeswoordeskat bestaan uit woorde, frases en enige gedrukte simbole wat deur die leser gebruik word om betekenis te verkry.

Die skool se taak is tweërlei:-[2)]

(a) Geleenthede moet gegee word om begrippe en betekenisse uit te brei sodat die kind bekwaam of bevoeg word om die gesproke simbole van die begrippe te kan gebruik.

(b) Die kind moet onderrig ontvang om woorde, frases en gedrukte simbole te kan uitken.

Ons het dus hier te doen met (a) uitbreiding van die woordeskat, en (b) oefening in woordherkenning.

---

1) Seegers, Special Tools that Facilitate Expression, 149 - 153.
2) McKee, Vocabulary Development, (artikel) in National Society for the Study of Education, 36th Yearbook,

A. Woordeskatuitbreiding.

Dit moet altyd gesien word as 'n onderdeel van die probleem van leesonderrig omdat woordeskat 'n middel is om betekenis te gee aan lees. Daar moet gewaak word teen verbalisme - blote woordherkenning en woordproduksie is oorwegend by baie van ons leesonderrig. Onderwysers word dikwels mislei dat die mondelinge reproduksie van woorde as 'n geldige toets kan dien dat die kind verstaan wat hy gelees het. Baie kinders ken soms nie die betekenisse van woorde nie en wend geen poging aan om dit te leer nie.

Pogings is aangewend om woordeskat gedurende die laerskooltydperk doelbewus uit te brei. Sulke pogings moet gekenmerk word deur informaliteit. Die feit dat geïsoleerde dril van woorde buite hulle samehangende betekenis geen resultate lewer nie,[1] dui daarop dat alle terme in samehang met hulle inhoud aangeleer moet word om die betrokke betekenis so te leer.

Baie van die woordeskat wat ons aanleer is die gevolg van ervaring wat die kind in sy normale lewensgang opdoen. Heelwat ontstaan, soos reeds gestel, asgevolg van lees, beide onafhanklike en voorgeskrewe lees. Gates[2] gaan so ver om te verklaar dat volgens ondersoek getoon is dat die meeste kinders 'n woordvoorraad of woordkonsepte vinniger en effektiewer opbou wanneer woorde afsonderlik geneem word en hulle presiese betekenis verklaar word. Daarom word die

---

1) Newburn, The Relative Effect of two Methods of Vocabulary Drill on Achievement in American History, (artikel) in National Society for the Study of Education, Yearbook 36, Hoofstuk IX.
2) Gates, The Improvement in Reading, 181.

een of ander soort woordverrykings- of woordeskatprogram ingevoer i.v.m. lees, spel en ander vakke. Dit word algemeen aanvaar dat direkte onderrig, waar n verskeidenheid metodes aangewend word verkieslik is om die beste resultate te verkry. Die volgende direkte aanbevelings word gemaak en is saamgestel uit die werke van Paul McKee[1], Seegers,[2] Gates[3] en Thorndike.[4]

Direkte aanbevelings.

(1) Eenvoudige oefeninge met voor- en agtervoegsels, sinonieme sowel as die gebruik van die woordeboek kan geleer word. Daar kan ook aandag geskenk word aan betekenisnuanses van woorde, bv. wat is die verskil tussen mooi en pragtig? tussen min en bietjie?

(2) Direkte verklaring van woorde wat in woordelyste voorkom. Daar kan ook oefening wees om woorde te vervang deur beskrywender woorde, dus beklemtoning van woordbetekenis.

(3) Oefening kan verkry word deur woordspeletjies soos „Lexicon".

(4) Kinders behoort woordelyste of woordeskatboeke te besit waarin die volgende voorkom: nuwe woorde wat hulle hoor tydens n gesprek; byvoeglike naamwoorde wat beskrywend en paslik is; nuwe woorde wat in die alledaagse leeswoordeskat voorkom of wat noodsaaklik is dat die kind dit moet aanleer; effektiewe woorde wat

---

1) a. McKee, Language in the Elementary School, 392.
   b. McKee, Reading and Literature in the Elementary School, soos aangehaal deur (a).
   c. McKee, Vocabulary Development, (hoofstuk) in National Society for the Study of Education, 36th Yearbook, Hoofstuk IX.
2). Seegers, Special Tools that Facilitate Expression, 149 - 153.
3) Gates, The Improvement of Reading, 182.
4) Thorndike, Improving the Ability to Read, 1 -19.

die kind oor die radio gehoor het; woorde wat holrug-geryde woorde vervang; nuwe gebruike van ou woorde.

(5) Kinders kan lyste van spesifieke soorte woorde saamstel, bv. wat die een of ander woord of onderwerp omskryf soos kersfees, lente, met vakansie, vure, die slagter, die stasie, troeteldiere, ens. Leerlinge moet in hulle leesboeke soek na woorde met 'n hoë gevoelswaarde, bv. „gelukkige woorde", „treurige woorde", „mooi woorde", „spannende woorde", ens.

(6) In die laerskool is uitstappies waardevol. Konkrete ervaringe en aanskoulike hulpmiddels moet vryelik benut word. Kinders leer die beste wanneer hulle woorde assosieer met die een of ander konkrete voorwerp. Skoolwerk moet daarop toegespits wees om die ervaringsveld van die leerlinge uit te brei. Hierdie ervaringe moet mondeling en skriftelik weergegee word, en die onderwyser moet toesien dat betekenisvolle woordeskatbydraes wat die kind deur sy ervaring opgedoen het, deur hom goed verstaan word. Sonder die nodige nasorg sal die kind se begrip en herinnering vaag, onakkuraat en onvolledig bly.

(7) Op elke onderwerp- of vakterrein moet die woordeskat versigtig en sonder haas uitgebou word. Daar moet seker van gemaak word dat woorde wat in die inhoudsvakke, rekenkunde, musiek of op enige terrein voorkom bepaalde waarde en betekenis het.

(8) Kinders moet aangemoedig word om te luister na die woordgebruik van geleerde mense asook die woorde wat in leesstof voorkom. Hulle moet sensitief wees vir nuwe woorde wat hulle hoor of lees en hulle moet leer om nie die eerste woord waaraan hulle dink te

besig nie. Hulle moet leer om die gepaste woord te soek. Onderwysers moet leerlinge aanmoedig om 'n verskeidenheid woorde te gebruik in hulle mondelinge en skriftelike taalgebruik. Die moontlikhede hiervan moet alleenlik beperk word deur die ouderdom en vermoëns van die kinders. Leerlinge moet hulle gedagtes suiwer en presies weergee i.p.v. om iets vaagweg en in die algemeen te beskrywe, bv. watter woorde of uitdrukkings sal „ding" beter omskrywe. Die speler plaas die ding om sy knie om dit te beskerm. Hy klim op die ding om sy bal van die dak af te haal.

Sekere woorde soos: mooi, baie, dood, ens. word holrug gery tot vervelens toe.

(9) Kinders moet leer om diskriminerend te lees. Mooi frases en uitdrukkings moet die leerling raaksien. Beskrywende woorde vir plekke, gebeurtenisse en persone moet met sorg uitgesoek word sodat hulle pas. Hulle moet leer om die gevoel wat sekere woorde wek self aan te voel. Veral moet hulle die verskil besef tussen kleurlose en kleurvolle uitdrukkings en taalgebruik.

(10) Kinders moet aangemoedig word om die betekenis van woorde in hulle sinsverband te soek; al fouteer hulle soms. Dit is meer doeltreffend as om dit aan hulle voor te sê.

(11) Die onderwyser moet nie aarsel om nuwe woorde en begrippe te gee binne die leerlinge se begripsvermoë nie. Sulke nuwe woorde moet met die bekendes geïdentifiseer word wanneer hulle verklaar word.

(12) Aanskoulike hulpmiddels moet dikwels gebruik word, nie net om die woorde te illustreer nie, maar om ook nuwes te suggereer. Bespreking moet aanskouïng

(13) Indien dit ekonomies is moet daar nie gehuiwer word om woorde direk aan te leer nie. Hulle kan in frases, sinne of paragrawe geleer word of soms heeltemal apart of alleenstaande. Die skryfbord moet baie gebruik word en daar moet na geleenthede gesoek word om die woorde te gebruik.

(14) Kinders moet aangemoedig word om 'n breë woordeskat te bekom. Daar moet bepaal word wat die kinders se individuele belange is en dan moet hulle aangemoedig word om i.v.m. hulle belange te lees en ervaringe in verband daarmee op te doen, dit sal daartoe bydra dat hulle woordeskat in die rigting uitbrei.

(15) Die onderwyser moet natuurlik self vatbaar en sensitief wees vir woordwaardes en moet entoesiasties wees om kinders aan te moedig om hulle woordeskat uit te brei, die onderwyser moet dien as stimulus.

(16) 'n Veldtog om elke dag een nuwe woord te leer kan van nut wees.

(17) In hulle stelwerk of wanneer die leerlinge verhale vertel moet hulle aangemoedig word om beskrywende woorde te gebruik.

(18) Die woordeboek moet veelvuldig gebruik word.

Indirekte maniere om woordeskat uit te brei kan as volg saamgevat word:-

(1) 'n Funksionele of indirekte metode om woordeskat uit te brei is deur sorg te dra dat die laerskool se leerplan toenemend verryk word sodat stimulerende en wenslike ervaringe deur die leerling opgedoen kan word.

(2) Die rooster moet so ingedeel wees dat die leerlinge geleentheid gebied word om mondelinge oefening te kry deur ervaringe mee te deel, en sodoende nuwe begrippe en hulle betekenisse leer. Indirekte woordervaringe kan dus aangeleer word indien die skool vir die kind baie verskillende konkrete ervaringe laat opdoen. Nuwe woorde wat teengekom word en gebruik word moet verklaar word deur die onderwyser. Hierna is dit wenslik dat daar baie afwisselende ervaringe is met dinge, situasies, gebeurtenisse, aktiwiteite en ander fases van die werklikheid wat die betekenis van die woord tuisbring of verteenwoordig.

(3) Die kind moet geleentheid hê om 'n groot hoeveelheid eenvoudige leesstof te lees. Dit is volgens Thorndike een van die beste metodes om die taalwoordeskat te ontwikkel en die betekenisse van woorde te verfyn. Die stof moet nie baie moeilik wees nie, daar moet net 'n geringe aantal nuwe begrippe ingesluit word. 'n Nuwe woord of begrip word makliker verstaan en aangeleer indien dit saam met 'n groot verskeidenheid bekende stof aangeleer word. Die nuwe woorde wat so teengekom word moet verduidelik word. Leerlinge moet beïnvloed word om navraag te doen i.v.m. die nuwe woorde wat hulle teëkom.

(4) Vanaf die tweede standerd moet daar definitiewe en energieke gebruik gemaak word van die woordeboek as hulpmiddel om die betekenis van woorde te verklaar. Die moeilikheid is dat baie woordeboeke woorde met nog vreemder begrippe verklaar.

(5) Onderwysers van natuurwetenskap, sosiale studies en letterkunde lewer beter resultate wanneer die kinders sekere stukke self moet lees. Baie konkrete en werklike ervaringe moet opgedoen word gedurende uitstappies, aktiwiteite en projekte. Woorde moet dan verder in verskillende situasies gebruik word en op konkrete, praktiese situasies toegepas word. Indien die woord in die leesles voorgekom het moet dit later doelbewus in die aardrykskundeles, of waar dit sou aanpas, gebruik word.

(6) Met sekere onderwerpe soos resitasies moet heelwat verduideliking die werk vergesel om betekenisse op te klaar en wanindrukke uit die weg te ruim.

(7) Baie afwisselende ervaringe met dinge, situasies, gebeurtenisse en aktiwiteite soos dit voorkom in prente, films, modelle, grafieke, diagramme, ens. moet opgedoen word om begrippe uit te brei.

(8) Deur die hele skoollewe moet die kind geleentheid hê om gesamentlik of individueel sekere aktiwiteite op skrif te stel en dit dan as leesmateriaal te gebruik afgesien van die klasleesboek. Dit is baie nuttig vir die kind met 'n skraal woordeskat.

(9) Kinders behoort verdienstelike belange te hê wat hulle as doelwit kan gebruik om meer kennis te versamel deur lees. Kinders doen moeite om woorde se betekenis te leer wat hulle nodig het wanneer hulle leeswerk doen i.v.m. hulle belange.

B. <u>Woordherkenning</u>.

Aan die begin van hierdie afdeling is daarop gewys dat die skool 'n tweede taak het afgesien van woordeskatuitbreiding en dit is oefening in woordher-

kenning.

Indien die beginsels van direkte en indirekte woordeskatuitbreiding nagevolg word, sal die leesmateriaal wat aan elke kind verskaf word in die laerskool net enkele onbekende woorde hê, behalwe dié waarvan die betekenis afgelei kan word uit die inhoud.[1] Yoakam se bevindinge[2] is dat die handboeke dikwels te moeilik is. 'n Onlangse studie van Seashore i.v.m. kinders se woordeskat het die opvoedkundige wêreld verras deur die omvang van die kinders se woordeskat wat aangegee is.[3] Gevolgtrekkings is deur Seashore gemaak wat twyfel laat ontstaan oor verskeie opvoedkundige oortuigings wat onomstootlik sou wees, nl., 1. dat die aanvangswoordeskat van skoolkinders baie klein is;

2. dat die ontwikkeling van hulle woordeskat net so gering en moeilik is om uit te brei as hulle aanvangswoordeskat sonder om die kinders te forseer daartoe, en

3. dat dit daarom noodsaaklik is om die aard en aantal terme te beheer wat in die handboeke voorkom op elke standerdvlak.

Die doel van effektiewe woordherkenning is om die leerling in staat te stel om (1) nuwe woorde aan te leer wat vir die eerste keer teëgekom word ten einde 'n leeswoordeskat uit te brei; (2) die volle herkenning en uitspraak van woorde vir homself uit te werk wat hy

---

1) McKee, Vocabulary Development, 287.
2) Yoakam, The Place of Textbooks in Children's Reading, (Opsomming) deur Gray, W.S. in Journal of Educational Research, VolXLIII,Feb.1950, Nr. 6)
3) Seegers en Seashore, How large are Children's Vocabularies? (Opsomming) deur Gray, W.S. in

nie onmiddellik kan herken terwyl hy lees nie; en (3) bekende of voorheen aangeleerde woorde met groter gemak, spoed en akkuraatheid te herken terwyl hy lees.

Volgens Gates[1] is die beslissende toets in die beginstadium van lees, wanneer die kind pogings aanwend om woorde te herken. Woorde wat die kind in isolasie of in frases teenkom, soos „my boek" of „Sus en Daan" of „my naam is oom Jan", moet die kind almal of die meeste kan lees.

Daar is twee besondere kenmerke van die kind se eerste pogings om te lees. Aanvanklik moet die kind leer om die woord te herken deur 'n studie van die alleenstaande woord en later wanneer die kind 'n aantal woorde kan lees, leer die kind 'n woord in sy sinsverband ken.

Hoe word die woordbetekenisse van die eerste woorde aangeleer? Volgens Gates[2] hang die kind se vermoë om woorde te verstaan af van die kind se vermoë om woorde te herken. Die betekenisse wat 'n kind aan 'n woord heg, hang aanvanklik af van sy vorigr ervaring, van die betekenis wat hy voorheen daaraan geheg het. Dit word verkry deur sy assosiasie van woorde met die een of ander situasie, ding, gebeurtenis of ervaring, of deurdat die kind poog om die betekenis van 'n nuwe woord in 'n sinsverband te verklaar, miskien deur selfs die hulp van 'n onderwyser of woordeboek in te roep.

---

1) Gates, The Improvement of Reading, 178.

2) Gates, ibid., 180.

Die inhoudsverband van woorde is 'n belangrike middel om woorde te leer ken of te herken. Wanneer die kind die beginstadium van lees bereik, begin hy al hoe meer gebruik maak van die inhoudsverband om nuwe woorde te herken. Hierdie tegniek is noodsaaklik en moet dan ook die sterkste aangemoedig word, hoewel dit nie uitsluitend aangewend moet word nie, want dit kan ook aanleiding gee tot verdraaiïng van die gedagte sowel as verwaarlosing van die bekwaamheid om woorde te herken,[1] deur uitspraak en vorm. Bv., indien 'n leerling nie die woord sigaar kan herken in die sin, „Die man rook 'n swart sigaar", nie, kan hy moontlik die woord pyp daarmee vervang. Die kind gee 'n taamlike korrekte aanduiding van die sin se betekenis, maar die fout is van belang omdat die kind „sigaar" pyp noem, begaan hy wel 'n herkenningsfout van die woord sigaar. Om dus uitsluitend op sinsverband klem te lê, kan aanleiding gee tot onvoldoende ontwikkeling van die gebruik van woordpatrone en selfs stadige en onsekere woordeskatuitbreiding.

Dit is dus noodsaaklik om die leerlinge aan te moedig om die woorde uit die sinsverband af te lei, want dit is 'n aanduiding van intelligente handeling en dit is 'n vinnige middel om nuwe woorde aan te leer. Dit moet egter gepaard gaan met woordpatroonleidrade.

Die vermoë om woorde in hulle sinsverband te herken, hang af van hulle verbale aanleg, huislike agtergrond, graad van ingewikkeldheid en bekendheid

---

1) Gates, The Improvement of Reading, 183.

van die leesstof asook van die interessantheid en belangrikheid van die woord.

Herkenning van alleenstaande woorde word hoofsaaklik beïnvloed deur die leerling se vermoë om woorde van links na regs waar te neem.[1)]

Die kind met beperkte woordeskat en wat ook moeilikheid ervaar om woorde te herken word gekniehalter in alle fases van leesbegrip. Die moeilikste gevalle van leesgebrek insluitende die nie-lesers, is gevalle waar die leerling nie daarin slaag om 'n tegniek vir hulleself te vind om woorde te herken nie. Oorsake van die moeilikhede om woorde te herken kan te wyte wees aan:[2)]

1. Lae intelligensie.
2. Minderwaardige verbale vermoë.
3. Gebrekkige geleentheid om goeie taal te hoor en dit te gebruik.
4. 'n Skraal agtergrond.
5. Spraakgebreke.
6. Gesigs- en gehoorgebreke.
7. Swak gesondheid.
8. Afwesigheid van skool op kritieke tye.
9. Emosionele onstabiliteit.
10. Misleidende motivering.

Selfs slim en normale leerlinge ervaar dikwels moeilikheid om woorde te herken.

---

1) Gates, The Improvement of Reading, 205.

2) Tyndall, Vocabulary Building in the Primary Grades, 32 - 33.

C. Die gebruik van die woordeboek.

Tot dusver het dit herhaaldelik geblyk dat die woordeboek van groot waarde kan wees veral ten opsigte van direkte woordeskatuitbreiding. Die gebruik van die woordeboek moet aangeleer word. Dit is nie genoegsaam om aan 'n leerling te sê hy moet 'n woordeboek aanskaf en dit gebruik nie. Dit vereis baie kennis, positiewe houdings en selfs spesifieke vaardigheid. Die kind moet leer om te oordeel of 'n besondere feit wat hy in die woordeboek teenkom so belangrik is dat dit nie weer nodig sal wees om binnekort weer na te slaan nie. Die „woordeboekgewoonte", kan die oorsaak wees van 'n groot hoeveelheid verspilde energie en tyd, indien dit beteken dat jy tydig en ontydig van die woordeboek afhanklik is vir spelling, uitspraak of die betekenis van algemene woorde.[1] Onderrig in die gebruik van 'n woordeboek beteken dat die individu se oordeel geoefen moet word om dadelik te bepaal of feite wat hy naslaan net vir die oomblik van nut is, en of dit uit die hoof geleer moet word vir herhaalde gebruik later. Die gewoonte moet aangeleer word om altyd 'n woordeboek byderhand te hê om die juiste spelling, betekenis of uitspraak dadelik na te slaan dan om te probeer om dit te onthou om dit op 'n later tydstip te doen.

Trabue[2] waarsku dat onderrig op eie ervaring gebaseer moet wees en dat volkome bemeestering nie in elke klas verwag kan word nie. Dit is selfs nodig

---

1) Trabue, The use of the Dictionary, (artikel) in National Society for the Study of Education, 36th Yearbook, 1937, 187 - 193.
2) Trabue, ibid., 187 - 193.

dat leerlinge in klein groepies of individueel onderrig moet ontvang. Dit moet beklemtoon word dat 'n woordeboek 'n naslaanboek is en dat dit gewoonlik oor meer informasie beskik as wat die individu wil leer.

Die leerlinge se gebruik van die woordeboek om 'n woord se betekenis te vind, gaan natuurlik die gebruik van die woord vooraf. Kinders kan die woordeboek gebruik om sinonieme en antonieme te vind om hulle eie woordeskat te verryk of af te wissel. Die doeltreffendheid van oefening in die gebruik van die woordeboek sal afhang van die mate van sukses wat behaal is in die verryking van die spreek- en skryftaal.

Daar is vier kenmerkende faktore wat die spoed van woordeskatontwikkeling beïnvloed:[1)]

1. Die algemene vermoë en peil van rypheid van die kind.
2. Die aard en verskeidenheid van sy reaksies.
3. Die kind se nuuskierigheid omtrent woorde. Hierdie belangstelling moet by jong kinders sterk aangemoedig word.
4. Die onderrig wat die kind i.v.m. woordeskat ontvang.

D. <u>Metode vir die ontwikkeling van woordeskatbetekenisse by kinders.</u>

Alhoewel navorsing getoon het dat direkte woordonderrig belangriker is as toevallige onderrig van woordbetekenisse, behoort 'n goed afgeronde program beide tipes te behels. Dit wil egter nie sê dat lyste woorde sonder enige samehang geleer moet word

---

1) Gray and Holmes, The Development of Meaning Vocabulary in Reading, (artikel) in National Society for the Study of Education, Yearbook XLVIII, Hoofstuk VIII.

nie, of dat die kind meganies die betekenis van nuwe terme in woordeboeke moet naslaan nie. „The child's concern for meaning arise out of the situation which he faces. All the word meanings children have will not from the beginning be vivid, rich, and precise. The child as he matures passes from no knowledge of the meaning of a word through perhaps a wrong notion, then from vague ideas of one meaning to increasingly precise use of the word in its several meanings."[1)]

(1) Kinders vanaf die kleuterskoolstadium tot graad I.[2)]

Aan die begin moet die leesmateriaal beperk wees tot algemene en bekende begrippe. Dit is essensieel dat die leiding tot woordeskatontwikkeling gedurende die vroeëre jare breër moet wees as net spesifieke voorbereiding van enige leesmateriaal.

(i) Voorsiening moet gemaak word vir baie eerstehandse ervaringe wat praat sal stimuleer - ervaringe met mense, voorwerpe, gebeurtenisse en instellinge van die kind se onmiddellike omgewing wat vir hom betekenis inhou. Hierdie ervaringe moet voorafgegaan, begelei en opgevolg word deur gesprekke en informele bespreking sodat die gepaste woorde aangepas word by die regte konsepte.

(ii) Klaskamerondernemings wat die kinders se ervaringe sal verbaliseer en organiseer moet aangemoedig word.

---

1) Beery, Development of Reading Vocabulary and word recognition, 172.
2) Ibid., 174.

(iii) Direkte ervaringe moet aangevul word met prenteboeke, prente en ander oudio-visuele hulpmiddels wat aanpas by die kinders se agtergrond en belangstelling.

(iv) Baie tyd moet bestee word aan vrye konversasie terwyl kinders besig is met groepsaktiwiteite. Kinders moet aangemoedig word om op informele wyse te gesels oor aktiwiteite en gebeure buite die skool. Breë ervaring kan opgedoen word deur stories te vertel, gediggies voor te dra, deel te neem aan dramatiese speletjies, dramatisering van verhale, opdragte aan die onderwyser gee of byskrifte vir prente.

(v) Kinders moet aangemoedig word om met baie soorte materiaal soos klei, verf, kryt, papier, karton, hout, lap, blokkies, ens. te eksperimenteer. Die bespreking wat uit die gebruik van die media sal voortvloei sal helderder konsepte meebring.

(vi) Individuele leerlinge moet gehelp word om spraakgebreke te oorkom omdat sulke onreëlmatighede spraakontwikkeling verhinder.

(vii) Daar moet gebruik gemaak word van opvoedkundige praatjies wat daartoe sal bydra om konsepte op te helder. Die kinders moet belangstel in woorde deur spesifieke woorde wat van toepassing is op 'n sekere toestand of geleentheid te bespreek.

(viii) Betekenisse van woorde moet doelbewus uitgebrei word. Jong kindertjies kan woorde en sinne illustreer, en die daaropvolgende bespreking kan die kind insig gee in die betekenis van die woord. Pare voorsetsels soos op, af en in, uit leen hulleself tot die besondere soort behandeling.

Die groot beswaar teen gradeonderrig is dat die woordeskatuitbreiding beperk bly tot eenvoudige taal-

(2) Kinders vanaf graad II tot St. 1.

Meeste van die voorgaande aktiwiteite moet in die daaropvolgende klasse voortgesit word. Die volgende aktiwiteite word ook voorgestel:[1)]

(i) Kinders moet nou aangemoedig word om hulle gedagtes duidelik en helder te stel op skrif. Meeste leerlinge geniet en baat daardeur, deur hulle gedagtes op skrif te stel indien genoegsame hulp met die spelling van moeilike woorde gegee word, en indien te moeilike standaarde wat betref korrektheid van vorm nie vereis word nie.

(ii) Kinders moet aangemoedig word om nuuskierig te wees oor woordbetekenisse, om plaasvervangers te vind vir holruggeryde woorde en om rake uitdrukkings in verhale en gedigte op te merk.

(iii) Die leerling moet toegang hê tot prentwoordeboeke, en woordelyste wat in hulle leesboeke voorkom moet hulle gebruik. Kinders moet sien dat juffrou die woordeboek raadpleeg.

(iv) Materiaal wat kinders gaan lees moet vooraf gefynkam word vir idiomatiese uitdrukkings en moet vooraf met die kinders behandel word.

(v) Daar moet sorg gedra word dat die nalees oor n sekere onderwerp gedurig moet opvolg. Dit verminder die aantal begrippe wat voor elke leesperiode opgeklaar moet word en dit verryk terselfdertyd die betekenisse van woorde. Dit geld veral vir werkstukke en projekte.

(vi) Daar moet tyd bestee word aan persoonlike ervaringe veral w ar dit betrekking het op die leesstof.

---

1) Beery, Development of Reading Vocabulary and word recognition, 176.

Dit is baie belangrik omdat leesstof in 'n toenemende mate afwyk van die kind se algemene ervaringe. Daar moet voorsiening gemaak word vir 'n aantal aktiwiteite wat opvolg na 'n leesles waar die kinders nuwe woorde kan gebruik, nuwe betekenisse vir bekende woorde kan aanwend.

(vii) Daar moet voorsiening gemaak word vir die ontwikkeling van kernkonsepte wat nodig is vir denke, bespreking en lees i.v.m. kulturele vakke, natuurwetenskap, gesondheidsleer en rekenkunde.

(viii) Daar moet reeds 'n beperkte klassifisering van woorde wees volgens hulle betekenis, bv. diere, boumateriaal, speelgoed; deur die woord wat nie pas nie deur te haal; paring van woorde en definisies; kies van die woord wat die betekenis van 'n sin die beste afrond of wat 'n persoon die beste tipeer; paring van woorde wat eenders is of met die teenoorgestelde betekenis.

(3) Kinders vanaf St. 2 en hoër.

Hier is die leeswerk van die kinders tot 'n baie groter mate verwyder van hulle persoonlike ervaring. Lees moet 'n noue verband hê met die kind se ervaring om waardevol te wees. Dit moet egter onthou word dat lees ook 'n doeltreffende middel is om woorde en hulle betekenisse uit te brei. Behalwe die uitbreiding van die voorgaande aanbevelings word die volgende ter aanvulling gestel om aan te pas by die behoeftes van individue en klasgroepe.[1)]

---

1) Beery, Development of Reading Vocabulary and word recognition, 177.

(i) Kinders moet aangemoedig word om wakker te loop vir woorde waarvan die betekenis nie duidelik is nie. Kinders moet aangemoedig word om in hul groepe sinne met vreemde begrippe onder die aandag te bring sodat hulle gesamentlik moontlike betekenisse of betekenisnuanses kan aandui.

(ii) Die leerling moet die vermoë ontwikkel om die inhoudsverband as leidraad te laat dien om die betekenis van woorde af te lei.

McCullough[1] gee die volgende sewe inhoudsleidrade wat kinders gebruik:

(a) Definisie: Die woord mag gedefineer word in die sin.

(b) Ervaring: Uit sy ervaring mag die kind instaat wees om 'n paslike woord te voorsien.

(c) Vergelyking of teenstelling: Wat die kind weet of aanvoel i.v.m. eenderse of kontrasterende voorwerpe of toestande mag hom 'n leidraad gee van die korrekte woord.

(d) Sinonieme: Die aanduiding in die leesstof dat die nuwe term 'n ander woord is vir 'n bekende begrip mag al wees wat nodig is.

(e) Bekende uitdrukkings of taalervaringe: Hierdie leidraad geld vir idiome of uitdrukkings wat aanpas by die kind se woordeskatvoorraad.

(f) Opsomming: Dikwels som nuwe woorde die besonderhede van 'n situasie op.

(g) Weergawe van 'n stemming of toestand: Die algemene toon van 'n sin of paragraaf dui dikwels die betekenis van 'n woord aan.

---

1) McCullough, The Recognition of Context Clues in Reading. (aangehaal deur Beery) , 178.

(iii) Die leerlinge moet aangemoedig word om hulpmiddels soos prente, diagramme, kaarte, woordelyste, woordeboek en ensiklopedie te gebruik. Die gewone metode om van 15 tot 20 woorde na te slaan voor die leesles bring mee dat leerlinge werk wat hulle met hulle woordeboeke doen, oninteressant vind, en dit vertraag die intelligente gebruik daarvan. Die kinders moet eers die inhoud behandel en waar daar twyfel bestaan die woordeboek gebruik om die gepaste betekenis te kry.

(iv) Die aanbring van nuwe woordelyste in die klas, woordelyste in die boeke en die vervanging van holrugge-ryde woorde moet aangemoedig word. Hierdie werk moet nie beperk word tot die leesperiode alleen nie.

(v) Die kinders moet bewus word van die menigvuldige betekenisse wat n woord kan hê deur dit te illustreer of in sinne te gebruik.

(vi) Met die hulp van voorbereidende werk in die vorm van bespreking, bestudering van prente, verduideliking van die onderwys, lees van fiksie of visuele hulpmiddels en die radio kan leerlinge taamlike moeilike leesstof begryp.

(vii) Voorsiening moet gemaak word vir wye en baie leeswerk. Uitgebreide lees sal nie akkurate begrippe opbou nie, want kinders is geneig om nuwe terme oor te slaan en tevrede te wees met vae en onnakkurate betekenisse, maar nuwe woorde verkry betekenis, waarde en presiesheid van betekeins namate die kind dit oor en oor raakloop.

(viii) Hulp moet verleen word om abstrakte, algemene en tegniese terme te verstaan en waar die kind nie

altyd hulp van die onderwyser of ouer kan kry nie moet hy leer om deurmiddel van sy eie ervaring vergelykings te tref om sodoende die terme te bemeester.

(ix) Vergelykings van nuwe woorde met bekendes moet getref word, veral wanneer insig sal help om die betekenis te verstaan. Algemene voorsetsels en agtervoegsels en wortels van woorde kan so aangewend word.

(x) Die waarde van klankdril by vreemde woorde word beklemtoon in navorsingswerke van Nila Smith[1] en Donald Agnew[2]. Klanke moet beskou word as 'n middel tot woordherkenning, maar moet tog soms met inhouds- en visuele leidrade aangevul word. Die ervare leser is ervare in sy pogings om die een tegniek na die ander te gebruik soos die toestand dit vereis om woorde te probeer ken.

(xi) Die komitee[3] van die National Society for the Study of Education wat verantwoordelik was vir lees in die laerskool voel ten slotte dat verspreide lees van bekende woorde onder baie verskillende omstandighede die natuurlikste metode is om akkurate begripsvorming aan te moedig. Hulle is van oordeel dat die gebruik van supplementêre leesboeke en biblioteekboeke uitgebrei moet word.

Die globale metode om kinders te leer lees, is 'n natuurlike metode, want die kinders leer maklik 'n basiese woordeskat aan. Die metode alleen sal egter nie onafhanklike lesers voortbring nie. Kinders wat

---

1) Smith, Shall we teach Phonics?, 60 -67.
2) Agnew, The effect of varied amounts of Phonetic Training on Primary Reading, soos aangehaal deur Beery, 180.
3) Beery,Development of Reading Vocabulary and word Recognition, 180.

sukses behaal het sonder enige hulp, doen dit deurdat hulle onbewus vergelykings en veralgemenings tussen woorde aanleer. Opvoeders word dus gewaarsku teen 'n woordeskatuitbreidingsprogram wat te afsydig aangepak word van die leesprogram

E. Meting van Woordeskat.

Hierdie toetse het soos woordelyste hul nut, maar ook hulle beperkinge want hulle gee nooit 'n volledige maat van die woordeskat van 'n enkele kind nie, en moet gevolglik aangevul word deur observasie en analise van die kind se taalgebruik.[1)]

In Amerika is die groeptoetse van Gates[2)] onder die bekendstes en hulle bevat almal woordeskat of woordherhenningstoetse. Sy individuele toets die „Gates Diagnostic Test" gee in besonderhede 'n diagnose van die vermoë en die moeilikhede van woordherkenning. Hy het deurmiddel van 'n diagnose van die „Gates Oral Reading Test" en 'n vergelyking van die kind se klasposisie met sy posisie in die „Word Perception Test" en die „Word Pronunciation Test" kon bepaal of die kind hom hoofsaaklik toespits op woordherkenning in die sinsverband of op woordpatroonleidrade. Indien die leerling merkbaar hoër meet in die „Oral Reading Test" as in die „Word Recognition Test" is dit 'n aanduiding dat die leerling in vergelyking met die gemiddelde kind meer gebruik maak van die sinsverband van woorde. Is sy posisie heelwat laer dan maak die leerling meer gebruik van woordpatrone met die aanleer van woorde.

---

1) Seegers, Special Tools That Facilitate Expression, 149 - 153.
2) Gates, The Improvement of Reading, 205 - 211.

In Afrikaans is die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing se Stilleesltoets (Woordeskat) in drie vorms beskikbaar vir elk van drie groepe leerlinge. (Kyk Bylae 3 vir n voorbeeld).

Daar bestaan nie in Amerika waar die meeste van die toetse hulle oorsprong het, nog minder hier in Suid-Afrika enige publikasie wat n bepaalde metode aan die hand gee om woordeskat uit te brei nie. Heelwat navorsing is gedoen om te bepaal hoe spesifieke groepe woorde soos geskiedenisterme geskiedenisprestasie sal verbeter, maar geen breë metode wat die algemene peil sal beïnvloed en ook in die laerskool toegepas kan word, word spesifiek en in besonder gegee nie.

Die skrywer wil dan poog om in hierdie verhandeling so n metode daar te stel.

---

(6)SAMEVATTING:

Dit is noodsaaklik om die moedertaal te ontwikkel langs impressiewe sowel as ekspressiewe weë om dit behoorlik te kan gebruik en aan te wend tot voordeel van die individu.

Een van die belangrikste take van die skool is om daardie taalgebruike te onderrig wat die individu die beste sal baat en hom daartoe in staat sal stel om geestelik volwaardig te ontwikkel en om met ander omgang te hê, d.w.s. die skool moet hom leer praat, lees en skryf.

Lees is die belangrikste hulpmiddel in die leerproses. Wat die kind in sy kulturele vakke of rekenkunde leer, hang af van die vlotheid waarmee hy lees, sy leesbegrip en gevolglik van die woordeskat wat hy

in die loop van tyd opgebou het.

Daar is essensiële vereistes wat nodig is om effektiewe leertoestande deurmiddel van lees te skep soos William Gray dit stel. Dit is ook essensieël dat daar doeltreffende gestandaardiseerde toetse moet wees om lees- en woordeskatvermoë te meet, want die toetsresultate dien as grondslag vir doeltreffende remediërende onderrig.

Die besit van 'n ryk woordeskat is 'n noodsaaklike vereiste vir 'n behoorlike begrip en interpretasie van wat gelees word. Die kind moet woordbewus gemaak word sodat daar by hom 'n behoefte sal ontstaan om nuwe woorde aan te leer. Daar is 'n nou verband tussen die omvang van 'n kind se woordeskat en goeie skoolprestasie. Woordeskatuitbreiding moet 'n bepaalde behoefte vul; die woord moet in sy sinsverband aangeleer word, anders het woordeskatuitbreiding geen nut nie. Geleenthede moet gegee word om begrippe uit te brei sowel as oefening in woordherkenning. Direkte woordonderrig is belangriker as toevallige onderrig van woorde en woordbetekenisse.

HOOFSTUK 11.

EIE ONDERSOEK.

(1) DIE DOEL MET HIERDIE ONDERSOEK:

Die doel met hierdie ondersoek kan in die volgende punte saamgevat word:-

(1) Om te bepaal watter invloed veelvuldige leeswerk en besondere metodes van taalonderrig, wat veral direkte woordeskatuitbreiding ten doel het, sal hê op die uitbreiding van die woordeskat van leerlinge van st. 2 tot 5 oor 'n tydperk van twee kwartale.

(2) Om verder te bepaal of die direkte woordeskatuitbreiding enige positiewe invloed sal hê op die lees en begrip van paragrawe en sinne asook op leesspoed.

(3) By die st. 4-en 5-leerlinge sal ook nog getrag word om te bepaal of dié program van woordeskatuitbreiding enige positiewe invloed op die leerlinge se taalgebruik het.

---

(2) TOETSE VIR DIE EKSPERIMENT.[1)]

(a) Keuse van die toetse.

Die enigste gestandaardiseerde skolastiese Stilleestoetse en Taalgebruiktoetse in Afrikaans word deur die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, Pretoria, beskikbaar gestel. Hierdie skolastiese toetse is toepasbaar op drie groepe leerlinge, nl. Elementêr, Junior en Senior. Alleen die Elementêre toets vir st. 2 en 3 en die Juniortoets vir st.4 en 5 is toegedien. Elke toets het drie vorme, A, B en C.

---

1) Voorbeelde van die toetse vir hierdie eksperiment is opgeneem in bylae 3, bl.xvii.

Vorme A en B is alternatief tydens die eerste en hertoets gebruik.[1]

In st. 2 en 3 is die Elementêre skolastiese toetse ten opsigte van sinne, paragrawe, woordeskat en spoed toegedien. Aan die st. 4- en 5-leerlinge is soos reeds gestel die Juniortoetse ten opsigte van sinne, paragrawe, woordeskat, spoed en taalgebruik toegedien. Daar bestaan nie taalgebruiktoetse vir st. 2 en 3 nie.

(b) Inhoud van die toetse[1]

Die Elementêre- en Juniortoetse volg dieselfde patroon. Die volgende beskrywings geld dus vir albei:

(i) Stilleestoets - Sinne: Dit is 'n toets om vas te stel hoe goed sinne gelees en verstaan kan word. Daar staan eers 'n sin, dan 'n vragie oor die sin en daarna vier of vyf moontlike antwoorde. Om te wys dat hulle die sin verstaan moet die leerlinge die regte antwoord op die vragie uitsoek.

(ii) Stilleestoets - Paragrawe: Dit is 'n toets om vas te stel hoe goed die leerlinge paragrawe kan lees en verstaan. Die leerlinge lees eers 'n paragrafie, dan die vraag en die vier of vyf antwoorde. Daarna word die regte antwoord uitgesoek.

(iii) Stilleestoets - Woordeskat: Dit is 'n toets om vas te stel hoeveel woorde die leerlinge ken. Daar is eers 'n sinnetjie met een woord in swart vet letters. Daarna volg vier of vyf betekenisse waarvan een die betekenis is van die woord in swart vet letters. Die leerling soek die ooreenstemmende betekenis.

---

1) Vorme A. B. en C is gelykvormig. Vorm C word alleen aangewend indien daar tydens die gebruik van vorm A of B iets verkeerd gegaan het.
2) Kyk bylae 3, bl. xvii.

(iv) Stilleestoets - Spoed: Dit is n toets om vas te stel hoe vinnig die leerlinge kan lees. Die leerlinge moet n storie lees en hier en daar die gepaste woord wat tussen hakies saam met ander verskyn, onderstreep. Die aantal woorde wat reg onderstreep is, bepaal die leesspoed.

(v) Afrikaanse Taalgebruiktoets: Dit is vrae oor leestekens, hoofletters, spelling, woordkeuse, uitdrukkings, voorsetsels, werkwoorde, woordorde, ens. Hier is daar elf onderafdelings elkeen met sy behoorlike aanwysings.

(c) Tye van die verskillende toetse en die toepassing van die toetse.

Die tye van die toetse is bepaal en die toepassing word breedvoerig aangegee in die handleiding.[1)]

---

(3) PROEFSKOLE, PROEFNEMER EN PROEFPERSONE.

(a) Proefskole en Proefnemer.[2)]

Vir die uitvoering van die eksperiment is van twee Afrikaansmediumlaerskole gebruik gemaak, A en B. Albei skole ressorteer onder die Witwatersrand-Wesse Skoolraad en albei kan as voorstedelike skole beskou word.

Om die proefneming behoorlik te kan uitvoer, het die skrywer deurgaans self as proefnemer opgetree.

Die nasien van die woordeskattoetse, lees- en begripstoetse van paragrawe en sinne is deur die betrokke klasonderwysers en deur die Pn. gedoen. Al die leesspoed- en taalgebruiktoetse is weens die ingewikkeldheid daarvan deur die Pn. self nagesien.

---

1) Gestandaardiseerde Skolastiese Toetse, Handleiding, Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing.

(b) Die Proefpersone.

Die Ppe. wat bestaan het uit leerlinge van twee Afrikaansmediumskole in die Roodepoort-Maraisburg Munisipalegebied is onderverdeel in drie groepe:

Skool A: Toetsgroep.
Kontrolegroep A.
Skool B: Kontrolegroep B.

By skool A is beide die toetsgroep en kontrolegroep A aan die begin van die toetstydperk, middel April, getoets en weer aan die einde van die toetstydperk, die tweede helfte van September. By skool B is kontrolegroep B net aan die einde van die toetstydperk getoets. Die Pn. het aanvanklik net een skool vir die eksperiment in gedagte gehad. Namate die eksperiment uitgevoer is, het die Pn. bevrees geraak dat weens die aard van die eksperiment, kontrolegroep A by die toetsgroep in skool A kon aansteek en die finale resultate kon beïnvloed. ŉ Tweede skool, skool B, is toe betrek waarvan die Ppe. alleen die opvolgtoetse uitgevoer het om so te probeer bepaal of die kontrolegroep A by skool A wel enigsins beïnvloed was.

Skool B is gekies omdat dit nie meer as 3 myl van skool A is nie en omdat die Ppe. van beide skole redelike groot ooreenkoms vertoon wat betref agtergrond en skoolstandaard.

In skool A waar die Pn. hoof is, was daar dubbelklasse vir elke standerd. Die leerlinge is onderverdeel in klasse volgens hulle prestasie in hulle skoolwerk. Hierdie onderverdeling van leerlinge volgens hulle prestasiegroepe het dan ook grootliks gekorreleer met hulle intelligensie. Die swak klas

van elke standerd in skool A is deur die Pn. gekies as eksperimentele of toetsgroep omdat hierdie leerlinge dan ook die meeste sou baat deur so 'n proefneming. Volgens William McCall[1] maak die verskil tussen die stadiger toetsgroep en die vlugger kontrolegroep A nie saak nie. „Wanneer toestande dit nie moontlik maak om gelykwaardige groepe te kry nie, kan die leerlinge statisties gelykwaardig gemaak word d.m.v. die A.Q. of F-tegniek. Die doel van hierdie tegnieke is om enige groep, wat ook al hulle vermoë, hoog, gemiddeld of laag te neem en dit te omskep in 'n standaardgroep". Die onderliggende beginsel is dat dit van elke leerling vordering in ooreenstemming eweredig met sy vlugheid verwag. 'n Formule word gegee om te bepaal of die vordering dan ook eweredig is met sy vermoë tot vordering. So word verwag dat 'n klas met 'n hoë vermoë ooreenstemmend beter moet vorder. Die formule is:

S_1- (Aanvangs AQ - EF_1 - Finale AQ - AQ Verandering)

S_2- (Aanvangs AQ - EF_2 - Finale AQ - AQ Verandering)

$$\text{Aanvangs AQ (Prestasie Kwosiënt)} = \frac{\text{Aanvangs Woordeskat O.V.O. by aanvang.}}{}$$

$$\text{Finale AQ} = \frac{\text{Finale Woordeskatouderdom.}}{\text{Finale Verstandsouderdom.}}$$

S_1 = Eksperimentele of Toetsgroep

S_2 = Kontrolegroep

EF_1 = Eksperimentele faktore (Woordeskatuitbreiding en veelvuldige lees.)

EF_2 = Normale gang.

---

1) McCall, How to Experiment in Education, 58.

Volgens McCall word dit dan van die individuele leerling verwag om te vorder eweredig met sy vermoë.[1)]

---

1) Die volgende voorbeeld stel die beginsel duideliker: Gestel daar is vier leerlinge A, B, C en D elk met die ouderdom 11 jr. en met I.K.'s onderskeidelik 80, 100, 120 tot 140. Hulle V.O.'s (Verstands-ouderdomme) wissel dan van 8.10, 11, 13.2 na 15.5 jr. onderskeidelik waar

$$V.O. = \frac{I.K. \times K.O.}{100}$$

Leerling	K.O. J.	M.	I.K.	V. O. J.	M.
A.	11		80	8	10
B.	11		100	11	0
C.	11		120	13	2
D.	11		140	15	5

Na 5 maande sal die V.O. as volg lees:

Leerling	K.O. J.	M.	I.K.	V.O. J.	M.	Verskil in maande.
A.	11	5	80	9	2	+ 4
B.	11	5	100	11	5	+ 5
C.	11	5	120	13	8	+ 6
D.	11	5	140	16	0	+ 7

Dit word dus van leerling A met 'n I.K. van 80 verwag om onder normale omstandighede in die loop van 5 maande net 4 maande se verstandelike vordering te toon terwyl leerling D met dieselfde ouderdom en met 'n I.K. van 140 7 maande verstandelik moet vorder.

Die volgende tabel I gee die verdeling van die Ppe. oor die verskillende groepe, leeftye en standerds.

Tabel I

Verdeling van Proefpersone.

Toetsgroep.

St.	Geslag	8jr.	9jr.	10jr.	11jr.	12jr.	13jr.	Tot.
2	S	3	10	3				16
	M	4	6					10
3	S		5	9	2			16
	M		6	2				8
4	S			6	5	2		13
	M			6	7	2	1	16
5	S				5	9		14
	M				5	6	4	15
Totaal		7	27	26	24	19	5	108

Kontrolegroep A.

St.	Geslag	8jr.	9jr.	10jr.	11jr.	12jr.	13jr.	Tot.
2	S	2	16					18
	M	4	8					12
3	S		8	8				16
	M		11	7	1			19
4	S			3	7	1		11
	M			9	14	1		24
5	S				4	13		17
	M			1	10	15		26.
Totaal		6	43	28	36	30		143

Kontrolegroep B.

St.	Geslag	8jr.	9jr.	10jr.	11jr.	12jr.	13jr.	Tot.
2	S	4	11	4				19
	M	1	12	5				18
3	S		2	7	4	1		14
	M		2	7	4			13
4	S			1	12	4		17
	M			1	11	5		17
5	S				2	10	11	23
	M				2	17	6	25
Totaal		5	27	25	35	37	17	146
GROOT TOTAAL		18	97	79	95	86	22	397

Aanvanklik is 'n toetsgroep met 120 Ppe. begin en kontrolegroep A met 157, d.w.s. 'n groot totaal van 423 Ppe. Weens siekte tydens die opvolgtoets, verhuising en ander faktore moes met 397 volstaan word.

Daar moet nog ten slotte die leesgeleenthede van die Ppe., by die twee skole wat in hierdie eksperiment betrokke is, bepaal word. Skool A bestaan slegs 3 jaar; dit was voorheen 'n deel van 'n parallelskool. Dit is eers die afgelope jaar dat die beperkte biblioteek, met sowat 1,000 boeke, in gebruik geneem is. Die leerlinge het dus min geleentheid by die skool gekry om te lees. Gedurende twee middae per week kon die leerlinge wat begerig was, boeke leen by die openbare biblioteek, 'n tak van die plaaslike munisipale biblioteek. Die ouers van hierdie leerlinge, van wie meestal spoorwegamptenare, kan beskryf word as 'n vooruitstrewende groep mense effens bo die gemiddelde bevolkingsgroep.

Uit 'n opname het geblyk dat ruim 80% van die ouers gereeld koerante of tydskrifte of boeke aankoop.

Die leerlinge van kontrolegroep B van skool B bestaan uit leerlinge van beide prestasiegroepe, d.w.s. swak en goeie leerlinge. Ekonomies sowel as sosiaal vorm hulle ouers die middelklas. Hulle is versprei oor 'n groot verskeidenheid beroepe soos mynwerkers, munisipale amptenare, spoorwegwerkers, spoorwegamptenare, ens.. Skool B is 'n ou gevestigde skool met 'n goed toegeruste skoolbiblioteek. Die afgelope jaar het die leerlinge die skoolbiblioteek nie ten volle benut nie omdat die biblioteek herorganiseer word. Die openbare biblioteek is naby die skool en die leerlinge wat wil kan elke dag daarvan gebruik maak.

Wat vrye leesgeleentheid betref, sou gesê kan word, dat daar nie veel verskil tussen die twee skole ten tye van die toetstydperk was nie.

---

(4) BEPALING VAN DIE INTELLIGENSIE KWOSIËNTE.

Die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoetse is by beide skole toegepas om die intelligensie te bepaal. Hierdie toetse is gebruik omdat die I.K.'s van leerlinge reeds vanaf die ouderdom van 8 jaar bepaal kan word deur die gebruik van groeptoetse. Die proefneming kan dus op redelike skaal alleenlik vanaf standerd 2 toegepas word, daarom dat die omvang van die Ppe. beperk is van leerlinge van st. 2 tot en met st. 5.

Die gemiddelde I.K.'s van die verskillende klasse in die verskillende groepe is vervat in tabelle II, III en IV op bladsye 62, 63 en 64.

Die resultate van die intelligensietoets word weergegee as verstandsouderdom (V.O), waar

$$V.O. = \frac{I.K. \times K.O.}{100.}$$

Tabel II

Gemiddelde I.K.'s van die klasse wat in die Toetsgroep in skool A deelgeneem het.

Klas	I. K. N. V.	I. K. V.	Totale I.K.
Standerd 2 Seuns	102	92	97
Meisies	105	102	104
Totaal	103	96	99
Standerd 3 Seuns	102	97	100
Meisies	104	100	102
Totaal	103	98	101
Standerd 4 Seuns	99	98	99
Meisies	99	100	100
Totaal	99	99	99
Standerd 5 Seuns	105	103	104
Meisies	105	99	102
Totaal	105	101	103

Die V.O. van 'n kind is 'n maat van sy verstandelike rypheid. Dit dui die peil van otwikkeling aan wat die kind op 'n sekere tydstip bereik het. Met behulp van die V.O. is die onderwyser instaat om :[1)]

(a) die skolastiese prestasies van die kind te beoordeel;

(b) 'n aanduiding te hê van die skolastiese peil wat die kind kan bereik; en

---

1) Bulletin, Transvaalse Onderwysdepartement, Vol.1,

Tabel III.

Gemiddelde I.K.'s van die klasse wat in Kontrolegroep A in skool A deelgeneem het.

Klas	I. K. N. V.	I. K. V.	Totale I.K.
Standerd 2 Seuns	121	112	119
Meisies	121	112	118
Totaal	121	112	119
Standerd 3 Seuns	114	113	115
Meisies	118	117	119
Totaal	116	115	117
Standerd 4 Seuns	112	112	113
Meisies	116	115	117
Totaal	115	114	116
Standerd 5 Seuns	108	109	109
Meisies	111	114	113
Totaal	110	112	112

(c) 'n skatting of raming te maak van die intellektuele take waarmee elke leerling in die klas kan werk in ooreenstemming met sy intellektuele vermoë.

Die N.S.A.G.T. is spesiaal gebruik omdat die toets 'n nie-verbale, verbale en totale I.K. aandui. Dit is wenslik om in individuele gevalle die kind se prestasie te vergelyk met sy verbale I.K. omdat die toetse uitsluitlik taaltoetse is. Die V.O.is egter bepaal met behulp van die totale I.K. In die praktyk het die totale I.K. meer waarde en hou meer betekenis in vir die gewone onderwyser as die verbale I.K. Die toetse is in albei skole deur opgeleide persone toegedien en die I.K.'s deur hulle bepaal. Die Pn het

Tabel IV.

Gemiddelde I.K.'s van die klasse wat in Kontrolegroep B in skool B deelgeneem het.

Klas	I. K. N. V.	I. K. V.	Totale I.K.
Standerd 2 Seuns	107	101	104
Meisies	97	98	97
Totaal	102	99	101
Standerd 3 Seuns	104	103	104
Meisies	101	99	101
Totaal	103	101	102
Standerd 4 Seuns	100	97	99
Meisies	102	102	102
Totaal	101	100	100
Standerd 5 Seuns	109	105	107
Meisies	112	106	109
Totaal	111	106	108

Dit sal dus blyk uit tabelle II, III en IV en ook uit die latere toetsresultate dat daar geringe verskil is in die V.O. en die K.O. by die Toetsgroep en by Kontrolegroep B, behalwe in die geval van die st. 5 klas van kontrolegroep B. In die geval van Kontrolegroep A is al die klasse se V.O. heelwat hoër as die K.O. weens die groep se heelwat hoër gemiddelde I.K.'s.

(5) TOEDIENING VAN DIE EERSTE REEKS TOETSE.

(a) Prosedure by die toepassing van die toetse.

Aan die begin van die tweede kwartaal, tussen 11 en 19 April 1957, het alle leerlinge in die toetsgroep en kontrolegroep A in skool A die vier stilleestoetse: sinne, paragrawe, woordeskat en sinne, afgelê. Die standerd 4 en 5 leerlinge het ook die taalgebruiktoetse afgelê. Standerds 2 en 3 het die elementêre toetse en die standerds 4 en 5 die juniortoetse afgelê. Alle leerlinge het vorm A van die betrokke toets gebruik. Die onderstaande tabelle V en VI gee die getalle.

Tabel V.

Leerlinge in die Toetsgroep en Kontrolegroep A wat die eerste reeks toetse in April 1957 afgelê het.

	St.2	St.3	St.4	St.5		Totaal
Toetsgroep	28	29	30	32	=	119
Kontrolegroep A	38	37	36	43	=	154
Totaal	66	66	66	75	=	273.

Tabel VI.

Leerlinge in die Toetsgroep en Kontrolegroep A wat die opvolgtoetse in September 1957 afgelê het.

	St.2	St.3	St.4	St.5		Totaal.
Toetsgroep	26	24	29	29	=	108
Kontrolegroep A	30	35	35	43	=	143
Totaal	56	59	64	72	=	251

Beide die toetsgroep en kontrolegroep A het elk met 11 verminder. Weens verhuising, siekte, en een geval van stokkiesdraai is die getalle met 22 verminder. Kontrolegroep B van skool B word nie getabuleer nie omdat hulle net die opvolgtoets afgelê het.

Vir die stilleestoetse : paragrawe, woordeskat en sinne is gebruik gemaak van 'n antwoordvel (Kyk Bylae 2, bl. xv.). Dit bring 'n besparing van toetsboeke mee. Die ouderdoms- en standerdnorms, verskaf deur die Transvaalse Onderwysdepartement, is gestandaardiseer met die gebruik van antwoordvelle.

Vir die leesspoed- en die taalgebruiktoetse was dit uit die aard van die saak nie moontlik om van die antwoordvelle gebruik te maak nie.

(b) Nasien van die toetse.

Die toetse is met behulp van sleutels wat saam met die toetse verskaf is, nagesien. Die betrokke klasonderwysers het die paragraaf-, sinne- en woordeskattoetse nagesien. Die Pri. het alle leesspoed en Taalgebruiktoetse nagesien.

(c) Norms.

Die norms vir die toetse is in die vorm van persentielrange vir beide standerd en ouderdom verstrek deur die Nasionale Buro. Die gemiddelde vir elke standerd en ouderdomsgroep is verskaf. Die norms vir die alternatiewe vorms A en B wat gebruik is, is dieselfde. Die Transvaalse Onderwysdepartement verskaf tabelle waarmee die roupunt direk kan omgesit word in standerd- en ouderdomsnorms. Die middelouderdomme van leerlinge is volgens ouderdomstabelle van Junie 1954 in Transvaalse blanke openbare skole bereken - tabel VII.

Tabel VII.

Middelouderdomme van Leerlinge in Transvaalse Blanke Openbare Skole :(Volgens Ouderdomstabelle van Junie 1954.

Maand van jr.	Gr.i	Gr.ii	St.1	St.2	St.3	St.4	St.5	St.6	St.7	St.8	St.9	St.10
0		6.11	8.0	9.0	10.1	11.2	12.3	13.2	14.5	15.4	16.2	17.0
2	6.1	7.2	8.2	9.3	10.4	11.5	12.4	13.7	14.6	15.4	16.2	17.1
3	6.2	7.3	8.3	9.4	10.5	11.6	12.5	13.8	14.7	15.5	16.3	17.2
4	6.3	7.4	8.4	9.5	10.6	11.7	12.6	13.9	14.8	15.6	16.4	17.3
5	6.4	7.5	8.5	9.6	10.7	11.8	12.7	13.10	14.9	15.7	16.5	17.4
6.	6.5	7.6	8.6	9.7	10.8	11.9	12.8	13.11	14.10	15.8	16.6	17.5
7.	6.6	7.7	8.7	9.8	10.9	11.10	12.9	14.0	14.11	15.9	16.7	17.6
8.	6.7	7.8	8.8	9.9	10.10	11.11	12.10	14.1	15.0	15.10	16.8	17.7
9.	6.8	7.9	8.9	9.10	10.11	12.0	12.11	14.2	15.1	15.11	16.9	17.8
10.	6.9	7.10	8.10	9.11	11.0	12.1	13.0	14.3	15.2	16.0	16.10	17.9
11.	6.10	7.11	8.11	10.0	11.1	12.2	13.1	14.4	15.3	16.1	16.11	17.10

Daar is voorkeur gegee aan die norms verskaf deur die Transvaalse Onderwysdepartement omdat dit tans algemeen aangewend word en makliker is vir 'n onderwyser, hoof of inspekteur om vergelykings te tref tussen die leerling en die klas se prestasies of die gemiddelde leerling van die betrokke ouderdom,klas en stadium van ontwikkeling. Daar moet bepaal word of die leerling sal verbeter tydens die eksperimentele tydperk en daarom is die ouderdoms- en standerdnorms verkiesliker.

Indien die gemiddelde punt vir 'n leestoets vir 'n leerling van 9 jr. 40 is in die normerende groep, dan het elke leerling met 'n punt van 40 'n leesouderdom van 9 jr., afgesien van sy kronologiese ouderdom. Die ouderdomsekwivalente vir 'n intelligensietoets is bekend as verstandsouderdom; vir 'n leestoets as leesouderdom; en vir die hele prestasiegroeptoetse as opvoedkundige of skolastiese ouderdom. Die gebruik van ouderdomsnorme wat ouderdomsekwivalente verskaf gee betekenis en waarde aan betekenlose roupunte. Dit kan dus gebeur dat 'n leerling met 'n K.O. van 9 jr. en 'n V.O. van 10 jr. 6m. 'n woordeskat O. van 9 jr.; 'n paragraaf O. van 10 jr. 8 m.; 'n leesspoed O. van 8 jr. 8 m.; 'n sinne O. van 9 jr. 6 m. 'n opvoedkundige of skolastiese O. van 9 jr. 5 m. het.

(i) <u>Vergelyking van die leeftydsouderdom (K.O.) verstandsouderdom (V.O.) en die prestasie-ouderdom in woordeskat, ens.</u>

Die waardebepaling van 'n proefpersoon behels die volgende begrippe:

(a) intellektuele vermoë onder of bo die gemiddelde:

(b) skolastiese minder- of meerderwaardigheid ten opsigte van kinders van hulle eie ouderdoms-

groep; en

(c) die leerling se skolastiese prestasie is onder standaard of op standaard van sy eie potensiële vermoë.

Ons vergelyk die prestasie van dom of agterlike kinders met die van kinders van dieselfde ouderdom, maar vertraging word gebaseer op 'n vergelyking van die kind se prestasie met sy eie vermoëns, d.w.s. sy V.O.

Daar moet besef word dat 'n kind of dom of agterlik is, of hy kan beide dom en agterlik wees. 'n Agterlike kind is nie noodwendig dom nie, nog minder is 'n vertraagde kind noodwendig agterlik. 'n Dom kind kan agterlik en vertraag wees, hy sal altyd agterlik wees maar hy hoef nie noodwendig vertraag te wees nie. In die praktyk is die grootste gros slim en dom kinders vertraag, omdat hulle prestasie op skool nie ooreenkom met hulle intellektuele vermoëns nie.[1)]

Domheid kan ook gedefinieer word in terme van die kind se V.O. en agterlikheid in terme van sy opvoedkundige of skolastiese ouderdom. Vertraging is die verhouding van die kind se V.O. tot sy skolastiese- of prestasieouderdom.

Dit kan met die volgende voorbeelde duideliker gestel word 1. K.O. 2. V.O. en 3. Leesouderdom of skolastiese ouderdom in lees.[2)]

Leerling Nr. 1. K.O. 10.0 (Kronologieseouderdom);
V.O. 8.4 (Verstandsouderdom); en
L.O. 8.2 (Leesouderdom).

---

1). Bulletin, Transvaalse Onderwysdepartement, Vol.1, Nr.2, 51.
2). Bulletin, ibid., 51.

Dié leerling is dom wanneer sy K.O. en V.O. vergelyk word. Hy is 10 jr. oud en het net die vermoë om die werk van 'n leerling van 8 jr. 4 m. te doen. Hy is agterlik waar die K.O. en L.O. vergelyk word omdat hy 10 jr. is en net so goed kan lees as 'n leerling van 8 jr. 2 m. Hy is dus 1 jr. 10 m. agterlik. Hy is egter nie vertraag indien die V.O. en L.O. vergelyk word nie, omdat sy L.O. 8 jr. 2 m. en sy V.O. 8 jr. 4 m. is. Indien sy L.O. 7 jr. 2 m. was sou hy ook vertraag gewees het.

Leerling Nr. 2: K.O. 9 jr 6 m.;
V.O. 10 jr. 6 m.; en
L.O. 8 jr. 0 m.

Dié leerling is agterlik (K.O. en L.O.) en vertraag (V.O. en L.O.) maar hy is nie dom nie (K.O. en V.O.). Hier is 'n goeie voorbeeld van 'n leerling wat stadig leer. Hierdie leerling behoort dan ook remediërende onderrig te geniet omdat hy die vermoë het om te werk soos 'n kind van 10 jr. 6 m. terwyl hy slegs lees soos 'n kind van 8 jr.

(ii) Vergelyking van individuele prestasies in elke klas.

Die toetsresultate word op so 'n wyse getabuleer sodat dit in verband gebring word om interpretasie te vergemaklik. Die huidige toetsresultate is dan ook volgens die hoofde in tabelle VIII, X, XII en XIV getabuleer vir elke individu waarna vir elke groep in elke klas die gemiddelde prestasie vir seuns, meisies en die klas soos in genoemde tabelle uitgewerk is.

(d) Skolastiese Kwosiënte.[1)]

Die skolastiese toetse is saamgestel om 'n leerling se werklike peil van akademiese bekwaamheid, bv. paragraafbegrip, woordeskat, leesspoed, e.d.m. te bepaal.

Waar die I.K. toets gebruik word om al die aspekte van die kind se potensialiteite bloot te lê, kan die skolastiese toets dus net een aspek van 'n vak meet. Die skolastiese toets vul die kennis van die intelligensietoets aan en voorsien die onderwyser met meer kennis i.v.m. drie sake:

(i) Die skolastiese peil van 'n leerling in 'n besondere vak, bv. in woordeskat het 'n leerling 'n woordeskatouderdom (Woordeskat O.) van 9 jr. of 'n standerdouderdom (Standerd O.) van st. 2, Januarie. Die onderwyser kan die kind se punte vergelyk met die van ander leerlinge in die klas, die gemiddelde prestasie van sy sowel as ander klasse asook met die gestandaardiseerde norms.

(ii) Die vordering van die leerling in 'n vak. Deur verskillende vorms (bv. A en B) van ekwivalente waarde van dieselfde toets te gebruik, kan die Pn. die kind se vor ring oor 'n tydperk van 5 tot 6 maande bepaal.

(iii) Inspanning: Die Pn. het nie net belang om die kind se prestasie met ander te vergelyk nie maar om ook elke kind se prestasie met sy eie potensialiteit te vergelyk. Indien die V.O. aandui dat die leerling instaat is om so goed as 'n kind van 12 jr. te presteer en sy werklike prestasie is net 10 jr. dan kan die Pn. die verslapping meet deur die skolastiese of prestasie of opvoedkundige kwosiënt (S.K.) te bepaal.

$$S.K. = \frac{\text{Opvoedkundige Ouderdom} \times 100}{\text{Verstandsouderdom.}}$$

$$= \frac{10}{12} \times \frac{100}{1}$$

$$= 83.$$

Indien die S.K. laer is as die normale wat val tussen

volgens sy vermoë presteer nie. Dit is die taak van die onderwyser om die beste uit elke leerling, na sy vermoë, te haal. 'n S.K. van 100 is goed, oor 100 baie goed. Dit word dikwels gesê dat iemand meer kan doen as waartoe hy instaat is. Belangstelling in die onderwerp, behoorlike stimulering en die gewenste inspirasie by die onderwyser dra baie daartoe by om die kind se prestasie te verhoog.

Vir die doel van hierdie ondersoek is die S.K. vir elke onderdeel van die toets asook vir die gesamentlike toetse bepaal om sodoende vordering of agteruitgang van elke klas in elke groep te bepaal.

---

(6) INTERPRETASIE VAN DIE EERSTE TOETSRESULTATE.

Die volgende tabelle VIII, X, XII en XIV gee die prestasies wat deur die toetsgroep en kontrolegroep A in standerds 2, 3, 4 en 5 behaal is met die eerste toets tussen 11 en 19 April.

St.2 'n Analise van die toetsresultate van die toetsgroep in st. 2 volgens tabel VIII, bl. 73, toon dat die gemiddelde ouderdom van die groep 9 jr. 3 m. is met 'n gemiddelde I.K. van 99. Die V.O. is 9 jr. 2 m., paragraafouderdom 8 jr. 6 m., woordeskatouderdom 8 jr. 7 m., leesspoedouderdom 8 jr. 1 m, sinne-ouderdom 9 jr. 1 m. en die gemiddelde skolastiese ouderdom 8 jr. 6 m. Hierdie groep leerlinge is agterlik waar die K.O. en die gemiddelde S.O. (Skolastiese Ouderdom) vergelyk word en vertraag waar die V.O. en die S.O. vergelyk word. Volgens die vergelykende profiele in grafiek 1 bl. 97 is dit duidelik dat hierdie groep deurgaans vertraag is ten opsigte van die klasnorm. Die

TABEL VIII.

Toetsresultate van standerd 2 in April 1957.

	SEUNS OF MEISIES	OUDERDOM JARE EN MAANDE	NIE-VERBALE I.K.	VERBALE I.K.	TOTALE I.K.	VERSTANDS-OUDERDOM	PARAGRAWE O.	PARAGRAWE ST.	PARAGRAWE S.K.	WOORDESKAT O.	WOORDESKAT ST.	WOORDESKAT S.K.	LEESSPOED O.	LEESSPOED ST.	LEESSPOED S.K.	SINNE O.	SINNE ST.	SINNE S.K.	SKOLASTIESE O.	SKOLASTIESE ST.	SKOLASTIESE K.
TOETSGROEP	S.	9.5	102	92	97	9.1	8.3	1.3	91	8.5	1.5	93	8.0	1.0	87	9.3	2.2	102	8.5	1.5	93
	M.	9.1	105	102	104	9.4	8.10	1.10	95	8.9	1.9	94	8.1	1.1	87	8.10	1.10	95	8.7	1.7	92
GEMIDDELDE		9.3	103	96	99	9.2	8.6	1.6	93	8.7	1.7	94	8.1	1.1	88	9.1	2.1	99	8.6	1.6	93
KONTROLEGROEP A	S.	9.2	121	112	119	10.11	9.8	2.7	89	9.5	2.4	86	9.5	2.4	86	10.1	3.0	92	9.7	2.6	88
	M.	9.2	121	112	118	10.10	10.6	3.4	97	9.9	2.8	90	9.9	2.8	90	10.4	3.2	96	10.0	2.11	92
GEMIDDELDE		9.2	121	112	119	10,11	10.0	2.11	92	9.6	2.5	87	9.7	2.6	88	10.2	3.1	93	9.9	2.8	89
NORM VIR KLAS		9.5	100	100	100	9.5	9.5	2.4	100	9.5	2.4	100	9.5	2.4	100	9.5	2.4	100	9.5	2.4	100

paragraaf S.K., woordeskat S.K., leesspoed S.K., sinne S.K. en die gemiddelde skolastiese kwosiënt is onderskeidelik 93, 94, 88, 99 en 93 in vergelyking met die norm van 100.

Kontrolegroep A , st. 2,se gemiddelde ouderdom is 9 jr. 2 m., die gemiddelde I.K. 119 en die V.O. 10 jr. 11 m.. Die opdoedkundige ouderdomme vir paragrawe is 10 jr., woordeskat 9 jr. 6 m., leesspoed 9 jr. 7 m., sinne 10 jr. 2 m en die gemiddelde skolastiese O. 9 jr. 9 m.. Hierdie leerlinge is vertraag waar die V.O. en die S.O. vergelyk word. Volgens die vergelykende profiele in grafiek 1, bl.97 is dit duidelik dat hierdie groep nog meer vertraag is as die toetsgroep wat 'n laer gemiddelde I.K. het. Omdat ons opvoedkundige stelsel waarskynlik so „ingestel" is om groter dryfkrag vir die stadige as die slim leerling te bied, is bevind dat die stadiger leerlinge in die meeste gevalle 'n hoër gemiddelde skolastiese kwosiënt het.[1] Die skolastiese kwosiënte vir kontrolegroep A is vir paragrawe 92, woordeskat 87, leesspoed 88, sinne 93 en die gemiddelde 89, ver onder die norm van 100.

Die toetsgroep se gemiddelde skolastiese standerd is st. 1, Junie. Kontrolegroep A se gemiddelde skolastiese standerd is st. 2, Augustus. Die verhouding van die werklike standerd tot die V.O. en behaalde st. kom na vore in tabel IX op bl. 75. Die toetsgroep is in werklikheid 10 maande benede standaard met 'n ouderdom 2 maande jonger as die normerende groep en 'n I.K. van 99. Kontrolegroep A is weer 4 maande gevorder, hoewel

---

1) Nelson, Tests and Measurements in Elementary

3 maande jonger en met 'n I.K. van 119.

TABEL IX.

Verhouding van die werklike st. tot die V.O. st. en die behaalde st. in st. 2, April.

Groep	Werklike St.	V.O. St.	Behaalde St. April,1957.	Vertraging in verhouding tot V.O.
Toets-groep	2,April	2, Jan.	1, Junie	- 7 maande
A	2,April	3, Sept.	2, Aug.	- 13 maande

Hier is ook bevestiging vir Nelson se stelling. Die slimmer kontrolegroep A (I.K.119) is in st. 2,April, presteer soos st.2, Aug., maar behoort te presteer soos st. 3,Sept.. Die stadiger toetsgroep (I.K. 99) is in st. 2, April, presteer soos st. 1, Junie, en behoort te presteer soos st. 2, Jan.. Die vraag doem al dadelik op: in hoeverre kan 'n slim leerling wat alreeds 4 maande bo sy groep gepresteer het 'n verdere 13 maande inhaal waar ons onderwys in die laerskool geen voorsiening maak vir werklike differensiasie nie. 'n Kind se paragraafbegrip, woordeskatvermoë, leesspoed en sinnebegrip is tog immers grotendeels afhanklik van sy skoolervaring. Selfstandige lees en persoonlike ervaring dra natuurlik ook by.

By die toetsgroep is daar weinig verskil tussen die seuns en die meisies. By die kontrolegroep A toets die meisies heelwat hoër sodat hulle gemiddelde S.K. 4 punte hoër is.

St. 3: 'n Analise van die toetsresultate van die toetsgroep in st. 3, tabel X, bl.76 toon dat die gemiddelde ouderdom van die groep 10 jr. 1 m. in April 1957 is met 'n gemiddelde I.K. van 101 en 'n V.O. van 10 jr. 2 m..

TABEL X.

Toetsresultate van standerds 3 in April 1957.

	SEUNS OF MEISIES	OUDERDOM JARE EN MAANDE	NIE-VERBALE I.K.	VERBALE I.K.	TOTALE I.K.	VERSTANDS-OUDERDOM	PARAGRAWE O.	PARAGRAWE ST.	PARAGRAWE S.K.	WOORDESKAT O.	WOORDESKAT ST.	WOORDESKAT S.K.	LEESSPOED O.	LEESSPOED ST.	LEESSPOED S.K.	SINNE O.	SINNE ST.	SINNE S.K.	SKOLASTIESE O.	SKOLASTIESE ST.	SKOLASTIESE S.K.
TOETSGROEP	S.	10.4	102	97	100	10.3	9.10	29	96	9.3	2.2	90	9.0	20	88	10.7	35	103	9.8	2.7	95
	M.	9.9	104	100	102	10.0	92	21	92	9.4	2.3	94	9.0	20	90	9.9	28	99	9.3	2.2	93
GEMIDDELDE		10.1	103	98	101	10.2	9.7	2.6	95	9.3	2.2	91	9.0	20	89	10.4	3.2	102	9.6	2.5	94
KONTROLEGROEP A	S.	9.11	114	113	115	11.5	11.6	4.3	101	10.7	3.5	93	10.10	3.8	95	12.5	5.3	109	11.4	4.1	99
	M.	10.1	118	117	119	11.11	11.4	4.1	95	10.7	3.5	89	11.4	4.1	95	12.11	5.9	109	11.6	4.3	97
GEMIDDELDE		10.0	116	115	117	11.8	11.5	4.2	98	10.7	3.5	91	11.1	3.11	95	12.8	5.6	109	11.5	4.2	98
NORM VIR KLAS		10.6	100	100	100	10.6	10.6	3.4	100	10.6	3.4	100	10.6	3.4	100	10.6	3.4	100	10.6	3.4	100

Die ouderdomme vir paragrawe is 9 jr. 7m, woordeskat 9 jr. 3 m., leesspoed 9 jr., sinne 10 jr. 4 m. en die gemiddelde skolastiese ouderdom 9 jr. 6 m. Hierdie groep is agterlik waar die K.O. en die gemiddelde S.O. vergelyk word. Volgens die vergelykende profiele in grafiek 2 bl.104 is dit duidelik dat hierdie groep behalwe vir hulle sinneprestasie ook deurgaans vertraag is ten opsigte van die klasnorm. Die skolastiese kwosiënt vir paragrawe is 95, woordeskat 91, leesspoed 89, sinne 102 en die gemiddelde 94 in verhouding tot die norm van 100.

Kontrolegroep A se gemiddelde ouderdom was 10 jr. in April met 'n gemiddelde I.K. van 117 en 'n V.O. van 11 jr. 8 m.. Die ouderdomme vir paragrawe is 11 jr. 5m., woordeskat 10 jr. 7 m., leesspoed 11 jr. 1 m., sinne 12 jr. 8 m. en die gemiddelde skolastiese ouderdom 11 jr. 5 m.. Hierdie groep is nie agterlik en ook nie vertraag nie. Dit blyk uit die vergelykende profiele in grafiek 2, bl.104 . Die skolastiese kwosiënte vir paragrawe is 98, woordeskat 91, leesspoed 95, sinne 109 en die gemiddelde 98.

Die toetsgroep en kontrolegroep A se verhouding van die werklike st. tot die V.O. st. tot die behaalde st. word uiteengesit in tabel XI.

TABEL XI.

Verhouding van die werklike st. tot die V.O. st. en en die behaalde st. in st. 3, April.

Groep	Werklike St.	V.O. St.	Behaalde St. April, 1957.	Vertraging in verhouding tot V.O.
Toets-groep	3, April	3,Jan.	2, Mei	-8 maande
A	3, April	4,Mei	4, Feb.	-3 maande

Die toetsgroep is in werklikheid 11 maande benede die norm met 'n ouderdom 5 maande jonger as die normerende groep en 'n I.K. van 101. Kontrolegroep A is weer 10 maande gevorderd hoewel 6 maande jonger met 'n I.K. van 117. In beide die toetsgroep en kontrolegroep A is daar weinig verskil tussen die seuns en die meisies. Die seuns het in beide gevalle 'n effens hoër gemiddelde.

St.4: 'n Analise van die toetsresultate van die toetsgroep in st. 4 in April, 1957 , tabel XII, bl. 79, toon dat die gemiddelde ouderdom van die groep 11jr. 4 m. is met 'n gemiddelde I.K. van 99. Die V.O. is 11 jr. 3 m.. Die ouderdom vir paragrawe is 11 j. 8 m., woordeskat 10 jr. 9 m., leesspoed 10 jr. 6 m.,sinne 11 jr. 3 m.. en die gemiddelde 11 jr. Hierdie groep is ook nie juis agterlik of vertraag nie. Volgens die vergelykende profiele in grafiek 3, bl.109 is hierdie groep wat betref woordeskat en leesspoed wel tot 'n mate vertraag. Die kwosiënte vir paragrawe is 104, woordeskat 96, leesspoed 93, sinne 100 en die gemiddelde 98.

Kontrolegroep A se gemiddelde ouderdom is 11 jr. 2 m., die gemiddelde I.K. 116 en die V.O. 12 jr. 11 m.. Die ouderdomme vir paragrawe is 12 jr. 2m., woordeskat 12 jr., leesspoed 11 jr. 2 m., sinne 12 jr. 1 m. en die gemiddelde skolastiese ouderdom 11 jr. 10 m. Hierdie groep is nie agterlik nie maar wel vertraag. Volgens die vergelykende profiele in grafiek 3, bl.109 is hierdie slimmer standerd 4-groep netsoos die slimmer st. 2-groep meer vertraag as die toetsgroep met 'n laer gemiddelde I.K.. Die skolastiese kwosiënte vir paragrawe is 94, woordeskat 93, leesspoed 86, sinne 94 en die gemiddelde 92, almal heelwat onder die norm van 100.

TABEL XII.

Toetsresultate van standerds 4 in April 1957.

	SEUNS OF MEISIES	OUDERDOM JARE EN MAANDE	NIE-VERBALE I.K.	VERBALE I.K.	TOTALE I.K.	VERSTANDS-OUDERDOM.	PARAGRAWE O.	PARAGRAWE ST.	PARAGRAWE S.K.	WOORDESKAT O.	WOORDESKAT ST.	WOORDESKAT S.K.	LEESSPOED O.	LEESSPOED ST.	LEESSPOED S.K.	SINNE O.	SINNE ST.	SINNE S.K.	SKOLASTIESE O.	SKOLASTIESE ST.	SKOLASTIESE S.K.
OETSGROEP	S.	11.4	99	100	100	11.4	11.10	4.7	104	10.7	35	93	10.4	32	91	11.8	4.5	103	111	3.11	98
	M.	11.5	99	98	99	11.4	11.7	4.4	102	10.10	38	96	10.7	35	93	10.10	38	96	10.11	39	96
EMIDDELDE		11.4	99	99	99	11.3	11.8	4.5	104	10.9	3.7	96	10.6	3.4	93	11.3	4.1	100	11.0	3.10	98
ONTROLEGROEP A	S	11.2	112	112	113	12.7	11.7	4.4	92	11.7	4.4	92	10.11	3.9	87	12.7	5.5	100	11.8	4.5	93
	M.	11.2	11.6	11.5	11.7	13.1	12.6	5.4	96	12.2	4.11	93	11.3	4.1	86	11.10	4.7	90	11.11	4.8	91
EMIDDELDE		11.2	11.5	11.4	11.6	12.11	12.2	5.1	94	12.0	4.9	93	11.2	4.0	86	12.1	4.10	94	11.10	4.7	92
ORM VIR KLAS		11.7	100	100	100	11.7	11.7	4.4	100	11.7	4.4	100	11.7	4.4	100	11.7	4.4	100	11.7	4.4	100

Die verhouding van die werklike standerd tot die V.O. st. en die behaalde st. word weergegee in tabel XIII.

TABEL XIII

Verhouding van die werklike st. tot die V.O. st. en die behaalde st. in st. 4, April.

Groep	Werklike St.	V.O. St.	Behaalde St. April, 1957.	Vertraging in verhouding tot V.O.
Toets-groep	4,April.	4, Jan.	3,Okt.	-3 maande
A.	4,April	5, Sept.	4,Julie	-13 maande

Die toetsgroep is in werklikheid 6 maande benede standaard met 'n ouderdom 3 maande jonger as die normerende groep en 'n I.K. van 99. Kontrolegroep A is weer 3 maande gevorder bo die normerende groep hoewel 5 maande jonger, maar wel met 'n I.K. van 116.

Hier is min verskil tussen die seuns en die meisies hoewel die seuns in beide groepe 'n effense hoër gemiddelde toon.

St. 5.: 'n Analise van die toetsresultate van die toetsgroep in st. 5, tabel XIV, bl.81, toon dat die gemiddelde ouderdom van die groep 12 jr. 3 m. is met 'n gemiddelde I.K. van 103. Die V.O. is 12 jr. 7 m.. Die ouderdomme vir paragrawe is 12 jr. 9 m., woordeskat 12 jr. 1 m., leesspoed 10jr. 10 m., sinne 12 jr. 2 m. en die gemiddelde skolastiese ouderdom 11 jr. 11 m.. Hierdie groep is as geheel tot 'n mate vertraag en veral ten opsigte van leesspoed, Die vergelykende profiele in grafiek 4, bl. 116 toon dan ook dat behalwe vir paragraafbegrip hierdie groep deurgaans onder die norm is. Die skolastiese

TABEL XIV.

Toetsresultate van standerds 5 in April, 1957.

	SEUNS OF MEISIES	OUDERDOM JARE EN MAANDE	NIE-VERBALE I.K.	VERBALE I.K.	TOTALE I.K.	VERSTANDS-OUDERDOM.	PARAGRAWE O.	PARAGRAWE ST.	PARAGRAWE S.K.	WOORDESKAT O.	WOORDESKAT ST.	WOORDESKAT S.K.	LEESSPOED O.	LEESSPOED ST.	LEESSPOED S.K.	SINNE O.	SINNE ST.	SINNE S.K.	SKOLASTIESE O.	SKOLASTIESE ST.	SKOLASTIESE S.K.
OETSGROEP	S.	123	105	103	104	129	129	5.7	100	121	4.10	95	10.10	38	85	125	5.3	97	120	4.9	94
	M.	124	105	99	102	127	129	5.7	101	120	4.9	95	109	3.7	85	120	4.9	95	11.11	4.8	95
EMIDDELDE		123	105	101	103	127	129	5.7	101	121	4.10	96	10.10	38	86	122	4.11	97	11.11	4.8	95
ONTROLEGROEP A	S.	123	108	109	109	135	14.3	6.10	106	13.10	65	103	14.4	6.11	107	142	6.9	106	142	6.9	106
	M.	121	111	114	113	138	139	64	101	132	60	96	14.11	7.7	109	142	6.9	104	140	6.7	102
EMIDDELDE		122	110	112	112	13.7	13.11	6.6	103	135	61	99	14.8	7.4	108	142	6.9	104	141	6.8	104
ORM VIR KLAS		126	100	100	100	126	126	5.4	100	126	5.4	100	126	5.4	100	126	5.4	100	126	5.4	100

kwosiënte vir paragrawe is 101, woordeskat 96, leesspoed 86, sinne 97 en die gemiddelde 95 in vergelyking met die norm van 100.

Kontrolegroep A se gemiddelde ouderdom in April was 12 jr. 2 m., die gemiddelde I.K. 112 en die V.O. 13 jr. 7m.. Die ouderdomme vir paragrawe is 13 jr. 11 m., woordeskat 13 jr. 5m., leesspoed 14 jr. 8 m., sinne 14 jr. 2 m. en die gemiddelde 14 jr. 1 m. Die groep is as geheel gevorderd , leesspoed is hier die beste. Die vergelykende profiele in grafiek 4, bl. 116 toon dat hierdie groep behalwe vir woordeskat dan ook bo die norm is. Die skolastiese kwosiënte vir paragrawe is 103, woordeskat 99, leesspoed 108, sinne 104 en die gemiddelde 104.

Die verhouding van die werklike st. tot die V.O st. en die behaalde st. word weergegee in tabel XV.

TABEL XV.

Verhouding van die werklike st. tot die V.O. st. en die behaalde st. in st. 5 April.

Groep.	Werklike St.	V.O. ST.	Behaalde St.	Vertraging in verhouding tot V.O.
Toets-groep.	5,April	5, Mei	4, Aug.	- 8 maande.
A.	5,April	6, Feb.	6, Aug.	+ 6 maande.

Die toetsgroep is in werklikheid 7 maande vertraag met 'n ouderdom 3 maande jonger en 'n I.K. van 103, as die normerende groep. Die kontrolegroep A is 1 jr. 4 m. gevorderd,hoewel 4 maande jonger en met 'n gemiddelde I.K. van 112.

Daar is geen noemenswaardige verskille tussen die seuns en die meisies nie.

(7) METODES OM DIE WOORDESKAT UIT TE BREI DEUR VEELVULDIGE LEESWERK EN BESONDERE METODES VAN TAALONDERRIG.

Die volgende metode is vir 6 maande lank na die eerste toets deur die Pn. by al die proefklasse, st's. 2, 3, 4 en 5 in die toetsgroep toegepas om die proefpersone se woordeskat te verbeter.

A. Inhoud: Die onderstaande materiaal is in elke standerd van die eksperimentele groep met geringe wysigings vir st. 2 gedurende die proefneming aangewend.

(1) Lees:

(a) Die Silwerboomreeks leesboeke vir st's. 2, 3, 4 en 5 as aanvullende leesboek.

(b) Die lees van n beriggie of artikel in enige Afrikaanse tydskrif of koerant elke dag.

(c) Die leen en lees van biblioteekboeke.

(d) Die lees van tydskrifte gedurende vrye tyd in die klas.

(2) Taalonderrig:

(a) 33 S.nwe. met twee meervoude en verskil in betekenis.[1)]

(b) 418 Ander woorde vir holruggeryde en anglisistiese woorde,[2)] soos lekker (22), mooi (19), goed (28), neem (26), sit (42), sê (13), doen (22), maak (70), stop (24), sien (17), vang (6), gaan (29), staan (9), draai (11). gooi (7), doodgegaan (22), doodgemaak (38), breek (5), hou (4), part (4).

---

1) Barnes, Afrikaanse Taalkunde vir Afrikaanssprekende leerlinge. St's VI - X, 358.
2) Barnes, ibid., 396 - 406.

(c)Baie woorde deur een woord vervang.[1)]

(i) Name van persone. (96).

(ii) Name van plekke (42).

(iii) Byvoeglike naamwoorde (47).

(d) Versamelname (53).[2)]

(e) Homonieme (88).[3)]

(f) Woordpare (172)[4)]

(g) Woordelyste[5)]:(i) Die Spoorweë (90).

(ii) Die Poskantoor (50).

(iii) Die Skool (80).

(iv) Die Myn (66).

(v) Die Munisipaliteit (64).

(vi) Slaghuis en Slagpale (62).

(vii) Die Dieretuin en Wildtuin.(68).

(viii) Die Plaas (80).

'n Totaal van 1509 woorde.

B. Metode:

Die hele proefneming is met die personeel van skool A bespreek. Die onderwysers van die kontrole-klasse is versoek om hulle leerlinge normaalweg te laat voortgaan en hulle heeltemal afsydig te hou van die proefneming. Behalwe in die geval van die st. 2-klas van kontrolegroep A was dit almal ervare onderwysers wat normaalweg met hulle werksaamhede kon voortgaan soos die vorige jare. In st. 2 was 'n onderwyseres wat hierdie jaar begin onderwys gee het. Die st. 3

---

1) Barnes, Afrikaanse Taalkunde vir Afrikaanssprekende leerlinge St!s. VI - X, 425 - 432.
2) Barnes, ibid., 432 - 433.
3) Barnes, ibid., 444 - 446.
4) Barnes, ibid., 448 - 460.
5) Lyste is opgebou in die klas.

kontroleklas van groep A het gedurende die halfjaar verwissel van leerkragte. Hier sou daar geen invloed aan die kant van die onderwyser wees nie omdat die tweede onderwyser nie van die doel van die proefneming bewus was nie. Die onderwyseres in genoemde st.2-klas was bewus daarvan dat die skolastiese toetse ook 'n metode was om die klas se werk met 'n ander klas se vordering oor 'n tydperk te meet. Die dame was verder bewus daarvan dat die Pn. o.a. van veelvuldige leeswerk gebruik sou maak, maar het geen beheer gehad oor enige direkte woordeskatuitbreiding nie daar die Pn. daarvoor geheel en al verantwoordelik was in die proefklasse. Die leerlinge van die st. 2-klas van groep A het in die loop van die jaar op taamlike skaal, met aanmoediging van die onderwyseres, by die openbare biblioteek aangesluit. Moontlik het die klas ook aangesteek by hulle maters in die proefklas en begin lees. Na die proeftydperk het die betrokke onderwyseres op navraag meegedeel dat die klas se leeslus onversadigbaar was en dat sy hulle baie aangemoedig word. Die resultaat van die aanmoediging is dan ook duidelik te bespeur tydens die hertoets.

Die onderwysers van die proefklasse is versoek om waar die geleentheid hom voordoen die kinders aan te moedig en ook die geleentheid te bied om te lees. Die leerlinge moes die geleentheid gegun word om afgesien van leesboeke ook 'n verskeidenheid Afrikaanse tydskrifte tot hulle beskikking te hê in die klasse waarin hulle kan rondblaai en lees wanneer daar geleentheid is. Die skoolbiblioteek is in die klasse

gedesentraliseer en die betrokke leerkragte is versoek om die leerlinge gereeld boeke te laat uitneem en beheer uit te oefen oor die lees daarvan. Op versoek van die Pn. is die leerlinge versoek om soveel moontlik Afrikaanse boeke te lees. Die onderwysers van die proefklasse het dikwels die lesse van die Pn. aangehoor en die Pn. is bewus daarvan dat hulle ook onregstreeks gekonsentreer het op die uitbreiding van die Afrikaanse woordeskat.

Die Pn. het oor 'n tydperk van 17 weke, vanaf die middel van April van 1957 tot in die tweede helfte van September 1957, elke proefklas elke week 2 uur lank onderrig. Indien die openbare vakansiedae wat in die skoolkwartale val asook enkele klasse wat die Pn. weens dringende administratiewe pligte nie kon waarneem nie in aanmerking geneem word, gaan 'n week vir elke proefklas verlore. Oor die tydperk van die oorblywende 16 weke is 32 uur aan elke klas bestee deur die Pn.. Die proefonderrig kon nie langer duur nie omdat dit vir die tipe proefneming noodsaaklik is dat die hertoets binne 6 maande moet plaasvind. Die tweede toets moes dus voor die einde van die derde kwartaal gegee word. Die 4 periodes van 'n halfuur elk, het met verlof van die kringsinspekteur, 1 Bybelperiode, 2 periodes gewy aan kulturele vakke en 1 sangperiode ingesluit.

Aan die begin van die proefperiode en lateraan met tussenposes is aan die proefleerlinge die doel van die proefneming verduidelik, d.i. om oor die tydperk van twee kwartale soveel nuwe Afrikaanse woorde

as moontlik aan te leer deur:

(a) veelvuldige lees; en

(b) die samestelling van verskillende soorte woordelysie en direkte woordeskatuitbreiding.

Daar is aan die leerlinge verduidelik dat hulle medewerking nodig is en dat hulle eie taalgebruik baie daardeur sou baat. Die voordeel van 'n wye, kleurvolle en beeldryke woordeskat teenoor 'n arm, onbeholpe en kleurlose woordeskat, in die alledaagse lewe is baie sterk beklemtoon.

Die vier periodes is onderverdeel in een leesperiode en drie periodes waar daar direk aan woordeskatuitbreiding gearbei is.

Periode 1, 2 en 4.

Die eerste vyf na tien minute:- Mondelinge verslag van nuusberigte, tydskrifartikels of 'n weergawe van die inhoud van boeke wat gelees is.

Res van die tyd:- Woordeskatuitbreiding.

Periode 3.

Begrips- en woordtoets van leesles wat tuis voorberei is. Lees van die daaropvolgende les met besondere aandag aan woordbetekenis en beskrywende woorde.

(i) Lees: Elke leerling het as aanvullende leesboek 'n eksemplaar van die Silwerboomreeks vir sy betrokke klas gekry. Die Pn. het geoordeel dat dit wenslik is om gegradeerde leesboeke aan die leerlinge te voorsien d.w.s. leesboeke wat binne die klas se bereik is, eerder as romans, ens..

Vir die leesperiode is 'n les voorberei deur leerlinge, die inhoud waarvan dien as 'n begrips- en woordtoets. Die begripstoets het nooit meer as tien

vragies behels nie en die doel daarvan was om die leerlinge se aandag primêr op die woorde in die les toe te spits, m.a.w. die leerlinge moes konsentreer op „woordlees" afgesien van lees vir begrip. Voorbeeld: „Die skare klap hande oor die knap toespraak maar Bommel laat die toejuiging toeneem toe hy met afwerende gevaar uitroep:„Dit was vir my n plesier!"" Hierop sou n vragie volg:„Met watter soort gebaar het Bommel uitgeroep?" OF „Sy gryp die sak geld en sê aan Bommel om haar te volg. Statig stap sy tussen die skare deur met Bommel gedienstig aan haar sy." Die stukkie word gelees maar die woordjie, statig, word uitgelaat en die leerlinge moet die woord wat weggelaat is neerskryf.

Dit was verbasend hoe gou die leerlinge die idee van „woordlees" gesnap het en hoe hulle hulself ingespan het om selfs vooraf te probeer bepaal dat die Pn. daardie en daardie woord gaan weglaat.

Die daaropvolgende les is dan gewoonlik tydens die res van die leesperiode in die klas gelees. Hier is die volgende prosedure toegepas:

(1) Daar is stilgestaan by woorde met n hoë gevoelswaarde;„gelukkige woorde," „treurige woorde",„mooi woorde", „spannende woorde", is dan uitgesoek en aangevul met gepaste woorde wat die leerlinge en die Pn. gee.

(2) Die proefleerlinge is geleer om die betekenis van woorde te soek binne hulle sinsverband. Nuwe woorde word met bekendes wat in die sin voorkom geïdentifiseer.

(3) Daar is nie geaarsel om woorde direk aan te leer waar die betekenis nie altyd duidelik uit die sinsver-

band geblyk het nie.

(4) Alle proefleerlinge is aangemoedig om woordeboeke aan te skaf waar hulle nie alreeds woordeboeke besit het nie.

Hier was die reaksie bevredigend.

(ii) Klasbiblioteekboeke: Soos reeds gestel is die betrokke leerkragte opdrag gegee om toe te sien dat elke leerling gereeld boeke leen uit die klasbiblioteek. Daar moes verder toegesien word dat die leerlinge dit wel lees, deur kort mondelinge inhoudsopgawes te verg.

(iii) Ander leesstof: Die eerste vyf of tien minute van periodes 1, 2 en 4 is gewy aan individuele relase van artikels gelees in koerante, tydskrifte of biblioteekboeke wat die leerlinge by die openbare biblioteek geleen het.

(a) Koerante en tydskrifte: Behalwe vir omtrent 'n viertal leerlinge in elke proefklas het elke kind 'n Afrikaanse koerant of tydskrif elke dag of week gekry. Waar dit nie die geval was nie het die Pn. sorg gedra dat die betrokke leerlinge die jongste Afrikaanse koerante bekom. Hier moes die leerlinge:

(1) 'n inhoudsweergawe gee van die een of ander nuusberig of artikel wat hulle aandag getrek het, m.a.w. die leerlinge moes dít lees waarvan hulle gehou het om te lees, en

(2) let op hulle taalgebruik tydens die weergawe deur nie dieselfde woorde en frases gedurig te herhaal nie, tewens hulle is aangemoedig om die nuwe en vreemde woorde wat in die nuusberig of artikel voorkom self te gebruik. Vreemde woorde word in die klas verduidelik en bespreek.

sel hom voorgedoen dat die leerlinge omtrent voor die voet net berigte i.v.m. grusame ongelukke en moorde lees. Enkele kere is oor die een of ander nuwe uitvindsel, vliegtuig, waterstofbomontploffing of van die een of ander kind vertel wat na Amerika vertrek om daar 'n groot operasie te ondergaan. Om 'n verskeidenheid van woorde en uitdrukkings aan te leer, het die Pn. hulle kort-kort op ander interessante artikels probeer wys, maar dit was sonder die gewenste resultaat. Die Pn. moes maar laat begaan uit vrees dat hulle belangstelling anders sou afneem.

(b) Biblioteekboeke van die openbare biblioteek.

Leerlinge is soos voorheen vermeld aangemoedig om ook van hierdie biblioteek gebruik te maak. Die grootste groep leerlinge wat aangesluit het, was die st. 2-leerlinge. Die grootste persentasie van hulle het nie voorheen aangesluit nie. 'n Vyftal in st. 4 en 5 kon die Pn. nie so ver kry om aan te sluit nie. Hulle ouers het voorsien in genoegsame leesstof en het nie die nodigheid ingesien dat hulle aansluit nie. 'n Paar het te ver gewoon en dit was nie moontlik om gedurende die leentye van die biblioteek gebruik te maak nie. Die st. 2 proefklas het egter voor die voet aangesluit.

Periodiek het die Pn. 'n mondelinge inhoudsweergawe van sodanige boeke geverg. Met gereelde tussenposes moes die proefleerlinge die name van die boeke wat hulle gelees het op biblioteeklyste aanvul.

(2) Taalonderrig.

Die grootste gedeelte van periodes 1, 2 en 4 is gewy aan direkte woordeskatuitbreiding.

Leerlinge het in hulle skrifte en op afgerolde velle woordelyste saamgestel en aangevul.

Woordelyste is saamgestel onder die volgende hoofde :-

1. Die Spoorweë (90),
2. Die Poskantoor (50),
3. Die Skool (80),
4 Die Myn (66),
5 Die Munisipaliteit (64),
6 Slaghuis en Slagpale (62),
7. Die Dieretuin en Wildtuin (68) en
8. Die Plaas (80).

Die woorde tussen hakies dui die aantal woorde wat onder elke hoof deur die leerlinge versamel is , 'n totaal van 560. Leerlinge het elke keer 'n week tyd gehad om met behulp van hulle ouers, woordeboeke, slagters, posmeesters, ens. 'n lys woorde saam te stel wat eie is aan elkeen van die hoofde. Die klas werk daarna saam en met behulp van die Pn. word dan 'n klaslys opgestel. Die leerlinge vul die woorde wat hulle nie in hulle eie lyste reeds opgeneem het nie aan.

Onder die hoof: „Spoorweë, is woorde soos: binnestoom, reklameborde, dwarslêer, kragdraad en stopblok o.a. opgeneem;

„Skool", Direkteur van Onderwys, inspekteur, krambinder, pons en strokiesprojektor;

„Myn", banket, konglomeraat, munt, raffineer, slikdamme en stampers;

„Munisipaliteit", bibliotekaris, jeugsentrum, kragsentrale, immuniseringskliniek, reinigingstak en welsynafdeling.

„Slaghuis en Slagpale". Hier is meestal Afrikaanse woorde vir die verskillende dele van die karkasse behandel.

Woorde onder die hoof,„Dieretuin en Wildtuin", het nie soseer oor die verskillende benaminge van die diersoorte gegaan nie, maar eerder om die aard van die ondiere en die atmosfeer van die oerwoud te omskrywe. Woorde wat opgeneem is, is : avontuur, digte struikgewas, logge liggaam, maanhaar, mensvreterleeu, oerwoudreus en prooi.

Drie-en- dertig selfstandige naamwoorde[1] met twee meervoude en verskil in betekenis is aangeleer, bv.

doel doele : skop van n doel, bv. sokker.

doeleindes : oogmerke.

Vierhonderd-en-agtien ander woorde vir holruggeryde en anglisistiese woorde[2] is aangeleer. Vir woorde soos: lekker, mooi, goed, neem, sit, sê, doen, maak, stop, sien, vang, gaan, staan, draai, gooi, doodgegeen, doodgemaak, breek, hou en part word alternatiewe gegee. In sommige gevalle is bloot sinonieme gegee waar die gebruik nie noodwendig afgesaag of foutief was nie. Voorbeelde is:

n Lekker brief. - interessante.

Ons verskuif die goed in die kamer.- meubels.

Ons sal hom opsit vir die nag.- herberg.

Kaarte maak.- skommel.

---

1) Barnes, Afrikaanse Grammatika en Taalkunde, 358-359.
2) Barnes. ibid.,396 - 406.

Honderd vyf-en-tagtig nuwe woorde is geleer deur baie woorde deur een te vervang.[1] Hierdie groep woorde word onderverdeel in:

(a) Name van Persone. (Kyk Bylae 1, bl.I - IV.)

(b) Name van Plekke. (Kyk Bylae 1, IV - VI.)

(c) Byvoeglike Naamwoorde. (Kyk Bylae 1, VI - VIII.)

Drie-en vyftig versamelname [2] is aangeleer. (Kyk Bylae 1, IX - X.)

Agt-en-tagtig homonieme [3] is geleer. (Kyk Bylae 1, XI - XII.)

Honderd twee-en-sewentig woordpare wat bestaan uit stam- en sinsverwante woorde en ander woordpare is geleer.[4] (Kyk Bylae 1, XII - XIV.) Die st. 2-leerlinge het nie hierdie laaste groep woorde behandel nie. Al te saam is 1509 woorde direk aangeleer. Die St.2-leerlinge het 172 minder geleer.

Waar die verskillende woordoefeninge dit moontlik gemaak het, is eers gepoog om die verskillende gebruike en betekenisse van die proefleerlinge te kry. Die proefleerlinge het die verskillende afgerolde velle met die oefeninge reeds voor die tyd van behandeling gehad en kon self daaraan werk by die huis. Waar die leerlinge nie geweet het nie, het die Pn. self die antwoorde verstrek en is die woorde direk aangeleer. Met tussenposes, gewoonlik na elke bepaalde oefening afgehandel is, is die inhoud getoets nadat die proefleerlinge geleentheid gehad het om die werk te leer. Leerlinge wat nie baie goed gevaar het nie, is aangemoedig en selfs die werk weer laat leer.

---

1). Barnes, Afrikaanse Grammatika en Taalkunde, 425 - 432.
2). Barnes, ibid., 432 - 433.

(3) Keuse van die Woorde.

Met die keuse van die bron of bronne van die woorde wat direk deur die leerlinge aangeleer moes word het die Pn. voor etlike probleme gestaan:

(1)Daar kon woorde, wat in die grammatika boeke vir elke betrokke standerd voorkom, aangeleer word.

(2) Daar is geen metingsinstrument om te bepaal watter woorde n leerling ken en watter hy nie ken nie. Daar kan gevolglik nie vir elke klas nog minder vir elke individu lyste van onbekende woorde binne sy begripsveld saamgestel word nie.

(3) Daar het vir die doel van hierdie proefneming geen metode bestaan om te bepaal watter woorde n st. 2 -leerling en watter woorde n st. 3-leerling nou juis ryp voor is om aan te leer nie.

(4) Daar is van die standpunt van Seegers en Seashore[1] uitgegaan dat kinders se woordesskat groter is as wat opvoedkundiges meen en dat leesboeke nie noodwendig oorlaai is met onbekende woorde vir die leerlinge nie. Daar is vervolgens besluit om die Taallyste uit die Afrikaanse Grammatika en Taalkunde vir Afrikaanssprekende leerlinge (st.'s VI -X) van A.S.V. Barnes te benut. Hy sê in sy voorwoord:[2] „In die bylaag verskyn etlike taallyste. Hulle bied stof aan wat deur die Direkte Metode gedoseer kan word." Mnr. Barnes het heelwat ervaring met die samestelling van boeke en die betrokke werk getuig van wetenskaplike oordeel en verwerking. Indien Seegers en Seashore dit korrek het, dan moet woorde wat nie binne die leerlinge se leerplan of selfs volgende

jaar se werk val nie, maar selfs van 'n hoër standaard aangeleer word. Woordelyste wat opgestel is vir leerlinge vanaf st.'s 6 tot 10 is dus gebruik vir alle proefleerlinge vanaf st. 2 tot st. 5 omdat dit onmoontlik was om te bepaal watter woorde 'n st. 2-kind kan aanleer en watter behoort 'n st. 5-kind aan te leer.

Die 172 woordpare wat bestaan het uit stam- en sinsverwante woorde is egter nie deur die st. 2-leerlinge geleer nie omdat die leerlinge stadiger skryf en meeste van die woorde wat in Bylae 1, bl. XII - XIV verskyn volgens die Pn. se oordeel werklik te moeilik sou wees vir hulle.

---

(8) TOEDIENING VAN DIE OPVOLGTOETSE EN DIE RESULTATE.

A. Prosedure.

Na vyf maande is die eksperimentele groep, kontrolegroep A en nou vir die eerste keer ook kontrolegroep B tussen 16 September 1957 en 23 September 1957, getoets. Soos voorheen reeds gestel, is kontrolegroep B van skool betrek uit vrees dat die werksaamhede van die toetsgroep tydens die proeftydperk kontrolegroep A kon beïnvloed en die leerlinge moontlik beter kon laat presteer as wat normaalweg sou gebeur.

Die instruksies is deur die Pn. wat weer vir die toediening van al die toetse verantwoordelik is, streng gekontroleer. Die toetsgroep en die kontrolegroep A het nou die alternatiewe vorm B van die verskillende toetse gedoen terwyl kontrolegroep B alternatief vorme A en B in elke klas gedoen het.

B. Interpretasie.

St. 2 : 'n Analise van die hertoetsresultate van die toetsgroep in st. 2 , tabel XVI toon dat die V.O. nou 9 jr. 7 m. is, die ouderdomme vir paragrawe is 10 jr. 7 m., vir woordeskat 9 jr. 8 m., leesspoed 9 jr. 8 m., sinne 10 jr. 3 m. en die gemiddelde skolastiese ouderdom 10 jr. Waar hierdie groep voorheen agterlik was wat betref die K.O. en die gemiddelde S.O. en vertraag was waar die V.O. en die S.O. vergelyk word, is die groep nou in altwee opsigte gevorderd. Volgens die vergelykende profiele in grafiek 1, bl. 97 het hierdie groep deurgaans gevorder. Die skolastiese kwosiënte vir paragrawe is 111, woordeskat 101, leesspoed 101, sinne 107 en die gemiddelde 104. Volgens die vergelykende tabel XVII op bladsy 99 het die paragraafbegrip gebaat met 18, woordeskat met 7, leesspoed met 13, sinnebegrip met 8 en die gemiddelde S.K. met 11. Paragraafbegrip en leesspoed het die meeste gebaat met die proefneming.

St. 2 van kontrolegroep A se ouderdomme is volgens tabel XVI, bl. 98, vir V.O. 11 jr. 5 m., paragrawe 11 jr. 10 m., woordeskat 9 jr. 11 m., leesspoed 10 jr. 4 m., sinne 12 jr, 2 m.en die gemiddelde 11 jr. 1 m.. Hierdie groep is nog effens vertraag waar die V.O. en die S.O. vergelyk word. Op bladsy 84 het die Pn. dit gestel dat deur die invloed van die leerkrag en moontlik ook in 'n mate deur beïnvloeding aan die kant van die proefklas die leerlinge geweldig baie gelees het. Die invloed hiervan is duidelik sigbaar op die vergelykende profiele, grafiek 1, bl. 97. Die klas

GRAFIEK 1.

Vergelykende profiele van alle st. 2-leerlinge in April en September 1957.



TABEL XVI.

Toetsresultate van standerds 2 in September 1957.

	SEUNS OF MEISIES.	OUDERDOM JARE EN MAANDE.	NIE-VERBALE I.K.	VERBALE I.K.	TOTALE I.K.	VERSTANDS-OUDERDOM.	PARAGRAWE O.	PARAGRAWE ST.	PARAGRAWE S.K.	WOORDESKAT O.	WOORDESKAT ST.	WOORDESKAT S.K.	LEESSPOED O.	LEESSPOED ST.	LEESSPOES S.K.	SINNE O.	SINNE ST.	SINNE S.K.	SKOLASTIESE O.	SKOLASTIESE ST.	SKOLASTIESE S.K.
SGROEP	S.	9.10	102	92	97	96	106	34	111	96	25	100	96	25	100	102	31	107	911	210	104
	M.	96	105	102	104	910	109	37	110	910	29	100	911	210	101	104	32	105	102	31	104
DDELDE		98	103	96	99	97	107	35	111	98	27	101	98	27	101	103	31	107	100	211	104
ROLEGROEP A.	S.	97	121	112	119	115	118	45	102	910	29	86	101	30	89	1110	47	104	1010	38	95
	M.	97	121	112	118	114	121	410	107	101	30	89	107	35	93	127	55	111	114	41	100
DDELDE		97	121	112	119	115	1110	47	104	911	210	87	104	32	90	122	411	107	111	311	97
ROLEGROEP B.	S.	95	107	101	104	910	92	22	93	87	17	87	811	111	91	99	28	99	91	21	93
	M.	96	97	98	97	93	811	111	97	88	18	94	92	21	99	92	21	99	90	20	97
DDELDE		96	102	99	101	96	90	20	95	87	17	90	91	21	96	96	25	100	91	21	96
VIR KLAS		910	100	100	100	910	910	29	100	910	29	100	910	29	100	910	29	100	910	29	100

TABEL XVII.

Vergelykende tabel vir die verskillende groepe in st. 2.

		OUDERDOM JARE EN MAANDE	NIE-VERBALE I.K.	VERBALE I.K.	TOTALE I.K.	VERSTANDS-OUDERDOM.	PARAGRAWE S.K.	WOORDESKAT S.K.	LEESSPOED S.K.	SINNE S.K.	GEMIDDELDE SKOLASTIESE S.K.
TOETSGROEP	APRIL	9.3	103	96	99	9.2	93	94	88	99	93
	SEPTEMBER	9.8	103	96	99	9.7	111	101	101	107	104
	VERSKIL						+18	+7	+13	+8	+11
KONTROLEGROEP A.	APRIL	9.2	121	112	119	10.11	92	87	88	93	89
	SEPTEMBER	9.7	121	112	119	11.5	104	87	90	107	97.
	VERSKIL						+12	0	+2	+14	+8
KONTROLEGROEP B.	SEPTEMBER	9.6	102	99	101	9.6	95	90	96	100	96
TOETSGROEP	APRIL						+1	+7	0	+6	+4
VERSKIL OP	SEPTEMBER						+7	+14	+11	0	+7
KONTROLEGROEP A.	VERSKIL						+6	+7	+11	-6	+3
TOETSGROEP VERSKIL OP KONTROLEGROEP B.	SEPT.						+16	+11	+5	+7	+8

se paragrawe en sinne het baie gebaat. Die woordeskat en die leesspoed het nog swak gebly. Waar die toetsgroep veelvuldig gelees het en ook nog gekonsentreer het op woordeskatuitbreiding, het al vier die aspekte wat getoets is, gebaat. St. 2 van kontrolegroep A wat baie gelees het baat net met paragraaf- en sinsbegrip. Die afleiding kan wel gedoen word dat die verbetering in woordeskat en leesspoed van st. 2 van die toetsgroep dan meer aan die woordeskatuitbreiding te danke is. Die verbeterde woordherkenning wat die woordeskatuitbreiding meebring beïnvloed die leesspoed. Die skolastiese kwosiënte is vir paragrawe 104, woordeskat 87, leesspoed 90, sinne 107 en die gemiddelde 97. Volgens die vergelykende tabel XVII op bladsy 99 het groep A se paragrawe gebaat met 12, woordeskat 0, leesspoed 2, sinne 14 en die gemiddelde skolastiese kwosiënt met 8. Die verskil tussen die toetsgroep en kontrolegroep A in st. 2 is nogal merkwaardig. Die toetsgroep toon 'n bate van 6 vir paragrawe, 7 vir woordeskat, 11 vir leesspoed, -6 vir sinne en 'n gemiddelde van 3 bo die kontrolegroep A. Hieruit blyk dat die leesspoed en die woordeskat die meeste gebaat het met die proefneming. Die abnormale vordering van kontrolegroep A met sinne is vermoedelik te wyte aan die groep se baie lees.

St.2 van kontrolegroep B se gemiddelde ouderdom was volgens tabel XVI op bl. 98 in September 1957, 9 jr. 6 m. met 'n totale I.K. van 101 en 'n V.O. van 9 jr. 6 m.. Die ouderdomme vir paragrawe is 9 jr., woordeskat 8 jr. 7 m., leesspoed 9 jr. 1 m., sinne 9 jr. 6 m. en die gemiddelde skolastiese ouderdom 9 jr. 1 m. Volgens die vergelykende profiele op

grafiek 1, bl. 97, is die groep behalwe vir sinne ook vertraag. Die profiel volg in hoofsaak ook dieselfde patroon as die ander groepe sin. Volgens die vergelykende tabel XVII, bl. 99, toon st. 2 van kontrolegroep B dat die klas net onder normaal is. Die toetsgroep toon 'n bate van 16 vir paragrawe, 11 vir woordeskat, 5 vir leesspoed, 7 vir sinne en 8 vir die gemiddelde skolastiese kwosiënt bo groep B. Dit blyk dat die verskil hier die grootste is by paragrawe en woordeskat tussen die twee groepe.

Die verhouding van die drie groepe in September tussen die werklike st., die V.O. st. en die behaalde st. kom na vore in tabel XVIII.

TABEL XVIII.

VERHOUDING VAN DIE WERKLIKE ST. TOT DIE V.O. ST. EN DIE BEHAALDE ST. IN ST. 2 , SEPTEMBER.

Groep	Werklike St.	V.O. St.	Behaalde St. Sept.,1957.	Vertraging in verhouding tot V.O.
Toets-groep	2,Sept.	2,Junie	2, Nov.	+ 5 maande
A	2,Sept.	4,Feb.	3, Nov.	-4 maande.
B	2,Sept.	2,Mei.	2, Jan.	-5 maande.

St. 2 van die toetsgroep wat in April 1957, tabel IX., bl 75, 7 maande vertraag was het 1 jaar gewen bo die normale vordering gedurende 'n proeftyd wat oor 5 maande gestrek het. Die groep is nou 5 maande gevorderd en toon 'n wins van 9 en 10 maande onderskeidelik bo kontrolegroepe A en B.

Standerd 3.: n Analise van die hertoetsresultate van st.3, toetsgroep, tabel XIX, bl.103 toon die ouderdomme vir die V.O. 10 jr. 7 m., paragrawe 11 jr. 10 m., woordeskat 10 jr. 6 m., leesspoed 11 jr. 1m., sinne 11 jr. 8m. en die gemiddelde 11 jr. 3 m.. Waar hierdie toetsgroep voorheen agterlik was wat betref die verhouding van die K.O. en die S.O. en vertraag was waar die V.O. en die S.O. vergelyk is, is die groep nou in albei opsigte gevorderd. Volgens die vergelykende profiele in grafiek 2, bl. 104, is die groep heelwat gevorderd, net die woordeskat is 1 punt onder die klasnorm. Die skolastiese kwosiente vir paragrawe is 112, woordeskat 99, leesspoed 105, sinne 110 en die gemiddelde S.K.106.

Kontrolegroep A van st. 3 was met die hertoets volgens tabel XIX, bl. 103,se ouderdomme vir die V.O. 12 jr. 2m., paragrawe 12 jr. 5 m., woordeskat 11 jr. 2 m., leesspoed 11 jr. 7 m., sinne 13 jr.6 m. en die gemiddelde 12 jr. 2 m.. Dit blyk uit die vergelykende profiele, grafiek 2, bl. 104, dat hierdie groep konstant gebly het. Die gemiddelde het verbeter met slegs 2 punte terwyl die patroon van die profiel dieselfde bly. Die skolastiese kwosiënte is paragrawe 102, woordeskat 92, leesspoed 95, sinne 111 en die gemiddelde 100. Volgens die vergelykende tabel XX op bl. 105 het die paragrawe van kontrolegroep A met slegs 4 punte gebaat teenoor die 17 van die toetsgroep, woordeskat 1 teenoor die 8 van die toetsgroep, die leesspoed 0 teenoor 16 van die toetsgroep, sinne 2 teenoor 8 van die toetsgroep en die gemiddelde kwosiënt met 2 teenoor 12. Groep A het dus die verste agter geraak wat betref paragraafbegrip en leesspoed

TABEL XIX.

Toetsresultate van standerds 3 in September 1957.

	SEUNS OF MEISIES.	OUDERDOM JARE EN MAANDE	NIE-VERBALE I.K.	VERBALE I.K.	TOTALE I.K.	VERSTANDS-OUDERDOM.	PARAGRAWE O.	PARAGRAWE ST.	PARAGRAWE S.K.	WOORDESKAT O.	WOORDESKAT ST.	WOORDESKAT S.K.	LEESSPOED O.	LEESSPOED ST.	LEESSPOED S.K.	SINNE O.	SINNE ST.	SINNE S.K.	SKOLASTIESE O.	SKOLASTIESE ST.	SKOLASTIESE S.K.
ETSGROEP	S.	10.9	102	97	100	10.7	120	49	114	105	33	99	110	310	104	123	50	116	115	44	108
	M.	102	104	100	102	106	117	44	110	107	35	101	112	40	106	107	35	101	110	310	105
MIDDELDE		10.7	103	98	101	10.7	1110	4.7	112	10.6	34	99	111	311	105	118	45	110	113	41	106
NTROLEGROEP A	S.	10,5	114	113	115	1111	123	50	103	113	41	95	115	42	96	131	511	110	120	49	101
	M.	106	118	117	119	125	127	55	101	111	311	89	118	45	94	1310	65	111	123	50	98
MIDDELDE		10.5	116	115	117	122	125	53	102	112	40	92	117	44	95	136	61	111	122	411	100
NTROLEGROEP B	S.	108	104	103	104	110	107	35	96	104	32	94	111	311	101	113	41	102	1010	38	98
	M.	109	101	99	101	109	102	31	95	910	29	92	910	29	92	103	31	95	100	211	93
MIDDELDE		108	103	101	102	1011	105	33	96	101	30	93	106	34	96	109	37	99	105	33	96
RM VIR KLAS		1011	100	100	100	1011	1011	39	100	1011	39	100	1011	39	100	1011	39	100	1011	39	100

GRAFIEK 2.

Vergelykende profiele van alle st. 3-leerlinge in April en September 1957.



TABEL XX.

VERGELYKENDE TABEL VIR DIE VERSKILLENDE GROEPE IN ST.3.

		OUDERDOM JARE EN MAANDE	NIE-VERBALE I.K.	VERBALE I.K.	TOTALE I.K.	VERSTANDS-OUDERDOM.	PARAGRAWE S.K.	WOORDESKAT S.K.	LEESSPOED S.K.	SINNE S.K.	GEMIDDELDE SKOLASTIESE S.K.
TOETSGROEP	APRIL	10.1	103	98	101	10.2	95	91	89	102	94
	SEPTEMBER	10.7	103	98	101	10.7	112	99	105	110	106
	VERSKIL						+17	+8	+16	+ 8	+12
KONTROLEGROEP A.	APRIL	10.0	116	115	117	11.8	98	91	95	109	98
	SEPTEMBER	10.5	116	115	117	12.2	102	92	95	111	100
	VERSKIL						+ 4	+1	0	+ 2	+ 2
KONTROLEGROEP B.	SEPTEMBER	10.8	103	101	102	10.11	96	93	96	99	96
TOETSGROEP	APRIL						-3	0	-6	-7	-4
VERSKIL OP	SEPTEMBER						+10	+7	+10	-1	+6
KONTROLEGROEP A.	VERSKIL						+13	+7	+16	+6	+10
TOETSGROEP VERSKIL OP KONTROLEGROEP B.	SEPT.						+16	+6	+ 9	+11	+10

St. 3, kontrolegroep B se gemiddelde ouderdom is volgens tabel XIX,bl.103,10 jr. 8 m., die I.K.102 en die V.O. 10 jr. 11 m.. Die ouderdomme vir paragrawe is 10 jr. 5 m., woordeskat 10 jr. 1 m., leesspoed 10jr. 6m., sinne 10 jr. 9 m. en die gemiddelde 10 jr. 5 m.. Die groep is effens vertraag volgens die vergelykende profiele op grafiek 2, bl. 104. Volgens die vergelykende tabel XX op bl. 105 toon die toetsgroep ook groot vordering bo die kontrolegroep B. Die toetsgroep toon n bate van 16 vir paragrawe, 6 vir woordeskat, 9 vir leesspoed, 11 vir sinne en 10 vir die gemiddelde skolastiese kwosiënt bo kontrolegroep B. Die verskil is die grootste vir paragrawe en sinne. Die paragrawe verskil toon ooreenkoms met die groepe van st.2.

Die verhouding van die drie groepe in September tussen die werklike st., die V.O. st. en die behaalde st. kom na vore in tabel XXI.

TABEL XXI.

Verhouding van die werklike st. tot die V.O. st. en die behaalde st. in st. 3 , September.

Groep	Werklike St.	V.O. St.	Behaalde St. Sept.,1957.	Vertraging in verhouding tot V.O.
Toets-groep	3,Sept.	3, Mei	4, Jan.	+8 maande
A	3,Sept.	4, Nov.	4, Nov.	0 maande
B	3,Sept.	3, Sept.	3, Maart	-6 maande.

Die toetsgroep wat in April 8 maande vertraag was volgens tabel XI op bl.77, het 16 maande bo die normale gevorder oor n proeftydperk van 5 maande. Die groep is

nou 8 maande gevorderd bo die norm waar dit voorheen 8 maande vertraag was. Die groep is dan ook 8 maande gevorderd bo kontrolegroep A en 14 maande gevorderd bo kontrolegroep B. Die vordering van 3 maande van kontrolegroep A bo die normale tydens die toetstydperk kan miskien tot 'n groot mate toegeskryf word aan bekendheid met die toetsomstandighede.

Standerd 4: 'n Analise van die hertoetsresultate van die toetsgroep in st.4, volgens tabel XXII op bl. 108 toon dat die V.O. 11 jr. 9 m. is. Die ouderdomme vir paragrawe is 12 jr. 6 m.,woordeskat 11 jr. 8 m., leesspoed 11 jr. 11 m., sinne 12 jr. 7 m. en die gemiddelde skolastiese ouderdom is 12 jr. 2 m.. Waar hierdie groep voorheen 2 punte onder die norm was is dit nou 4 bokant die gemiddelde volgens die vergelykende profiele op grafiek 3, bl. 109. Leesspoed en sinnebegrip het die meeste gebaat. Die kwosiënte is dan ook vir paragrawe 106, woordeskat 99, leesspoed 101, sinne 107 en die gemiddelde 104. St. 4, kontrolegroep A se V.O. is met die hertoets volgens tabel XXII op bl. 108, 13 jr. 6m.. Die ouderdomme vir paragrawe is 12jr. 2 m., woordeskat 12 jr. 1 m., leesspoed 11 jr. 10 m., sinne 12 jr. 10m. en die gemiddelde skolastiese ouderdom 12 jr. 3 m.. Hierdie groep is soos in April vertraag waar die V.O. en die S.O. vergelyk word. Volgens die vergelykende grafiek 3 op bl. 109 en tabel XXIII, bl. 110, het hierdie groep effens agteruit geboer. Die patroon bly in hoofsaak dieselfde maar die paragrawe, woordeskat en die gemiddelde kwosiënt het gedaal. Die skolastiese kwosiënte is vir paragrawe 90, woordeskat 90, leesspoed 88, sinne 95 en die gemiddelde 91.

TABEL XXII.

Toetsresultate van standerds 4 in September 1957.

	SEUNS OF MEISIES	OUDERDOM-JARE EN MAANDE	NIE-VERBALE I.K.	VERBALE I.K.	TOTALE I.K.	VERSTANDS-OUDERDOM.	PARAGRAWE O.	PARAGRAWE ST.	PARAGRAWE S.K.	WOORDESKAT O.	WOORDESKAT ST.	WOORDESKAT S.K.	LEESSPOED O.	LEESSPOED ST.	LEESSPOED S.K.	SINNE O.	SINNE ST.	SINNE S.K.	SKOLASTIESE O.	SKOLASTIESE ST.	SKOLASTIESE S.K.
ETSGROEP	S.	11.9	99	100	100	11.9	12.7	5.5	107	11.7	4.4	99	11.6	4.3	98	12.7	5.5	107	12.1	4.10	103
	M.	11.10	99	98	99	11.9	12.5	5.3	106	11.10	4.7	101	12.4	5.2	105	12.7	5.5	107	12.2	4.11	104
MIDDELDE		11.10	99	99	99	11.9	12.6	5.4	106	11.8	4.5	99	11.11	4.8	101	12.7	5.5	107	12.2	4.11	104
NTROLEGROEP A	S.	11.7	11.2	11.2	11.3	13.1	11.10	4.7	90	10.10	3.8	83	11.5	4.2	87	13.2	6.0	101	11.10	4.7	90
	M.	11.8	11.6	11.5	11.7	13.8	12.4	5.2	90	12.8	5.6	93	12.0	4.9	88	12.9	5.7	93	12.6	5.4	92
MIDDELDE		11.7	11.5	11.4	11.6	13.6	12.2	5.1	90	12.1	4.10	90	11.10	4.7	88	12.10	5.8	95	12.3	5.0	91
NTROLEGROEP B	S.	11.7	100	97	99	11.5	10.11	3.9	96	10.5	3.3	91	10.10	3.8	95	9.8	2.7	85	10.5	3.3	91
	M.	11.8	102	102	102	11.11	10.10	3.8	91	10.5	3.3	87	10.8	3.6	90	10.4	3.2	87	10.7	3.5	89
MIDDELD		11.7	101	100	100	11.7	10.11	3.9	94	10.5	3.3	90	10.9	3.7	93	10.0	2.11	86	10.6	3.4	91
RM VIR KLAS		12.0	100	100	100	12.0	12.0	4.9	100	12.0	4.9	100	12.0	4.9	100	12.0	4.9	100	12.0	4.9	100

GRAFIEK 3.

Vergelykende profiele van alle st. 4-leerlinge in April en September 1957.

Skolastiese Prestasie.



TABEL XXIII.

Vergelykende tabel vir die verskillende groepe in st. 4.

		OUDERDOM JARE EN MAANDE.	NIE-VERBALE I.K.	VERBALE I.K.	TOTALE I.K.	VERSTANDS-OUDERDOM.	PARAGRAWE S.K.	WOORDESKAT S.K.	LEESSPOED S.K.	SINNE S.K.	GEMIDDELDE SKOLASTIESE S.K.
TOETSGROEP	APRIL	11.4	99	99	99	11.3	104	96	93	100	98
	SEPTEMBER	11.10	99	99	99	11.9	106	99	101	107	104
	VERSKIL						+ 2	+ 3	+ 8	+ 7	+ 6
KONTROLEGROEP A.	APRIL	11.2	115	114	116	12.11	94	93	86	94	92
	SEPTEMBER	11.7	115	114	116	13.6	90	90	88	95	91
	VERSKIL						-4	-3	+ 2	+ 1	- 1
KONTROLEGROEP B.	SEPTEMBER	11.7	101	100	100	11.7	94	90	93	86	91
TOETSGROEP	APRIL						+10	+ 3	+ 7	+ 6	+ 6
VERSKIL OP	SEPTEMBER						+16	+ 9	+13	+12	+13
KONTROLEGROEP A.	VERSKIL						+ 6	+ 6	+ 6	+ 6	+ 7
TOETSGROEP VERSKIL OP KONTROLEGROEP B.	SEPT.						+12	+ 9	+ 8	+21	+13

Die redes waarom die groep moontlik verswak het, wat volgens die Pn. nie 'n juiste, maar 'n oënskynlike verslapping is, sal later na afhandeling van die st. 5-resultate bespreek word. (Kyk na bl. 122).

St. 4, kontrolegroep B, se gemiddelde ouderdom is 11 jr. 7 m. volgens tabel XXII, die I.K. 100 en die V.O. dus ook 11 jr. 7 m.. Die ouderdomme behaal vir paragrawe is 10 jr. 11 m., woordeskat 10 jr. 5 m., leesspoed 10 jr. 9 m., sinne 10 jr. en die gemiddelde 10 jr. 6 m.. Die groep is agterlik waar die K.O. en die S.O. vergelyk word en vertraag waar die V.O. en die S.O. vergelyk word. Die profiel van die klas op grafiek 3, bl. 109, wyk wat vorm betref af van die ander profiele en ook met kontrolegroepe B by st.2, 3 en 5. Die leesspoed is in teenstelling met die ander profiele beter en die sinne weer swakker. Die skolastiese kwosiënte vir paragrawe is 94, woordeskat 90, leesspoed 93, sinne 86 en die gemiddelde 91.

Volgens die vergelykende tabel XXIII op bl. 110, baat die toetsgroep teenoor kontrolegroep A met +2 teenoor -4 ten opsigte van paragrawe, +3 teenoor -3 ten opsigte van woordeskat, +8 teenoor +2 vir leesspoed, +7 teenoor +1 vir sinne en +6 teenoor -1 vir die gemiddelde S.K. Die verskil van die toetsgroep teenoor kontrolegroep B in September toon groot ooreenkoms met die van die toetsgroep en kontrolegroep A in September. Hier baat die toetsgroep met 16 en 12 onderskeidelik teenoor groepe A en B, woordeskat 9 en 9, leesspoed 13 en 8, sinne 12 en 21 en die gemiddelde 13 en 13. Die verhouding in September tussen die werklike st., die V.O. st. en die behaalde st. kom na vore in tabel

TABEL XXVI.

Verhouding van die werklike st. tot die V.O. st. en die behaalde st.in st. 4, September.

Groep	Werklike St.	V.O. St.	Behaalde St. Sept.,1957.	Vertraging in verhouding tot V.O.
Toets-groep.	4, Sept.	4, Junie.	4, Nov.	+ 5 maande
A.	4, Sept.	6, Jan.	5.	-13 maande
B.	4, Sept.	4, April	3, April	-12 maande.

Waar die toetsgroep in April 3 maande vertraag was (Kyk tabel XIII,bl. 80), is hulle nou 5 maande gevorderd. Oor 'n proeftydperk van 5 maande het die toetsgroep 8 maande gevorder bo die normale. Kontrolegroep A bly 13 maande vertraag en Kontrolegroep B is 12 maande vertraag. Kontrolegroepe A en B toon dus heelwat ooreenkoms. Die Toetsgroep toon 'n wins van 18 en 17 maande onderskeidelik op kontrolegroepe A en B.

Tabelle XXIV en XXV op bladsye 113 en 114 gee 'n vergelyking van die taalgebruik en die skolastiese prestasie in April en September. Die toetsgroep het met 2 punte verbeter bo kontrolegroep A wat taalgebruik betref teenoor 'n verbetering van 7 punte ten opsigte van skolastiese prestasie. Die taalgebruiktoets is hoofsaaklik 'n toets van grammatikale kennis wat die kind op skool geleer het. Die Pn. meen dat die 2 punte nie betekenisvol is nie.

Standerd 5.: 'n Analise van die hertoetsresultate van st.5, toetsgroep, tabel XXVII op bl. 115, toon dat die V.O. 13 jr. 1 m. is. Die ouderdomme vir paragrawe is 13 jr. 6 m., woordeskat 12 jr. 10 m., leesspoed 12 jr.

TABEL XXIV.

Vergelykende tabel van taalgebruik en skolastiese prestasie in st. 4 in April 1957.

	SEUNS OF MEISIES	TAALGEBRUIK O.	TAALGEBRUIK ST.	TAALGEBRUIK S.K.	SKOLASTIESE O.	SKOLASTIESE ST.	SKOLASTIESE K.
TOETSGROEP	S.	1110	47	104	111	311	98
	M.	1111	48	105	1011	39	96
Gemiddelde		1111	48	106	11.0	310	98
KONTROLEGROEP A	S.	127	55	100	118	45	93
	M.	1210	58	98	1111	48	91
Gemiddelde		129	57	99	1110	47	92
Toetsgroep verskil op Kontrolegroep A				+ 7			+ 6

TABEL XXV.

Vergelykende tabel van taalgebruik en skolastiese prestasie in st. 4 in September 1957.

	SEUNS OF MEISIES	TAALGEBRUIK O.	TAALGEBRUIK ST.	TAALGEBRUIK S.K.	SKOLASTIESE O.	SKOLASTIESE ST.	SKOLASTIESE K.
TOETSGROEP	S.	12.10	58	110	12.1	4.10	103
	M.	12.10	58	110	12.3	50	104
Gemiddelde		12.10	58	110	12.2	4.11	104
KONTROLEGROEP A.	S.	134	61	102	11.10	47	90
	M.	13.10	65	101	12.6	54	92
Gemiddelde		138	63	101	12.3	50	91
KONTROLEGROEP B.	S.	121	4.10	106	10.5	33	91
	M.	120	49	101	10.7	35	89
Gemiddelde		120	49	104	10.6	34	91
Toetsgroep verskil op Kontrolegroep A.				+ 9			+13
Toetsgroep verskil op Kontrolegroep B.				+ 6			+13.

TABEL XXVII.

Toetsresultate van standerds 5 in September 1957.

	SEUNS OF MEISIES	OUDERDOM JARE EN MAANDE	NIE-VERBALE I.K.	VERBALE I.K.	TOTALE I.K.	VERSTANDS-OUDERDOM.	PARAGRAWE O.	PARAGRAWE ST.	PARAGRAWE S.K.	WOORDESKAT O.	WOORDESKAT ST.	WOORDESKAT S.K.	LEESSPOED O.	LEESSPOED ST.	LEESSPOED S.K.	SINNE O.	SINNE ST.	SINNE S.K.	SKOLASTIESE O.	SKOLASTIESE ST.	SKOLASTIESE K.
ETSGROEP	S.	129	105	103	104	133	136	61	102	1210	58	97	121	410	91	132	60	99	1210	58	97
	M.	129	105	99	102	130	136	61	104	129	57	98	124	52	95	136	61	104	130	510	100
MIDDELDE		129	105	101	103	131	136	61	103	1210	58	98	123	50	94	134	61	102	1211	59	99
NTROLEGROEP A.	S.	128	108	109	109	1310	1410	76	107	137	62	98	142	69	102	148	74	106	144	611	104
	M.	126	111	114	113	142	1310	65	97	138	63	96	142	69	100	141	68	99	1311	66	98
MIDDELDE		127	110	112	112	141	143	610	101	138	63	97	142	69	101	144	611	102	141	68	100
NTROLEGROEP B	S.	1210	109	105	107	139	121	410	88	121	410	88	112	40	81	120	49	87	1110	47	86
	M.	128	112	106	109	1310	134	61	96	126	54	90	126	54	90	129	57	92	129	57	92
MIDDELDE		129	111	106	108	139	129	57	93	124	52	90	1110	47	86	125	53	90	124	52	90
M VIR KLAS		1211	100	100	100	1211	1211	59	100	1211	59	100	1211	59	100	1211	59	100	1211	59	100

GRAFIEK 4.

Vergelykende profiele van alle st. 5-leerlinge in April en September 1957.

Skolastiese Prestasie.



Toetsgroep _____

Kontrolegroep A. _____

Kontrolegroep B. ____ _ ____

Norm. ----------

A = April.

S = September.

TABEL XXIX.

Vergelykende tabel vir die verskillende groepe in st. 5.

		OUDERDOM JARE EN MAANDE	NIE-VERBALE I.K.	VERBALE I.K.	TOTALE I.K.	VERSTANDS-OUDERDOM.	PARAGRAWE S.K.	WOORDESKAT S.K.	LEESSPOED S.K.	SINNE S.K.	GEMIDDELDE SKOLASTIESE K.
TOETSGROEP	APRIL	12.3	105	101	103	12.7	101	96	86	97	95
	SEPTEMBER	12.9	105	101	103	13.1	103	98	94	102	99
	VERSKIL						+ 2	+ 2	+ 8	+ 5	+4
KONTROLEGROEP A.	APRIL	12.2	110	112	112	13.7	103	99	108	104	104
	SEPTEMBER	12.7	110	112	112	14.1	101	97	101	102	100
	VERSKIL						- 2	- 2	- 7	- 2	- 4
KONTROLEGROEP B	SEPTEMBER	12.9	111	106	108	13.9	93	90	86	90	90
TOETSGROEP	APRIL						- 2	- 3	-22	- 7	- 9
VERSKIL OP	SEPTEMBER						+ 2	+ 1	- 7	0	- 1
KONTROLEGROEP A.	VERSKIL						+ 4	+ 4	+15	+ 7	+ 8
TOETSGROEP VERSKIL OP KONTROLEGROEP B.	SEPT.						+10	+ 8	+ 8	+12	+ 9

Hierdie groep is nou baie nader aan die norm as in April. Volgens die vergelykende profiele op grafiek 4 op bl. 116 het die leesspoed en die sinne die meeste gebaat. Die kwosiënte is dan ook vir paragrawe 103, woordeskat 98, leesspoed 94, sinne 102 en die gemiddelde 99. Volgens die vergelykende tabel XXIX op bl. 117 het die paragrawe met 2, leesspoed 8, sinne 5, woordeskat 2 en die gemiddelde kwosiënt met 4 verbeter.

Kontrolegroep A van st. 5 se V.O. is met die hertoets volgens tabel XXVII, bl. 115, 14 jr. 1 m. Die ouderdomme vir paragrawe is 14 jr. 3 m., woordeskat 13 jr. 8 m., leesspoed 14 jr. 2 m., sinne 14 jr. 4m. en die gemiddelde 14 jr. 1 m.. Hierdie groep wat in April gevorderd was is nou normaal. Die vergelykende profiele op grafiek 4, bl. 116, toon dan ook hierdie feit. Die vergelykende tabel XXIX, bl. 117, toon dat paragrawe met 2, woordeskat met 3, leesspoed met 7, sinne met 2 en die gemiddelde met 4 verminder het. Die toetsgroep wen nou op die kontrolegroep A met 4 vir paragrawe, 4 vir woordeskat, 15 vir leesspoed, 7 vir sinne en 8 vir die gemiddelde. Die skolastiese kwosiënte vir paragrawe is 101, woordeskat 97, leesspoed 101, sinne 102 en die gemiddelde 100. Die redes waarom hierdie groep verswak het, word later bespreek (bl. 122).

Kontrolegroep B. van st. 5 se gemiddelde ouderdom is 12 jr 9 m., die totale I.K. 108 en die V.O. 13 jr. 9 m. (Kyk tabel XXVII, bl. 115.). Die ouderdomme vir paragrawe is 12 jr. 9 m., woordeskat 12 jr. 4 m., leesspoed 11 jr. 10 m., sinne 12 jr. 5 m. en die gemiddelde 12 jr. 4 m.. Hierdie groep is heelwat ver-

TABEL XXX.

Vergelykende tabel van taalgebruik en skolastiese prestasie in st. 5 in April 1957.

	SEUNS OF MEISIES	TAALGEBRUIK O.	TAALGEBRUIK ST.	TAALGEBRUIK S.K.	SKOLASTIESE O.	SKOLASTIESE ST.	SKOLASTIESE K.
TOETSGROEP	S.	12.10	58	102	12.0	49	94
	M.	12.10	5.8	102	11.11	48	95
Gemiddelde		12.10	5.8	102	11.11	48	95
KONTROLEGROEP A.	S.	14.1	68	105	14.6	72	108
	M.	13.11	66	102	13.11	66	102
Gemiddelde		14.0	6.7	103	14.2	69	104
TOETSGROEP verskil op KONTROLEGROEP A.				- 1			- 9

TABEL XXXI.

Vergelykende tabel van taalgebruik en skolastiese prestasie in st. 5 in September 1957.

	SEUNS OF MEISIES	TAALGEBRUIK O.	TAALGEBRUIK ST.	TAALGEBRUIK S.K.	SKOLASTIESE O.	SKOLASTIESE ST.	SKOLASTIESE K.
TOETSGROEP	S.	136	61	102	1210	58	97
	M.	135	61	103	130	510	100
Gemiddelde		136	61	103	1211	59	99
KONTROLEGROEP A.	S.	147	73	105	144	611	104
	M.	148	74	104	1311	66	98
Gemiddelde		148	74	104	141	68	100
KONTROLEGROEP B.	S.	129	57	93	1110	47	86
	M.	138	63	99	129	57	92
Gemiddelde		133	60	96	124	52	90
Toetsgroep verskil op Kontrolegroep A.				- 1			- 1
Toetsgroep verskil op Kontrolegroep B.				+ 7			+ 9

paragrawe 93, woordeskat 90, leesspoed 86, sinne 90 en die gemiddelde 90.

Die verhouding van die drie groepe in September ten opsigte van werklike st., V.O. st. en die behaalde st.kom na vore in tabel XXXII.

TABEL XXXII.

Verhouding van die werklike st. tot die V.O. st. en die behaalde st. in st. 5, September.

Groep	Werklike St.	V.O. St.	Behaalde St. Sept.,1957.	Vertraging in verhouding tot V.O.
Toets-groep	5,Sept.	5, Nov.	5,Sept.	-2 maande
A.	5,Sept.	6, Aug.	6,Aug.	0 maande
B.	5,Sept.	6,April	3,Feb.	-14 maande.

Waar die toetsgroep in April (Kyk tabel XV, bl.82) 8 maande vertraag was is die groep nou net 2m vertraag, m.a.w. hierdie groep het 6 maande gewen oor 'n tydperk van 5 maande bo en behalwe die normale vordering. Kontrolegroep A wat 6 maande gevorderd was (Kyk tabel XV, bl. 82) is nou normaal terwyl kontrolegroep B 14 maande vertraag is. Ook hierdie resultate toon soos die voriges dat die proefneming geslaag was.

Tabelle XXX en XXXI op bladsye 119 en 120 toon soos in die geval van die st. 4-leerlinge dat daar geen noemenswaardige verbetering ten opsigte van taalgebruik ingetree het nie. Die taalgebruik by die toetsgroep het met 1 punt verbeter teen oor die 4 op die skolastiese prestasie.

(C) Agteruitgang van Standerds 4 en 5 in Kontrolegroep A.

Gedurende die tweede en die derde kwartaal was die groter leerlinge, in besonder die st. 4- en 5-leerlinge, baie besig met die buitemuurse bedrywighede van die skool. Die seuns het deelgeneem aan voetbal en atletiek terwyl die meisies baie bedrywig was met korfbal en atletiek. Gedurende die derde kwartaal het die skool hom op groot skaal toegespits op die kunswedstryde, en hier is veral die ouer kinders baie ingespan. Vir die st. 4- en 5-leerlinge was daar 2 kore en 2 volkspelegroepe behalwe 'n dertigtal individuele items wat heelwat tyd na skool in beslag geneem het. Dit het dus gebeur met leerlinge in die toetsgroep sowel as in kontrolegroep A dat hulle nie so veel gelees het as wat hulle normaalweg sou gelees het nie. Van die groter toetsgroepleerlinge, het hoewel heelwat meer as voorheen, tog minder in verhouding tot die laer klasse in dié groep gelees. Die huiswerk wat in st. 4 en 5 heelwat meer is as in die laer klasse, stel dus ook groter eise aan die leerlinge se vrye tyd. Pn. meen dat indien die baie buitemuurse bedrywighede heelwat minder eise aan die leerlinge se vrye tyd gestel het, kontrolegroep A in st. 4 en 5 die vertraging, wat nie noemenswaardig is nie, nie sou ondervind het nie. Pn. meen dan ook dat die toetsgroep in st. 4 en 5 nog beter sou presteer het.

(L) Ontoereikende Norme.

Hier moet die Pn. konstateer dat die ouderdoms- en standerdekwivalente wat van die roupunte herlei moes word in geen geval, behalwe vir die taalgebruik-toetse toereikend is nie. Die leerlinge van al drie groepe het die maksimum roupunt wat aanvanklik deur die Transvaalse Onderwysdepartement verskaf is, oorskry sodat die Pn. grafies die hoër ouderdoms- en standerdekwivalente moes vasstel. In sekere gevalle het enkele st.2-leerlinge en 'n hele paar st.3-leerlinge in hulle elementêre toetsreeks die st. 10, November-grens oorskry, m.a.w. hierdie leerlinge se prestasie kon nie in alle gevalle korrek weergegee word nie. Waar leerlinge hoër as st. 10,November gepresteer het, kon alleen die maksimum van st. 10, November aan hulle toegeken word. Die leerlinge se eie gemiddelde en ook die klas se gemiddelde is dus in sekere gevalle effens laer as wat dit werklik is.

Die Pn. wil die mening uit dat die gestandaardiseerde norme alleen absoluut geldig kan wees vir die jaar waarin dit opgestel is. Onderwysomstandighede, leesmetodes en geleenthede om te lees, en geleenthede om woordeskat uit te bou wissel van tyd tot tyd en moet die norme beïnvloed.

Tabel XXXIII gee 'n verspreiding van toetse waarin die leerlinge hoër as st. 10, November gepresteer het. (Kyk tabel XXXIII, bl. 124).

In st. 2 was daar gesamentlik in vier toetse die maksimum oorskry. Dit was leerlinge in die kontrole-groepe A en B.

In st. 3 was daar in April in drie toetse en in

TABEL XXXIII.

Verspreiding van toetse waarin st.5-leerlinge hoër as st. 10, November gepresteer het.

GROEP	ST.	MAAND	PARA-GRAAF	WOORDE-SKAT	LEES-SPOED	SINNE	TOTAAL	TOTAAL TOETSE
Toets-groep	5	Apr.	1		1	2	4	116
		Sept	2		2	3	7	116
A	5	Apr.	3		11	12	26	172
		Sept.	3	1	9	15	28	172
B	5	Apr.	-	-	-	-	-	-
		Sept.	3	1	2	7	13	192

In st. 4 was daar net in een toets die maksimum oorskry en hier wel by kontrolegroep B.

In st. 5 bemerk ons dat by kontrolegroep A in April 15% en in September 16% van die aantal toetse die maksimum **oorskry het.** In kontrolegroep B het 7% van die totale aantal toetse die maksimum oorskry. By die toetsgroep het 3% in April en 6% in September die maksimum oorskry. Uit bogaande tabel kan dus afgelei word dat, in sekere groepe hierdie norms wat nie vir die prestasie bo die maksimum kan voorsiening maak nie, die gemiddelde in sekere toetsreekse soos leesspoed en sinne in n st. 5 hoër is as wat weerspieël word deur die gegewens.

---

9. FINALE GEVOLGTREKKINGS.

Keer ons terug na die uitgangspunt van hierdie verhandeling soos gestel op bl.53, dan kom die vraag vanself na vore: Wat het die ondersoek opgelewer t.o.v.

1(a) woordeskatverbetering;

(b) verbetering van algemene leesvermoë; en

2 die invloed van veelvuldige lees op woordeskat-uitbreiding in die algemeen.

T.o.v. 1(a) en (b) kan ons die volgende konstateer uit die gegewens:

1. Daar is geen noemenswaardige verskil tussen seuns en meisies in die verskillende klasse wat betref leesvermoë soos weerspieël in paragraafbegrip, sinsbegrip en leesspoed nie en ook geen verskil wat betref woordeskat soos weerspieël in die toets oor woordeskat nie, volgens die volgende tabel.

TABEL XXXIV.

Vordering in die onderskeie toetse deur elke standerd in die toetsgroep volgens die kwosiënte.

STANDERD	2	3	4	5	Totaal
PARAGRAWE: Seuns	20	18	3	2	43
Meisies	15	18	4	3	40
Gemiddelde	18	17	2	2	39
WOORDESKAT: Seuns	7	9	6	2	22
Meisies	6	7	5	3	19
Gemiddelde	7	8	3	2	20
LEESSPOED: Seuns	13	16	7	6	42
Meisies	14	16	12	10	51
Gemiddelde	13	16	8	8	45
SINNE: Seuns	5	13	4	2	24
Meisies	10	2	11	9	34
Gemiddelde	8	8	7	5	28
TOTAAL VAN GEM.	46	49	20	17	132
GEMIDDELDE	11	12	6	4	33

2. Die grootste vordering was ten opsigte van leesspoed 45, paragraafbegrip 39, sinsbegrip 28 en woordeskat 20 soos blyk uit die gegewens van tabel XXXIV.

St. 2 en st. 3 het die meeste gebaat deur die proefneming. St. 2 het 12 maande gevorder bo die normale gang (kyk tabel XVII, bl. 101);
st. 3 16 maande (kyk tabel XXI, bl. 106);
st. 4 8 maande (kyk tabel XXVI, bl. 112); en
st. 5 6 maande (kyk tabel XXXII, bl. 121).

(a) Uit die bevindings is dit baie duidelik dat veelvuldige lees en woordeskatuitbreiding defnitiewe, positiewe resultate lewer.

(b) So 'n program het meer waarde in st. 2 en st. 3 as in st.4 en st. 5.. Die Pn.wil die mening uitspreek dat die st. 2-3-leerlinge eers ontdek dat hy onafhanklike leeswerk kan doen en dat hy dan op daardie stadium van gewaarwording dan ook die grootste vordering maak.

(c) St. 2 en 3 was aanvanklik meer vertraag in paragraafbegrip as in sinsbegrip en maak die grootste vordering in paragraafbegrip, behalwe leesspoed waar daar meer gevorder is.

(d) Die woordeskatvermoë het ook baie toegeneem hoewel dit nie heeltemal deur die resultate weerspieël word nie. Die groot verbetering in paragraafbegrip, sinsbegrip en leesspoed is 'n bewys daarvan, want 'n uitgebreider woordeskat en beter woordherkenning is nodig vir die groot verbetering ten opsigte van lees.

2. T.o.v. die invloed van veelvuldige lees op woordeskatuitbreiding in die algemeen kan ons die volgende konstateer uit die gegewens:

(a) Dit is nie moontlik om die waarde van lees te oorskat as 'n skoolvak of as 'n aktiwiteit buite die klaskamer nie.

(b) Tydens die proefneming is van 'n aanvullende leesboek, tydskrifte, koerante en biblioteekboeke gebruik gemaak. Dit wil dus voorkom dat daar meer leesstof nodig is om groter verskeidenheid van leerervaringe te bied.

(c) Die vordering van die st. 2- en st.3-leerlinge was die grootste volgens tabel XXXIV, bl.125. Dit blyk hieruit dat veelvuldige en onafhanklike lees so vroeg moontlik in die standerds op die laer skool aangemoedig moet word sodat 'n goeie lees- en woordeskatbasis gelê word.

(d) In die eksperiment het die proefleerlinge behalwe die veelvuldige stillees ook gereeld hardop gelees. Beide stillees en hardoplees moet aandag geniet.

(e) Op bl. 72 is dit gestel dat die nodige belangstelling, behoorlike stimulering en die gewenste inspirasie van die kant van die Pn. baie daartoe bygedra het om die leerlinge se belangstelling te verhoog. Die onderwyser moet 'n stimulerende atmosfeer skep om die kind se belangstelling en denke te prikkel. Die leerlinge moet aangemoedig en geprys word.

(f) Soos met die proefneming is dit gewens dat 'n verskeidenheid hulpmiddels en metodes aangewend word om groter leesvermoë en 'n ryker woordeskat te bekom.

(g) Deurgaans was gepoog om die woord in sy sinsverband of met sy betekenis aan te leer. Dit blyk dus dat woordeskatuitbreiding altyd gesien moet word as 'n onderdeel van die probleem van leesonderrig. Woordeskat is 'n middel om betekenis aan lees te gee.

(h) Gedurig was getrag om die leerlinge so veel moontlik die geleentheid te bied om die inhoud van die gelese stof weer te gee. Pn. meen dat dit nodig is dat die leerlinge gereeld en vryelik gesels, meedeel, dramatiseer of die inhoud van die leesstof weergee. Dan word die woord eers waarlik die eiendom van die kind sodra hy dit ook mondeling aangewend het.

(i) Daar is gepoog om woorde in verskillende situasies te gebruik. Dit blyk dus dat nuwe woorde op enige paslike plek en tyd ingespan moet word totdat dit die leerlinge se eiendom word. Die kind leer dan die woord met al sy betekenisnuanses.

(j) Leerlinge se woordeskat is in ooreenstemming met Seegers en Seashore se bevinding groter as wat ons dink. Dit blyk ook uit die doeltreffende aanwending van woordelyste wat eintlik saamgestel is vir leerlinge vanaf st. 6 tot st. 10. Opvoeders behoort dus steeds die woordeskat van hulle leerlinge te verryk sonder om bang te wees dat die kind ooreis sal word, en dien ten gevolge die uitbreiding daarvan beperk.

(k) Die toetsgroep en kontrolegroep A het verskil ten opsigte van gemiddelde I.K. en klasprestasie. Pn. meen dat waar daar gedifferensieerde onderwys is soos in die huidige geval daar groter kans tot sukses is.

(l) Dit is nodig dat die leerlinge se vermoë van tyd tot tyd gemeet word. Gestandaardiseerde toetse vervul 'n belangrike plek in die leesprogram en dien as basis vir verhelpingsonderrig.

(m) Waar daar twee uur elke week aan elke klas gewy is om hierdie resultate te verkry, ontstaan die vraag of die hele proefneming van praktiese waarde is. Die Pn. meen dat met inagneming van voorgaande gevolgtrekkings die volgende wenke, tot groot voordeel, tydens die daaglikse werkprogram in aanmerking geneem kan word:

(i) Die ontwikkeling van lees moet op alle terreine in die laer skool plaasvind, in die rekenkundeles, by die inhoudsvakke en selfs by die leerling se persoonlike belangstellingsfeer. Onvermoë in die inhoudsvakke kan toegeskryf word aan vertraging in die basiese vermoë van onafhanklike lees. Woordelyste eie aan elke vak en belangstellingsfeer kan sonder baie tydsbesteding in die loop van die tyd saamgestel word.

(ii) Daar behoort gereeld oor kort periodes oefengeleentheid te wees vir woordeskatuitbreiding.

(iii) Daar behoort in die laer klasse baie geleentheid te wees vir woordherkenning deurmiddel van onderrig om woorde, frases en gedrukte simbole uit te ken.

(iv) Die leesstof, soos in die eksperiment, moet aanpas by die kind se vermoë en belange, want dit wek belangstelling en geesdrif vir lees.

(v) Al die sintuie moet ingespan word. Daar behoort dan aandag gegee te word aan die volgende stappe in die kind se gebruik van 'n nuwe woord: Hoor, sien, sê en gebruik.

(vi) Die waarde van 'n omvangryke woordeskat behoort steeds by die kinders beklemtoon te word deur hulle aan te moedig om baie te lees.

---

10. SLOTOPMERKINGS.

Tydens die eksperiment het **sekere** vrae hulle aan die proefnemer opgedring wat ondersoek verg:-

(1) In die onderhawige geval is die leerlinge verdeel in prestasiegroepe en die swakste groep is mee geëksperimenteer. Die vraag doen hom voor of leerlinge met 'n hoër I.K. nie vinniger sou vorder met dieselfde program nie?

(2) Dit is uit die resultate bevind dat die laer klasse groter vordering toon in paragraafbegrip terwyl die hoër standerds weer groter vordering in sinsbegrip getoon het. Sou hierdie verskynsel algemeen wees en kan daar dan sprake wees van 'n verskil in benadering en ontwikkeling in die verband by leerlinge van verskillende leeftye?

(3) Dit kan uit die resultate van hierdie proefneming nie bepaal word watter invloed woordeskatuitbreiding en watter invloed die veelvuldige lees afsonderlik gehad het nie. Die twee aspekte vorm tot 'n groot mate 'n eenheid, maar dit sou tog wel sy waarde hê om die spesifieke waarde van die een of ander te bepaal.

(4) Skoolervaring speel vermoedelik 'n steeds toenemende rol in die uitbreiding van woordeskat teenoor die kind se persoonlike ervaring. Wat is die verhouding van die twee aspekte op verskillende leeftye?

(5) Die St. 2- en St. 3-leerlinge het onder die huidige omstandighede die grootste vordering getoon.

Sou dit waar wees dat die leerlinge onder alle omstandighede sodra hulle begin selfstandig lees die grootste onmiddelike vordering toon en later meer geleidelik vorder?

(6) Na aanleiding van Seegers, Seashore, Yoakam, Thorndike, e.a. se ondersoekinge sou dit ook wenslik wees dat hier in Suid-Afrika wetenskaplik vasgestel word wat die Afrikaanse kind se woordeskatvermoë is op sekere leeftye?

BIBLIOGRAFIE.

A. BOEKE.

1. Barnes, A.S.V.: Afrikaanse Grammatika en Taalkunde vir Afrikaanssprekende Leerlinge (st's. VI -X). Nasionale Pers Beperk; 1945.

2. Beery,A.: Development of Reading Vocabulary and Word Recognition (hoofstuk) in National Society for the Study of Education, Yearbook XLVIII, Part II.

3. Bingle, H.J.J. en Potgieter, G.J.: Studies oor die Godsdiens op Skool. Pretoria, J.L. van Schaik, Bpk.: 1947.

4. Coetzee, J.Chr. en Bingle, H.J.J.: Beginsels en Metodes van die Middelbare Onderwys. Pretoria, J.L. van Schaik, Bpk.; 1947.

5. Gates, A.I.:(a) The Improvement of Reading. A Program of Diagnostic and Remedial Methods. New York, MacMillan Co.; 1954.

(b) The Measurement and Evaluation Of Achievement in Reading (hoofstuk) in National Society for the Study of Education, Yearbook 36.

6. Gray, W.S.: The Relation between Study and Reading, Proceedings of the National Education Association, 57: Washington; 1919.

7. Gray, W.S. and Holmes,E.: The Development Of Meaning Vocabulary in Reading (aanhaling) uit National Society for the Study of Education, Yearbook XLVIII.

8. Gray, W.S.: Reading as a means in the process of Learning,(hoofstuk) in National Society for the Study of Education, Yearbook XLVIII.

9. Greene, H.A.,Jorgenson,A.N. and Gerberich, R.J.: Measurement and Evaluation in the Elementary School. New York, Longmans Green and Co., Inc.; 1952.

10. H.M.S.O.: The teaching of English in England, Report of Departmental Committee. London; 1921.

11. Jordan, A.M.: Measurement in Education. An Introduction. New York, McGraw-Hill Book Coy.; 1953.

12. Judd, C.H. and Buswell, G.T.: Silent Reading: A Study of various types, (artikel) in National Society for the Study of Education, 24th Yearb.,

13. McCall, W.A.: (a) How to Experiment in Education. New York, MacMillan Co.; 1930.
(b) Measurement. New York, MacMillan Co.; 1949.

14. McKee, P.: (a) Language in the Elementary School. Spelling, Composition, and Writing. Massachusetts, Houghton Mifflen Co.; 1934.
(b) Vocabulary Development, (hoofstuk) in National Society for the Study of Education, 36th Yearbook.
(c) Reading and Literature in the Elementary School. Boston, Houghton Mifflen, Co.; 1934.

15. Nelson, M.J.: Tests and Measurements in Elementary Education. New York, The Cordon Co.; 1939.

16. Newburn, H.K.: The Relative Effect of Vocabulary drill on Achievement in American History, (artikel) in National Society for the Study of Education, Yearbook 36.

17. Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing : Gestandaardiseerde Toetse. Handleiding. Pretoria, Staatsdrukker; 1954.

18. Olckers, P.J. en Katzke,JJ.: Rekenkunde vir Almal.

19. Report of the National Committee on Reading: National Society for the Study of Education, 24 th Yearbook; 1925.

20. Seegers, J.C.: Special tools that facilitate expression, (hoofstuk)in National Society for the Study of Education, 43 rd Yearbook, Part II.

21. Smith, D.V.: Literature and Personal Reading, (hoofstuk) in National Society for the Study of Education, Yearbook XLVIII.

22. Steyn, H.A.: Moedertaal Onderwys, Daeraad Reeks.

23. Torgerson, J.L. and Adams, G.S.: Measurement and Evaluation for the Elementary School Teacher, with implications for Corrective Procedures. New York, Dryden Press ; 1954.

24. Transvaalse Onderwysdepartement : Voorgestelde Leerplanne vir Grade - Standerd VIII. Pretoria, Staatsdrukker ; 1948.

25. Trabue, M.R.: The use of the Dictionary, (hoofstuk) in National Society for the Study of Education, 36 th Yearbook ; 1937.

26. West, M.: Bilingualism; with special reference to Bengal Calcutta, India Bureau of Education. Occasional Report No. 13.

27. Woodberry, G.E.: The Appreciation of Literature, (hoofstuk) in National Society for the Study of Education ; 1922.

28. Yoakam, G.A.: Reading and Study. New York, MacMillan Co.; 1928.

B. TYDSKRIFTE.

1. Agnew, D.C.: The Effect of varied amounts of Phonetic Training on Primary Reading, (aangehaal) deur A. Beery in National Society for the Study of Education, Yearbook XLVIII.

2. Gray, W.S.: Importance of Intelligent Silent Reading, (artikel) in Elementary School Journal, Vol 24; Jan. 1924.

3. Horne, E. and McBroom M.: A Survey of the Course of Study in Reading, (artikel) in University of Iowa Extension Bulletin, soos aangehaal deur Greene, Jorgenson and Gerberich.

4. Jacobson and Van Dusen : Remedial Instruction in Reading in the Ninth Grade, (artikel) in School Review, Vol 38 ; Feb. 1930.

5. McCullough, C.M. and Strang, R.M., and Traxler, A.E.: Problems in the Improvement of Reading, (opsomming) Journal of Experimental Psychology, Vol. 38: March 1947.

6. McCullough, C.M.: The Recognition of Context Clues in Reading,(aangehaal) deur A. Beery in National Society for the Study of Education, Yearbook XLVIII.

7. Meighen, M.: Vocabulary Building, (artikel) in Grade Teacher, Vol.71: 58; Feb. 1954.

8. Onderwysburo, Transvaalse Onderwysdepartement, Bulletin Vol.1 Nr. 2. ; Junie 1956.

9. Pei,M.: All About Language, (boekbespreking) in High Points, Vol. 37: 4 ; April 1955.

10. Pressey and Pressey: Training College Freshman to Read, (artikel) in Journal of Educational Research, Vol. XXI ; March 1930.

11. Seashore, R.H.: The Importance in Learning Language Skills, (artikel) in Elementary English, Vol. 25; March 1948.

12. Seegers, J.C. and Seashore, R.H.: How large are Children's Vocabularies ? (Opsomming) deur W.S. Gray in Journal of Educational Research, Vol. XLIII: 6; Feb. 1950

13. Smith, N.B.: Shall we teach Phonics (artikel) in El. English, Vol.XX ; Feb., 1943.

14. Tyndall, R.B.: Vocabulary Building in the Primary Grades, (artikel) in Grade Teacher, Vol. 68; Feb., 1951.

15. Thorndike, E.L.: Improving the Ability to Read, (artikel) in Teachers College Record, Vol. 36; Oct., 1934.

16. Wilson, E.: Specific Teaching Of Silent Reading, (artikel) in Elementary School Journal, Vol. 22; 1921.

17. Yoakam, G.A.: The Place of Textbooks in Children' s Reading, A Report of the fourth Annual Conference on Reading, University of Pittsburgh; 1949.

BYLAE I.

BAIE WOORDE DEUR EEN VERVANG.

(a) Name van Persone.

'n Persoon wat kinders op skool leer, is 'n .....

'n Persoon wat 'n winkel het, is 'n .....

'n Persoon wat die sterre bestudeer, is 'n .....

'n Persoon wat bandiete oppas, is 'n .....

'n Persoon wat kaartjies op die trein ondersoek, is 'n .....

'n Persoon wat in dieselfde klas as jy is, is jou .....

'n Persoon wat kwaaddoen, is 'n .....

'n Persoon wat sonder werk is, is 'n .....

'n Persoon wat nie ouers het nie, is 'n .....

'n Persoon wat wild skiet, is 'n.....

'n Persoon wat foto's neem, is 'n .....

'n Persoon wat in 'n motor sit, is 'n .....

'n Persoon wat aan 'n tafel sit, is 'n .....

'n Persoon wat rondry om firmas te verteenwoordig, is 'n .....

'n Persoon wat groot brugge, damme, ens. bou, is 'n .....

'n Persoon wat met lood en pype werk, is 'n .....

'n Persoon wat diere bestudeer, is 'n .....

'n Persoon wat boeke skryf, is 'n .....

'n Persoon wat die geldelike sake van 'n vereniging waarneem, is die .....

'n Persoon aan wie geld verskuldig is, is 'n .....

'n Persoon wat geld aan ander skuld, is 'n .....

'n Persoon wat die skuld vir iets gegee word, is die.....

'n Persoon wat oorloop na die vyand toe, is 'n .....

'n Persoon wat gedurig net oor een onderwerp praat.....

'n Persoon wat 'n saak of ander persoon verlaat, is 'n ....

'n Persoon wat Gods woord aan die barbare verkondig, is 'n .....

'n Persoon wat met vakansie gaan, is 'n

Die persoon wat verantwoordelik is vir die opvoering van 'n toneelstuk, is die .....

'n Persoon wat motors, meubels, fietse, ens. maak, is 'n ..

'n Persoon wat sleutels en slotte maak, is 'n .....

'n Persoon wat mense onthoof, is 'n .....

'n Persoon wat jy ken, is 'n .....

'n Persoon wat na 'n prokureur gaan om raad, is sy.....

'n Persoon wat jou in 'n kafee of op 'n trein met voedsel en drank bedien, is 'n .....

'n Persoon wat huise optrek, is 'n .....

'n Persoon wat 'n saak in die hooggeregshof verhoor, is 'n .

'n Persoon wat 'n saak in die laer hof verhoor, is 'n .....

'n Persoon wat iets in die strate verkoop, is 'n .....

'n Persoon wie se vrou dood is, is 'n .....

'n Persoon wat medisyne, poeier, salf, ens. verkoop is 'n .

'n Persoon wat op troue staan, is 'n .....

Die persoon wat die kollekte insamel in die kerk, is 'n ..

'n Persoon wat perde beslaan, is 'n .....

'n Dame wat baie ligte hare het, is 'n .....

'n Persoon wat 'n vliegtuig bestuur, is 'n .....

'n Persoon wat goed opveil op 'n vandisie, is 'n .....

'n Persoon wat baie goed kan swem, is 'n .....

   (*a*) skottel (*b*) bottel (*c*) blompot

   (*d*) bak (*e*) bord..... ( )

4. **Blameer** beteken.....

   (*a*) beskuldig (*b*) vergewe (*c*) verskoon

   (*d*) straf (*e*) stilmaak..... ( )

5. 'n **Gevangene** is 'n.....

   (*a*) prisonier (*b*) vyand (*c*) tronk

   (*d*) loseerder (*e*) kuiergas..... ( )

6. 'n **Aardbewing** is 'n.....van die aardkors.

   (*a*) vertoning (*b*) skudding (*c*) instorting

   (*d*) verspoeling (*e*) sinking..... ( )

7. **Ruig** beteken.....

   (*a*) dun (*b*) yl (*c*) digbegroei

   (*d*) lank (*e*) uitgerek..... ( )

8. 'n Mens is **onbeleefd** as hy nie.....het nie.

   (*a*) baie geld (*b*) 'n mooi voorkoms (*c*) goeie maniere

   (*d*) 'n goeie betrekking (*e*) 'n lang lewe..... ( )

9. 'n **Parasiet** is 'n.....

   (*a*) present (*b*) sambreel (*c*) gifstof

   (*d*) dier of plant wat op 'n ander leef (*e*) soort voël..... ( )

10. **Ontstaan** beteken.....

    (*a*) begin (*b*) opstaan (*c*) regop kom

    (*d*) hard werk (*e*) ophou..... ( )

11. 'n **Onderskeid** is 'n.....

    (*a*) laag (*b*) verskil (*c*) verdeling

    (*d*) opstel (*e*) afsondering..... ( )

23. **Welgeskape** beteken.....

(*a*) baie ryk (*b*) goed opgevoed
(*c*) tevrede (*d*) sonder liggaamsgebrek
(*e*) aangenaam..... ( )

24. **Toegeneë** beteken.....

(*a*) goedgesind (*b*) genaakbaar (*c*) afgunstig
(*d*) aandagtig (*e*) vasgewerk..... ( )

25. **Bemiddelend** optree beteken.....

(*a*) geld weggee (*b*) presente uitdeel
(*c*) probeer vrede maak (*d*) moed gee
(*e*) skade aandoen..... ( )

26. **Isegrimmig** beteken.....

(*a*) nukkerig (*b*) dom (*c*) vies
(*d*) haatdraend (*e*) agterdogtig..... ( )

27. **Tweedrag** beteken.....

(*a*) 'n klomp (*b*) dubbel (*c*) rusie
(*d*) sterk (*e*) afsonderlik..... ( )

28. **Naasagter** beteken.....van agter af.

(*a*) eerste (*b*) tweede (*c*) derde
(*d*) vierde (*e*) laaste..... ( )

29. **Brak** beteken.....

(*a*) bitter (*b*) suur (*c*) stukkend
(*d*) effens sout (*e*) lelik..... ( )

30. **Seëvier** beteken.....

(*a*) opstaan (*b*) geluk (*c*) voorspel
(*d*) oorwin (*e*) vergewe..... ( )

31. **Wederkerig** beteken.....

(*a*) terugkom (*b*) die tweede keer (*c*) opnuut
(*d*) van albei kante (*e*) nog 'n keer..... ( )

32. Iemand **ontnugter** beteken hom.....

(*a*) dronk maak (*b*) om die lewe bring
(*c*) kwaad maak (*d*) uit sy waantoestand bring
(*e*) slegsê..... ( )

33. **Omvangryk** beteken.....

(*a*) onderstebo (*b*) rond (*c*) onbeleefd
(*d*) gering (*e*) uitgebreid..... ( )

34. **Uitmuntend** beteken.....

(*a*) baie sleg (*b*) sonder geld (*c*) baie arm
(*d*) baie goed (*e*) sonder hoop..... ( )

45. **Konvensioneel** beteken.....

(*a*) gebeurlik (*b*) gebruiklik (*c*) gevaarlik
(*d*) onmoontlik (*e*) begeerlik..... ( )

46. 'n **Strofe** is 'n.....

(*a*) versie van 'n gedig (*b*) lang riem (*c*) swaar straf
(*d*) musiekstuk (*e*) paar reëls..... ( )

47. **Liberaal** beteken.....

(*a*) liggelowig (*b*) vrysinnig (*c*) astrant
(*d*) bekrompe (*e*) losbandig..... ( )

48. **Deurlugtig** beteken.....

(*a*) vernaam (*b*) koel (*c*) groot en ruim
(*d*) klein (*e*) deurskynend..... ( )

G.P.-S.134347—1955-6—15,000.

Vorm A. **N.B. 54.**

Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing.

STILLEESTOETS.

(Spoed: Junior.)

1. Naam..... (Van / Eerste voornaam / Orige voorletters)
2. Seun of Dogter (Onderstreep)
3. Vandag se datum...../...../19.....
4. Geboortedatum...../...../19.....
5. Ouderdom...../..... (Jaar / Maande)
6. Watter taal praat jy die beste?.....
7. In watter standerd is jy?.....
8. Naam van jou skool.....
9. Naam van stad, dorp of distrik.....
10. Toetsafnemer.....

VOORBEELD.

Die mis hang laag oor die stat van Goengoebele. Die dag begin net breek en dis koud. Kalipi en sy drie neefs slaap nog rustig onder hul warm karosse in die hut naby die hek van die beeskraal. 'n Ouerige man kom die hut binne en trek die (velle, karosse, lakens, klere) van hulle af.

„ Opstaan, opstaan, julle laatslapers!" roep hy.

Slaperig maak hulle een na die ander hul oë oop en kyk verleë na hul oom Makoeloe.

„ Wat is dit (Pa, Ma, Oom, Neef)?" vra Kalipi.

„ Ek wil hê julle moet ou Doeboeloemanzi gaan skrik maak. Die ou praat mos altyd van oorlog en voorbodes. Vat jul spiese en skilde en kruip stilletjies uit die (dorp, stat, hut, kraal) uit na die ou se hut onder langs die rivier en omsingel dit. Sodra ek die teken gee, begin julle skree en op jul skilde slaan en net soveel lawaai maak as julle kan, maar pasop dat hy julle nie sien nie!"

Laggend gryp die vier stuks hul (klere, komberse, wapens, hoede) en verdwyn in die skemerte.

(Wag totdat aan jou gesê word om om te blaai.)

Getal woorde reg	
Getal woorde gelees	
Persentielrang (Ouderdom)	
Persentielrang (Standerd)	

VOOROEFENING.

In die halwe kring wat deur die hutte gevorm word, brand 'n helder vuur waarom Goengoebele, die kaptein, met sy raadsmanne en 'n vyftiental kinders vergader is. Goengoebele is besig om raaisels te vra en die jongspan luister aandagtig.

„ Ek het iets wat met sy bek eet, maar sodra dit die kos verteer het, kom dit weer uit sy bek uit. Wat is dit?" vra die (raadsman, kaptein, seun, vrou).

Almal dink hard. Skielik spring Kalipi, die jongste seun van die kaptein, op en roep opgewonde uit: „ Ek weet, ek weet!"

„ Ja, wat is dit?" vra Goengoebele belangstellend.

„ Dis 'n pot," antwoord (Daboeloe, Kala, Kalipi, Goengoebele). „ Mens sit die kos in die pot, en as dit klaar gekook is, haal jy dit weer uit."

„ Kalipi is wakker," sê die seun se oom aan Doeboeloemanzi, 'n kort, vet mannetjie wat langs hom sit.

„ Ja," antwoord Doeboeloemanzi, „ En ons sal een van die dae (lui, dom, vet, wakker) seuns nodig hê om ons te verdedig."

„ Jy praat bog," sê die ou raadsman.

„ Goengoebele, ons kaptein, is oud: hy het nie meer lus vir oorlog nie."

Doeboeloemanzi skud sy kop.

„ Ons kaptein is (jonk, oud, vet, lui), ja, maar wat van die Zoeloes? Hulle sê dat Tjaka sy impi's wyd en syd uitstuur om te moor en te plunder. Ons mense het besittings van groot waarde en Tjaka sal ons nie oorslaan nie."

„ Jy's (oud, vet, gek, reg), Doeboeloemanzi. Ons bly hier in die berge ver van Tjaka se land af. Hoe sal hy ons ooit kry?"

„ Ons bly ver, ja," antwoord Doeboeloemanzi beslis, „ maar Tjaka se impi's is sterk, en Tjaka is dronk van al die bloed. Vanaand toe ek hiernatoe kom, het 'n sekretarisvoël voor my oor die pad geloop en sy vlerke op die grond gesleep. Dis 'n slegte teken. Pasop vir (spoke, oorlog, droogte, siekte)."

(Wag totdat aan jou gesê word om om te blaai.)

leeus, buffels) net woedender gemaak. Hulle bekke het begin skuim en dit het gelyk of hulle enige oomblik by die hek sou uitbars. Sigini het brandende stompe uit die vuur geruk en die beeste daarmee van die hek af verwilder, maar hulle het geensins (gerus, gebulk, bedaar, gevreet) nie en herhaaldelik probeer om oor die muur te klim. Die lawaai was oorverdowend.

Toe weerklink daar skielik bokant die gebulk van die beeste, die gebrul van 'n tiental hongerige leeus en Sigini en sy helpers moes net rondspring om vure om die kraal aan die brand te kry om die (beeste, leeus, honde, vyand) af te skrik.
Die gebrul van die leeus het die beeste darem 'n bietjie laat bedaar."

Doeboeloemanzi bly 'n oomblikkie stil om asem te skep en sy keel met 'n bietjie water nat te maak, en ewe onskuldig vra Kala, een van die seuns:

„ En jy, o vader, waar was jy toe die leeus so begin brul? "

Die ander lag, maar (Goengoebele, Mgadi, Sigini, Doeboeloemanzi) antwoord ongeërg, „ Soos 'n verstandige man het ek dadelik in 'n boom geklim om beter te kan sien wat aangaan. Ek het darem gou begin wens dat ek liewer vroeër huis toe gegaan het, want af en toe het 'n leeu vlak onder die (venster, muur, boom, krans) gebrul, sodat ek amper uitgeval het.

Teen dagbreek het die leeus weggegaan, en net voor sonop het ek uit die boom geklim. Die beeste het weer begin bulk, maar hulle was moeg en uitgeput. Ek het my nie gehaas nie, want ek was moeg en nog (nuuskierig, skrikkerig, bly, opgewonde) om leeus raak te loop. Toe ek 'n entjie van Sigini se kraal af was, het ek weer 'n leeu hoor brul en haastig in 'n boom geklim. Gelukkig was dit 'n wilde vyeboom en ek besluit toe om maar 'n bietjie te slaap totdat die (maan, sterre, son, leeu) hoog sit. Ek was moeg en het dadelik aan die slaap geraak.

Hoe lank ek geslaap het, weet ek nie, maar eindelik het die voetstappe van baie manne my wakker gemaak. Ek het maar een oog, maar gelukkig nog twee ore en voordat ek uit die (huis, boom, hut, pad) kon kom, hoor ek dat dit Zoeloes is. Haastig het ek weer hoër opgeklim en hulle dopgehou en tot my verbasing sien ek dat Sigini en Kwatama by die Zoeloes is. Kort op hul hakke volg die Mgadibeeste en daarna 'n sestal jong meidjies, met hul arms agter die rug vasgemaak.

Toe was alles vir my duidelik. Die (beeste, Zoeloes, toordokter, leeus) het ons stat aangeval en om te verhoed dat die toorbeeste ons waarsku, het die verraaiers, Sigini en Kwatama, hulle gesteel en weggevoer.

Toe kraak daar 'n takkie agter my. Ek het dadelik platgeval en versigtig rondgekyk en na 'n rukkie het ek 'n man gesien wat, net soos ek, besig was om die (beeste, Zoeloes, kinders, verraaiers) dop te hou. Ek het hom dadelik herken as 'n lid van die Batoekastam. Na 'n rukkie het die spioen weggekruip en ek het ook padgegee, want ek het geweet dat hy sy mense gaan roep om die Zoeloes aan te val. Ek was bly, want nou was ek seker dat ons vyande totaal uitgeroei sou word."

G.P.-S.4049—1950-1—30,000. S. **N.B. 48.**

Vorm A.

NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE NAVORSING.

STILLEESTOETS.

(Sinne: Junior.)

Naam.....

Jongetjie/Meisie.....

Ouderdom.....jaar.....maande.

Geboortedatum.....

Standerd.....

Skool.....

Vandag se datum.....

VOOROEFENING.

1. **Die standerd-ses-klas sien baie uit daarna dat die skool weer moet begin, want hulle kry 'n nuwe onderwyseres en, omdat hulle gehoor het dat sy baie gaaf is, is almal nuuskierig om haar te sien.**

   Die kinders wil baie graag hê dat die skool weer moet begin omdat.....

   (*a*) die vakansie te lank is
   (*b*) hulle graag wil leer
   (*c*) hulle graag die nuwe juffrou wil sien
   (*d*) hulle verlang na hul ou onderwyseres
   (*e*) hulle graag na 'n nuwe klas wil gaan..... ( )

2. **Om van 'n rotspunt af vyftien, twintig voet deur die lug af te duik en op sy vier pote op 'n plekkie van skaars tien vierkante duim veilig te land, kan maar net deur die klipbokkie, wat skaars twintig duim hoog is, gedoen word.**

   Dit sê dat die klipbokkie.....

   (*a*) baie goed kan spring (*b*) vinnig kan hardloop
   (*c*) net tien duim hoog is (*d*) ver kan sien
   (*e*) dikwels van kranse afval..... ( )

Werklike punte	
Skaalpunte	
Leesouderdom	
Leesstanderd	

(Wag totdat aan jou gesê word om om te blaai.)

1. **In die middel van 'n graskol lê twee stelle inmekaargevlegte horings, die grusame gevolg van 'n woeste onverbiddelike tweegeveg tussen twee gespierde koedoebulle wat in die hitte van die stryd hul horings so vas inmekaar geslaan het, dat hulle nie vanmekaar kon loskom nie en van honger, dors en uitputting saam omgekom en van die toneel verdwyn het.**

   Dit sê dat die twee koedoebulle.....

   (*a*) deur leeus gevang en opgevreet is

   (*b*) mekaar so beseer het dat altwee dood is

   (*c*) deur jagters doodgeskiet is

   (*d*) se horings so inmekaar vasgehaak het dat hulle nie weer kon loskom nie

   (*e*) deur jonger en meer gespierde bulle doodgemaak is..... ( )

2. **Daar het lank twyfel bestaan oor hoe die koning-rooibekkies hul nessies maak, totdat ons uitgevind het dat hulle glad nie nessies maak nie, maar hul eiers in die neste van ander voëls lê, wat dit uitbroei en die kleintjies grootmaak.**

   Dit sê dat die koning-rooibekkies.....

   (*a*) glad nie eiers lê nie

   (*b*) hul nessies baie goed wegsteek

   (*c*) hul eiers deur ander voëls laat uitbroei

   (*d*) ander voëls doodmaak om hul nessies te kry

   (*e*) baie mooi nessies maak..... ( )

3. **Nadat die twaalfjarige klein Petrus Terblanche se ouers albei aan malaria oorlede is, het hy, self half waansinnig van die koors, die Kalaharie ingevlug en by 'n klompie Boesmans beland met wie hy twee jaar lank soos een van hulle saamgeleef het, totdat 'n boer hom eendag gevind en huis-toe geneem het.**

   Toe Petrus Terblanche by die Boesmans beland het, het hulle hom.....

   (*a*) byna vermoor (*b*) twee jaar lank gevange gehou

   (*c*) versorg en by hulle laat bly (*d*) weggejaag die woestyn in

   (*e*) gaan wegbring huistoe..... ( )

4. **Hoewel die os baie selde as rydier gebruik word, en as trekdier nie so vinnig soos 'n perd is nie, was hy deur die eeue heen 'n onontbeerlike besitting van ons voorouers wat vir hulself 'n tuiste moes ontdek en beskaaf, want juis vanweë sy stadigheid, gepaard met sy byna onuitputlike krag en uithouvermoë, was hy by uitstek geskik om swaargelaaide waens die berge uit te sleep en die ploeg deur die aarde te trek.**

   Dit sê dat die os.....

   (*a*) vir ons voorouers nie van soveel waarde was as die perd nie

   (*b*) te stadig is vir 'n trekdier

   (*c*) nie soveel uithouvermoë soos 'n perd het nie

   (*d*) nie geskik is om swaar vragte te trek nie

   (*e*) as gevolg van sekere eienskappe baie goed aan ons voorouers se doel beantwoord het..... ( )

9. **Ek het gedrink die gal van die lewe om naderhand te kan smaak die geur van die roos.**

Die skrywer sê dat hy_____

(*a*) nog nooit gelukkig was nie
(*b*) altyd swaargekry het
(*c*) die lewe eers kon geniet na baie swaarkry
(*d*) baie van blomme hou
(*e*) vroeër baie gedrink het..... ( )

10. **Aangesien Napoleon Bonaparte, die man wat Frankryk op die voorgrond laat tree het, Italiaans-Korsikaanse ouers gehad het deur wie Frankryk as onderdrukker beskou is, het hy aanvanklik die Franse vuriglik gehaat en dit was eers nadat hy na 'n militêre skool in Frankryk gestuur is, waar hy gesien het watter kanse daar vir hom in die Franse leër was, dat hy sy haat versaak en begin poog het om hul beste soldaat te word.**

Napoleon het opgehou om die Franse te haat omdat_____

(*a*) hulle hom so onderdruk het
(*b*) hy graag 'n pos in die Franse leër wou beklee
(*c*) hy die land leer liefkry het
(*d*) sy ouers hom geleer het om hulle lief te hê
(*e*) hy uitgevind het dat sy ouers verkeerd was in hul opvattings.. ( )

11. **Waar ernstige gevolge op spinnekopbyt gevolg het, moes dit veroorsaak gewees het deur 'n besmetting van die wond deur kieme wat op die giftande aanwesig was en gedurende die bytproses in die bloedstroom oorgedra is, want, hoewel daar nie volkome sekerheid bestaan nie, het studie bewys dat net van een soort spinnekop beweer kan word dat sy byt noodlottig vir die mens is vanweë die werking van die gif self.**

As 'n spinnekopbyt ernstige gevolge het, kan ons byna altyd seker wees dat dit veroorsaak is deur_____

(*a*) die gif van die spinnekop
(*b*) die feit dat die persoon so groot geskrik het
(*c*) kieme op die persoon se vel
(*d*) onreinheid op die spinnekop se tande
(*e*) onverstandige behandeling..... ( )

12. **Omdat Suid-Afrika so arm is aan inheemse bome het Jan van Riebeeck reeds ses jaar na sy aankoms aan die Kaap 'n plakkaat uitgevaardig om die kap van hout te beperk en sedert daardie tyd is verdere maatreëls herhaaldelik getref om die gebruik van hout te beheer en die vernieling van die bome in die bosryke dele van ons land aan bande te lê.**

Dit het van die begin af noodsaaklik geblyk dat in Suid-Afrika_____

(*a*) meer bome geplant moet word
(*b*) die uitroei van bome voorkom moet word
(*c*) hout nie vir brandstof gebruik moet word nie
(*d*) hout alleen in bosryke dele gekap moet word

17. **„ As ek moet kies of ek sal, soos 'n lig**
Wat een vir eenmaal uitgeblaas word, sterf,
Of na my dood weer van bewussyn erf,
En weer van aangesig tot aangesig
My lewe oor herhaal; weer menseplig
Aanvaar en weer, wat mense kan, bederf;
Weer spartel, ly, weer menslik swoeg en swerf,
Weer na gewoonte en reël my in te rig—
Dan kies ek sonder aarseling en beslis
Om uitgeblaas te word, om te vergaan,
En op te gee wat nuwe lewe skink,
Tevrede as my gedagtenis
Nog by een vriend of meer sal bly bestaan,
En liefde soms my lewe nog herdink."

Die digter sê dat hy verkies om_____

(*a*) vir goed te sterwe en geen nagedagtenis te laat nie
(*b*) na sy dood weer 'n nuwe lewe in te gaan
(*c*) sy lewe weer opnuut te begin
(*d*) vir goed te sterwe mits mense hom met liefde onthou
(*e*) vir oulaas nog sy vriende en bemindes te sien..... ( )

18. **Die seun het nòg verskoning gevra vir sy skaamtelose oortreding van die skoolreëls, nòg 'n bevredigende rede vir sy gedrag aangevoer.**

Dit sê dat die seun_____

(*a*) baie skaam was oor wat hy gedoen het
(*b*) verskoning gevra het, maar nie kon sê waarom hy oortree het nie
(*c*) gesê waarom hy oortree het, maar nie om verskoning gevra het nie
(*d*) nie 'n woord wou sê oor sy daad nie
(*e*) nie geweet het waarom hy die reëls oortree het nie..... ( )

19. **Die eerste taal wat die koloniste in Suid-Afrika gepraat het, was Nederlands van die sewentiende eeu, natuurlik met klein dialektiese verskille omdat hulle nie almal uit dieselfde streek in Nederland afkomstig was nie, en baie van die woorde en uitdrukkinge wat vandag as tipies Afrikaans beskou word, omdat hulle nie in die standaardtaal van Nederland voorkom nie, vind ons terug in die sewentiende eeuse Nederlands of in een of ander Nederlandse dialek.**

Baie uitdrukkinge wat ons as tipies Afrikaans beskou_____

(*a*) het in Suid-Afrika ontstaan
(*b*) het nooit in Nederlands voorgekom nie
(*c*) kom in die standaardtaal van Nederland voor
(*d*) is uit ander Europese tale afkomstig
(*e*) is op een of ander tyd reeds in Nederlands gebruik..... ( )

20. **Soos die windjie wat suis oor die velde,**
Met die geure van lente bevrag—
is die hoop wat kom fluister van arbeid en stryd,
en die sege wat wag.
Soos die dorre geruis van die najaar
van blare wat val en vergaan—
die verwytende stem van geleentheid verspeel,
en dade wat sterf—ongedaan.

Die digter sê dat_____

(*a*) die lente mooier is as die najaar
(*b*) alleen hoop 'n mens gelukkig maak
(*c*) 'n mens ook maar sal vergaan net soos die blare

G.P.-S.6926—1951-2—30,000. S.
(Rekw. N.B.—21/9/51.)

N.B. 77.

Vorm A.

Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing.

AFRIKAANSE TAALGEBRUIKSTOETS.

(JUNIOR.)

Naam .....

Jongetjie/Meisie .....

Ouderdom.....jaar.....maande.

Geboortedatum.....

Skool.....Standerd .....

Vandag se datum.....

VOOROEFENINGE.

A. In die volgende sinne is daar leestekens weggelaat. Maak 'n kruisie waar elke leesteken moet kom en skryf dan die leesteken duidelik tussen die hakies aan die end van die sin.

(1) „ Hoe oud is jy ?" vra die oom. ( )

(2) Skielik roep Jan: Kom gou hier ! ( )

B. In die volgende sin is 'n woord uitgelaat. Onderaan die sin is daar vyf verskillende maniere om daardie woord te spel; net een is reg. Kies die een wat reg gespel is en skryf sy nommer tussen die hakies aan die kant.

Ek was verlede week twee————afwesig.

1. daae 2. daë 3. da
4. dae 5. daeë ( )

C. In hierdie toets moet die tweede sin so na as moontlik dieselfde beteken as die eerste. Soek die geskikste woorde om in die oop plekke te pas en skryf hulle op die stippellyn aan die kant. Onthou elke strepie stel **net een** woord voor.

Hy het sy fiets spotgoedkoop verkoop.

Hy het sy fiets vir 'n ————en 'n————verkoop. .....

D. In die volgende sin is daar 'n woord of sinsnede wat nie op die beste plek in die sin staan nie. Onderstreep daardie woord of sinsnede en maak 'n kruisie waar dit behoort te kom.

Ek hou van die dogtertjie se rok wat daar loop.

AFDELING 1 (A).

In elkeen van die volgende sinne is daar 'n woord wat met 'n hoofletter behoort geskrywe te word. Trek twee strepies onder daardie letter en skryf dan die letter tussen die hakies langs die sin. Onthou, daar is in elke sin **net een** woord wat jy van 'n hoofletter moet voorsien.

Voorbeeld.

Daar is baie myne in johannesburg. (J)

1. Elke saterdag en elke vakansiedag gaan hy bioskoop-toe. ( )
2. Jan het as 'n gewone klerk begin en is vandag bestuurder van die tak van die standaardbank op ons dorp. ( )
3. Baie veeboere, op besoek in Pretoria, het hul opwagting by president Kruger se huis gemaak. ( )
4. Ek het vir kersfees 'n mooi digbundel van my moeder gekry. ( )
5. 'n ou man het vir Jaap se oom kom kuier. ( )
6. Die Suid-amerikaanse stede is bekend vir hul kleurvolle nasionale feeste. ( )
7. Ek lees net een koerant en dit is die *Vaderlandse pos.* ( )
8. Weens siekte sal minister E. C. Steyn nie die jaarlikse sitting van die volksraad kan bywoon nie. ( )
9. Die Middellandse see is vir baie Europese lande van groot betekenis. ( )
10. Die Suid-Afrikaanse party was op 'n tyd die sterkste politieke party in die land. ( )

AFDELING 1 (B).

In die volgende sinne is daar leestekens weggelaat. Maak 'n kruisie waar elke leesteken moet kom en skryf dan die leesteken duidelik tussen die hakies aan die end van die sin.

Voorbeelde.

(*a*) Jan$_x$Piet en Klaas kom by ons kuier. (,)

(*b*)$_x$Waar is jou boek?^{x} vra die onderwyser. („ ")

1. „ Wie woon in daardie huis " ( )
2. „ Hoeveel pennies is daar in 'n sjieling " ( )
3. „ Goeie genugtig " roep Pa uit. ( )
4. Dit reent baie in die Boland ( )
5. Staan of ek skiet ! beveel die sersant. ( )
6. Hy het weer hulp gekry al het hy nie daarom gevra nie. ( )
7. Wat toe gebeur het is 'n geheim. ( )
8. „ Sannie bring vir my 'n koppie koffie ", se haar pa. ( )

AFDELING 2 (A).

Kies uit die vier woorde die woord wat die beste in die sin sal pas en skryf sy nommer tussen die hakies langs die sin.

Voorbeeld.

Die hekkie was so [(1) skraal, (2) nou, (3) eng, (4) dun] dat die kruiwa nie daar kon deurgaan nie. (2)

1. Jy het my 'n groot diens [(1) bewys, (2) gelewer, (3) gedoen, (4) gegee] deur my huis gedurende my afwesigheid op te pas. ( )
2. As gevolg van 'n ongeluk is sy been nou [(1) mismaak, (2) gebreklik, (3) misvormd, (4) gebrekkig]. ( )
3. Sy [(1) geruste, (2) vreedsame, (3) kalme, (4) passiewe] optrede by die brand het baie gehelp om paniek te voorkom. ( )
4. Iemand het my 'n [(1) gebod, (2) offer, (3) belofte, (4) aanbod] van vyfhonderd pond vir my motor gemaak. ( )
5. Hoewel die dogtertjie gewoonlik skaam is, is sy [(1) vrypostig, (2) vrymoedig, (3) voorbarig, (4) astrant] genoeg om voor die gehoor te sing. ( )
6. Die [(1) middelmatige, (2) gemiddelde, (3) alledaagse, (4) bemiddelde] lengte van 'n vrou is vyf voet vier duim. ( )
7. Die merk aan sy gesig het sy voorkoms heeltemal [(1) vermink, (2) bederf, (3) mismaak, (4) geskend]. ( )
8. Voor elke verkiesing is daar altyd 'n veldtog om stemme [(1) te versamel, (2) in te win, (3) te behaal, (4) te werf]. ( )

AFDELING 2 (B).

In hierdie toets moet die tweede sin van elke paar so na as moontlik dieselfde beteken as die eerste. Soek die geskikste woorde om in die oop plekke te pas en skryf hulle op die stippellyn aan die kant. Onthou elke strepie stel **net een** woord voor.

Voorbeelde.

(*a*) Hy praat baie min. woorde
Hy is 'n man van min————.

(*b*) Jy het jou lelik vergis. bal misgeslaan
Jy het die———— ————.

1. Ek sal dit waardeer as jy my kom besoek.
Ek sal dit op———— ————as jy my kom besoek. .....
2. Sy het my geen sekerheid oor die saak gegee nie.
Sy het my aan 'n ————gehou. .....
3. Jy moet dadelik hier kom.
Jy moet————die————hier kom. .....
4. Hy eet asof hy nie lus het vir die kos nie.
Hy eet met———— ————. .....
5. Hulle het op hom afgekom terwyl hy besig was met kwaad doen.
Hulle het hom op ———————— ————. .....
6. Ek moes die werk doen, al wou ek nie.
Ek moes die werk ——— ———en————doen. .....
7. Hy het tot op die laaste oomblik gewag.
Hy het tot op die————gewag. .....

5. Na 'n lang soektog het ons eintlik op die regte plek gekom. _____

6. Die ruiters het almal nuwe sale op hul perde. _____

7. Dit is Jan se stoel wat jy op sit. _____

8. My oë is so swak dat ek brille moet dra. _____

AFDELING 3 (A).

In elkeen van die volgende sinne is een of twee woorde uitgelaat. Skryf die woorde wat in die oop plekke moet kom op die stippellyn langs elke sin. Onthou elke strepie stel **net een** woord voor.

Voorbeelde.

(*a*) Ek sit ————die stoel. op

(*b*) Hy spring————die trap————. van af

1. Hy het————my rug van my kwaad gepraat. _____

2. Jy moet presies————tienuur hier wees. _____

3. Ek sal nie vandag————kantoor wees nie. _____

4. Hy kla gedurig————hoofpyn. _____

5. „Wat gesels julle?" „Ons praat sommer————wat gister gebeur het." _____

6. Ek het hom gewaarsku————die gevaar. _____

7. Ek is nie bang om————'n leer deur te loop nie. _____

8. 'n Jaghond loop————sy baas————en sal nooit vooruit hardloop nie. _____

AFDELING 3 (B).

Skryf die regte vorm van die woorde tussen hakies op die stippellyn langs elke sin. Indien jy dink dat die woorde tussen hakies heeltemal reg is, moet jy hulle netso oorskryf.

Voorbeelde.

(*a*) Piet sê jy hoef dit nie (doen) nie. te doen

(*b*) Hierdie huis (verlede jaar bou). is verlede jaar gebou

(*c*) Ek het hom nie gister (verwag) nie. verwag

1. Verlede jaar (kan) ek die werk nie doen nie. _____

2. My ma (gelukwens my) op my verjaarsdag. _____

3. Ek het gekom (jou help). _____

4. Omdat die gewigte verkeerd was, het ons die mielies (oorweeg). _____

Doeboeloemanzi kyk die vier knape voor hom ondersoekend aan.

„ Julle het seker nie meer vleis nie," sê-vra hy.

„ Nee, o akkeldiseter, dis al wat ons gehad het," antwoord hulle. „ Vertel nou vir ons jou verhaal."

„ Nouja, daardie nag het ek weer 'n nare (pyn, droom, gevoel, kramp) gehad. Ek het 'n groot slang by my hut sien inkom. Hy het sy kop hoog opgetel om te pik. Die afskuwelike bek was reg bokant my gesig. Ek kon nie roer nie. Eindelik skrik ek met 'n benoude gil wakker. Ek was toe vas oortuig daarvan dat die geeste van my vaders my teen (siekte, droogte, gevaar, luiheid) kom waarsku het. Skielik hoor ek voetstappe buite. Ek gryp my spies en kruip uit die hut uit. En wie dink julle was dit? Niemand anders as Kwatama, die toordokter, nie. Dit het my nog vaster laat glo dat daar gevaar dreig, en stilletjies het ek die (akkeldis, slang, koei, toordokter) gevolg, alhoewel ek baie bang was.

'n Endjie van Goengoebele se stat af het Kwatama gaan staan. Ek het ook dadelik in my spore verstyf en geluister. Eers het ek net my hart hoor klop: doef, doef. Toe hoor ek 'n ander geluid wat stadig nader kom, en na 'n rukkie kom 'n man met tien beeste uit die (lig, donker, huis, rivier) te voorskyn. Regoor Kwatama gaan hy staan. Die toordokter kyk hom kwaai aan en sê: „ Ja die beeste na die stat van Sigini. Die beeskraal is leeg. Ja hulle daarin en maak die hek goed toe. Pas hulle op en as een probeer uitbreek, maak hom dood. Onthou as een (man, vrou, hond, bees) ontsnap, sal jy met jou lewe daarvoor boet."

Die man ja die beeste aan na Sigini se stat toe en toe hy by my verby kom sien ek dat dit een van Goengoebele se beeswagters is. Met 'n kloppende hart het ek agter die bos bly lê totdat die (honde, hoofman, toordokter, klonkie) verdwyn het, en toe die beeste gevolg. Ek kon nie verstaan wat aan die gang was nie. Wou Kwatama en Sigini die beeste steel? Of wou Goengoebele hulle op hierdie eienaardige wyse vir een of ander weldaad vergoed?

By Sigini se kraal aangekom, het die wagter die (skape, bokke, perde, beeste) in die kraal geja en die hek toegemaak. By die gedagte aan die verhaal wat ek aan ons kaptein kon gaan vertel, het ek stilletjies gelag, en wou net omdraai huis toe, toe een van die beeste skielik begin bulk. Dadelik breek daar 'n woedende (gebulk, geveg, geskel, gehuil) los, en toe herken ek hul stemme. Dit was die Mgadi, die toorbeeste van Goengoebele. Onderwyl hul nog woedend bulk, het die beeste op die hek afgestorm en probeer uitbreek. Sigini

Ek is haastig terug na die stat toe, maar dit was totaal verwoes en tot op die grond afgebrand. Dadelik het ek besluit om die (verraaiers, beeste, kinders, Zoeloes) te volg en te sien waarheen hulle gaan. Miskien sou ek ook 'n kans kry om 'n paar van hulle dood te maak. Waarom ek dit gedoen het, weet ek nie. Ek was mal van woede en wou wraak neem. Bo alles wou ek daardie twee verraaiers straf. Aan gevaar het ek nie gedink nie en die (impi, pad, leiers, kinders) op 'n veilige afstand gevolg.

Daardie nag het ek weer in 'n groot boom geslaap uit vrees vir wilde diere. Ek was baie honger en moeg en het gou aan die slaap geraak. Toe (sien, hoor, droom, sê) ek die Zoeloes veg en eindelik is hulle almal met 'n fyn wit stof bedek. Hulle word swak en val een na die ander neer. Toe maak die gehuil van 'n jakkals my wakker. Ek het weer ingesluimer en oor-en-oor dieselfde droom gehad. Toe het ek geweet dat 'n groot onheil (my, ons stat, die Zoeloes, Sigini) sou tref.

Toe die dag breek was die lug toegetrek en het 'n yskoue wind gewaai. Dadelik het ek geweet wat die droom beteken. Die geeste van my vaders het my weer gewaarsku. Daardie hele dag het ek die spoor van die (jakkals, leeus, beeste, bokke) gevolg en teen die aand by 'n grot gekom. Ek was teen dié tyd al byna dood van die koue en besluit toe om daar te oornag. Ek het hout bymekaar gemaak en op 'n bynes afgekom wat vol heuning was. Dit het my (dors, verlange, vermoeidheid, honger) gestil en daarna het ek met groot moeite 'n vuur aan die brand gekry. Daardie nag het dit begin kapok en twee dae lank het dit so aangehou. In my hart het ek gelag. Die trotse Zoeloes het uit 'n warm land by die see gekom en nie die sneeustorms geken nie. Hulle sou dit nie lank kon uithou nie. Een na die ander sou hulle van (hitte, koue, honger, dors) sterf.

Toe die son weer uitkom het ek in die rigting waarin ek die Zoeloes laas sien gaan het, geloop. Die grond was diep onder die (gras, see, sneeu, sand) bedek, en dit was moeilik om vooruit te kom. Die volgende dag was die sneeu al gesmelt en toe het ek op klompies-klompies Zoeloes afgekom. Hulle het bymekaar onder hulle skilde gelê, maar almal was verkluim van die koue. Dit was 'n verskriklike gesig, maar ek was bly. Die geeste van ons voorouers het ons op die Zoeloes gewreek. Nou kon die geeste van ons vrouens, broers en kinders, wat deur die wreedaards (gevang, gesteel, vermoor, geboei) is, rus.

Met groot moeite het ek die spoor van die impi gevolg en uiteindelik op die oorblywendes in 'n beskutte vallei afgekom. Hulle was besig om vleis te braai en nie ver daarvandaan nie het nog ses van die (Sigini, Kwatama, Mgadi, Zoeloe) beeste gewei. Die kinders kon ek nêrens sien nie, maar Kwatama en

5. **Die onlangse berging by Quoin-punt van die City of Lincoln, 'n moderne vragskip van 8,039 ton, was 'n ongeëwenaarde prestasie, nie alleen wat Suid-Afrika betref nie, maar ongeëwenaard in die bergingsgeskiedenis van die wêreld, omdat hier vir die eerste keer 'n skip wat geheel en al op lug gedryf het, vlot gemaak en na 'n veilige hawe gesleep is.**

Dit sê dat die City of Lincoln.....

(*a*) die eerste skip was wat in Suid-Afrikaanse waters geberg is

(*b*) die moeilikste bergingstaak in die geskiedenis opgelewer het

(*c*) die grootste skip is wat nog ooit geberg is

(*d*) die eerste skip is wat met behulp van lug alleen geberg is

(*e*) die grootste skip is wat suid van die ewenaar geberg is..... ( )

6. **Hoewel die vuurwapens wat ons voorouers na Suid-Afrika gebring het, volgens huidige standaarde as baie primitief beskou kan word, het hulle, afgesien van hul doeltreffendheid in vergelyking met die pyl en boog van die inboorlinge, die gewenste uitwerking gehad as gevolg van die ontsag wat hulle by laasgenoemde ingeboesem het.**

Dit sê dat ons voorouers se wapens.....

(*a*) nie veel beter was as die inboorlinge s'n nie

(*b*) nie veel verskil het van die moderne wapens nie

(*c*) van groot waarde was vanweë die vrees wat die inboorlinge daarvoor gekoester het

(*d*) eintlik meer 'n beslommernis as 'n verdedigingsmiddel was

(*e*) baie min indruk op die inboorlinge gemaak het..... ( )

7. **Omdat vetplante vir hulself water opgaar vir tye van droogte sou hulle blootgestaan het aan uitroeiing deur mens en dier, wat ook onderhewig is aan dieselfde waterskaarste waarvoor die vetplant voorsiening maak, indien die natuur hulle nie toegerus het met beskermingsmiddels in die vorm van venynige dorings en onaangename smake nie.**

Vetplante besit dorings of 'n slegte smaak.....

(*a*) om hulle te beskerm teen versamelaars

(*b*) om te verhoed dat diere hulle vreet terwille van die water wat hulle opgaar

(*c*) om mense en diere te verhinder om op hulle te trap

(*d*) omdat dit hulle bestand maak teen droogtes

(*e*) sodat hulle nie so maklik raakgesien kan word nie..... ( )

8. **Die besoeker wat in Lourenco Marques iets koop, moet liefs nie in Uniemunt betaal nie, want, aangesien die Portugese munt in baie kleiner eenhede opgedeel is as die van die Unie, is dit nie altyd moonlik om die prys van 'n artikel na 'n juiste bedrag in Uniemunt te herlei nie, met die gevolg dat 'n benaderde prys, wat altyd in die guns van die verkoper is, vasgestel word.**

Die besoeker wat in Lourenco Marques met Uniemunt wil betaal.....

(*a*) se geld word nie aangeneem nie

(*b*) verloor meesal op die transaksie

(*c*) kry meer waarde vir sy geld

13. **Hoewel die Afrikaner in die republikeinse dae 'n diepgewortelde afkeer van die krygsdiens as beroep gehad het en geen pogings om hom te dissiplineer of te regimenteer wou duld nie, kan daar gewoonlik tog genoeg manne gevind word om die artilleriekorps in vredestyd aan die gang te hou.**

Dit sê dat die Afrikaners in die ou dae_____

(*a*) graag soldate wou wees (*b*) geen geduld gehad het nie

(*c*) baie van oorlog gehou het (*d*) baie dapper was

(*e*) niks van die leër gehou het nie..... ( )

14. **Waar dames enkele jare gelede alleen met kosbare juweelstukke windmakerig kon wees, spog nooientjies met beperkte inkomstes tans met net soveel fynheid van smaak met versiersels wat die vernuftige mark aanbied, want juweliersware, wat binne die bereik van selfs die laagsbesoldigde is, word vandag met dieselfde nou-keurigheid van smaak vervaardig as kosbaarhede waarvan die prys drie syfers beloop.**

Dit sê dat enigeen vandag mooi juwele kan dra omdat_____

(*a*) die meeste mense tans meer verdien as voorheen

(*b*) daar vandag goedkoop dog mooi juwele gemaak word

(*c*) die moderne dames beter smaak aan die dag lê

(*d*) die prys van edelgesteentes baie gedaal het

(*e*) duur juwele nie meer in die mode is nie..... ( )

15. **Geil lusern in die laagste landjie,**
Geil groen blare en blomme blou;
Aalwyn rooi op die voorste randjie;
Rooi soos bloed teen die rotse grou;
Somer en son en saffier daarbowe;
Ruik van keurbos rondgesprei;
Kort klein skaduwees oor die klowe;
Somer en son en saffier vir my.

Die digter beskryf hier_____

(*a*) 'n sonnige dag in die winter (*b*) 'n somerdag op 'n plaas

(*c*) sy blomtuin in die somer (*d*) 'n somerdag in die stad

(*e*) die skoonheid van die lente..... ( )

16. **Op sy oë vertrou die renoster nie; om hulle te beskerm teen die takke en bosse waarin hy lewe, het die natuur sy oë so klein as moontlik gemaak—dog toe was daar nog geen witmense om teen te waak nie, want, hoewel die knoestige dikhuid met 'n ysterwerkgestel, sy ondeurdringbare vel, en die skerp horing waaragter die krag van 'n stormram sit, elke gevaar verag, en sy gehoor en reukorgane bowendien tot 'n verbasende fynheid ontwikkel is, blyk hy tog nie teen die lis van die mens opgewasse te wees nie.**

Hoewel die renoster baie goed toegerus is vir selfverdediging, is hy_____

(*a*) baie lafhartig

(*b*) baie bang vir witmense

(*c*) nie gevaarlik om te jag nie

(*d*) nie in staat om hom teen die mens te verdedig nie

(*e*) 'n baie dom dier..... ( )

AFDELING 1 (C).

In elkeen van die volgende sinne is 'n woord uitgelaat. Onder elke sin is daar vyf verskillende maniere om daardie woord te spel; net een is reg. Kies die een wat reg gespel is en skryf sy nommer tussen die hakies aan die kant.

Voorbeeld.

Die————bly in die berge.

(1) bobejane (2) bobijane (3) bobbijane
(4) bobbejane (5) bobbejaane (4)

1. Hulle het 'n————gebruik om die groente mee aan te ry.
(1) waantjie (2) waëntjie (3) waaintjie
(4) waentjie (5) waientjie ( )

2. Ons was lank saam maar van vandag af loop ons————uiteen.
(1) wee (2) weeë (3) weë
(4) weëe (5) wë ( )

3. Die————het die skaapdief gevang.
(1) poeliesie (2) poliesie (3) polisie
(4) poelisie (5) polliesie ( )

4. Die kabouter————sit op 'n silwer troon.
(1) koningkie (2) koningtjie (3) koninkie
(4) konikie (5) koningjie ( )

5. Die————is so nou dat twee mense nie langs mekaar kan stap nie.
(1) paaitjie (2) paaidjie (3) paatjie
(4) padjie (5) paadjie ( )

6. Moenie glo wat Jan sê nie; hy is 'n gebore————.
(1) leunaar (2) leuenaar (3) leenaar
(4) luenaar (5) leeunaar ( )

7. ————is skape wat goed in Suid-Afrika aard.
(1) Merinoes (2) Merino's (3) Merinos
(4) Merieno's (5) Merienos ( )

8. 'n Mens vind die ou gewoontes nog dikwels op————plase.
(1) verafgelee (2) vêrafgeleë (3) verafgelëe
(4) vêrafgelee (5) verafgeleë ( )

9. Die dwergie het 'n lang swart————aangehad.
(1) maneletjie (2) manneletjie (3) mannelletjie
(4) manelletjie (5) maneltjie ( )

10. Na 'n goeie————het hy die vrugtediewe huis-toe gestuur.

AFDELING 2 (C).

Die antwoord op elkeen van die volgende vrae is een woord. Lees elke vraag noukeurig deur en skryf die antwoord op die stippellyn aan die kant.

Voorbeelde.

(*a*) Vervang die woorde tussen hakies deur een goeie by-voeglike naamwoord: (wat nie gekook is nie) kos. ..... rou .....

(*b*) Wat noem 'n mens die skerp beentjies in 'n vis? ..... grate .....

(*c*) Gee een goeie werkwoord vir: wilde diere in die veld skiet. ..... jag .....

1. Gee een goeie werkwoord vir: met die kop na onder in die water spring. .....
2. Gee een goeie werkwoord vir: agter iemand se rug van hom kwaad praat. .....
3. Vervang die woorde tussen hakies deur een goeie byvoeglike naamwoord: 'n (wat nie dronk is nie) persoon. .....
4. Vervang die woorde tussen hakies deur een goeie byvoeglike naamwoord: (wat lank genoeg aan die boom gebly het om eetbaar te wees) vrugte. .....
5. Wat noem 'n mens die spil waarom 'n wiel draai? .....
6. Gee een goeie werkwoord vir: 'n mak dier doodmaak met die doel om hom te eet. .....
7. Vervang die woorde tussen hakies deur een goeie byvoeglike naamwoord: 'n (wat onhandig is in sy bewegings en maklik oor sy eie voete val) kind. .....
8. Vervang die woorde tussen hakies deur een goeie byvoeglike naamwoord: (waarin plante goed groei) grond. .....
9. Wat noem 'n mens die instrument waarmee die temperatuur in 'n plek gemeet word? .....
10. Gee een goeie werkwoord vir: iemand iets slegs toewens. .....
11. Wat noem 'n mens 'n yster-smidsblok om metale op te hamer? .....
12. Wat noem 'n mens 'n plegtige belofte aan God? .....

AFDELING 2 (D).

In elkeen van die volgende sinne is 'n woord of uitdrukking wat verkeerd gebruik word. Onderstreep daardie woord of uitdrukking en skryf die regte vorm daarvan op die stippellyn langs die sin.

Voorbeelde.

(*a*) Ek moet om vyfuur 'n trein vang. ..... haal .....

(*b*) Dit is die seun waarmee ek gepraat het. ..... met wie .....

1. Daar gaan die klok, ons moet hardloop. .....
2. Die stadsaal was daardie aand pragtig opgelig. .....

6. Na die taai wedstryd het ons span (seëvier). _____

7. Ek (sal gekies word) as ek teenwoordig was. _____

8. Jy moes nie gisteraand so laat gekom het nie want jy (behoort te weet) dat ek vroeg wou gaan slaap. _____

AFDELING 3 (C).

Skryf die regte vorm van die woord tussen hakies op die stippellyn langs die sin. As jy dink die woord tussen hakies is heeltemal reg, moet jy dit netso oorskryf.

Voorbeelde.

(*a*) Pas op vir die (glad) klippe. gladde

(*b*) Ons perde is baie (vet) as julle s'n. vetter

1. Ons moes die hele nag alleen in die (donker) huis deurbring. _____

2. Hulle is baie (gaaf) mense. _____

3. Die laken is van (eg) ingevoerde linne gemaak. _____

4. Hy is nou baie (doof) as wat hy 'n jaar gelede was. _____

5. Ek lag nie vir so'n (laf) grap nie. _____

6. Hierdie dogter is nou baie (verspot) as wat sy voorheen was. _____

7. Die vergadering is agter (sluit) deure gehou. _____

8. Die man praat (gebreek) Afrikaans. _____

AFDELING 3 (D).

In elkeen van die volgende sinne is daar 'n woord of sinsnede wat nie op die beste plek in die sin staan nie. Onderstreep daardie woord of sinsnede en maak 'n kruisie waar dit behoort te kom.

Voorbeelde.

(*a*) Hy het die hond geslaan met 'n sweep.x

(*b*) Ek het xgister na skool hom by die rivier gesien.

1. Ek het 'n man op 'n perd sien verby ry met 'n bruin jas aan.
2. Dit het nie lank geduur of hy was by ons nie.
3. Ons het gesien hoe 'n stiervegter die wreedaardige bul, met 'n rooi mantel aan, stormloop.
4. Dit is nie maklik om 'n bok uit die vuis te skiet wat hardloop nie.
5. Hy het verneem dat sy hond dood is met leedwese.
6. Jan het laat weet dat hy, sodra die skool uitkom, aanstaande Vrydag plaastoe kom.
7. Asseblief kom help my met hierdie stuk hout; ek kan dit nie oplig nie.